


1982173351



U.O.V.S. - BIBLIOTEEK
198217335101220000019

198217335101220000019

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

TEORETIESE EN PRAKTIESE INLEIDING
TOT HISTORIOGRAFIESE ANNOTERING

deur

ANDRÉ WESSELS, B.A. Hons.

Verhandeling voorgelê ter vervulling
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in Geskiedenis

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
Bloemfontein

Studieleier: Prof. dr. M.C.E. van Schoor

1982

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

30-9-1982

T 907.2 WES

BIBLIOTHEK

INHOUDSOPGAWEBladsy

VOORWOORD	vi
HOOFSTUK I	
DIE WESE, DOEL EN TAAK VAN ANNOTERING	1
1. Inleiding	1
2. Die begrip : Annotering	2
3. Woordomskrywing m.b.t. annotasie	10
3.1 Annotering (ww.)	10
3.2 Annotasie	10
3.3 Annotering (s.nw.)	10
3.4 Annoteerder	10
3.5 Geannoteerde teks	11
3.6 Voetnoot	11
3.7 Teks	11
3.8 Ervarene	11
3.9 Leser	11
4. Die doel en taak van annotering	12
5. Die waarde van annotering	21
6. Wat word geannoteer?	22
6.1 Ekstern	25
6.1.1 Dagboeke	26
6.1.2 Herinneringe	28
6.1.3 Joernale	29
6.1.4 Kronieke	29
6.1.5 Dokumentêre Getuienisse	30
6.1.6 Koerante	30
6.1.7 Reisbeskrywings	30
6.1.8 Boeke	31
6.1.9 Artikels	33
6.1.10 Toesprake	33
6.1.11 Lesings	34
6.1.12 Foto's	34
6.1.13 Sketse	35
6.1.14 Spotprente	35
6.1.15 Dramas	36

6.2 Intern	36
6.2.1 Persone	37
6.2.2 Plekke	38
6.2.3 Gebeure	38
6.2.4 Plante, voëls, diere, visse, insekte, ens.	39
6.2.5 Idees, menings, gedagtes, gevolgtrekkings, ens.	39
6.2.6 Probleme, vaaghede, onduidelikhede en dubbel= sinnighede	41
6.2.7 Woordverduidelikings	41
7. Wie kan annoteer?	43
8. Vir wie word geannoteer?	46

HOOFSTUK II

DIE BEGINSELS, METODE EN TEGNIEK VAN ANNOTERING

1. Inleiding	48
2. Die beginsels van annotering	48
2.1 Die beginsel van eenvoud	49
2.2 Die beginsel van konsekwentheid	49
2.3 Waarheidsoeke	49
2.4 Die beginsel van eerlikheid	50
2.5 Die beginsel van konsentrasie-op- feite	50
2.6 Die beginsel van analise en sintese	50
2.7 Die beginsel van assosiasie	51
2.8 Die beginsel van wetenskaplikheid	51
2.9 'n Kritiese ingesteldheid	52
2.10 Die beginsel van akkuraatheid	52
2.11 Die beginsel van tersaaklikheid	52
2.12 Die beginsel van objektiwiteit	54
3. Die metode van annotering	55

4. Die tegniek van annotering	58
4.1 Basiese riglyne vir die annotering van 'n teks	59
4.2 Horisontale en vertikale annotering	67
4.2.1 Horisontale annotering	67
4.2.2 Vertikale annotering	68
4.3 Verwysings	73
4.3.1 Kruisverwysings	73
4.3.2 Gewone verwysings	75
4.3.3 Ware annoteringsvoetnote	76
4.3.3.1 Persone	76
4.3.3.2 Plekke	81
4.3.3.3 Gebeure	81
4.3.3.4 Plante, voëls, diere, insekte, ens.	83
4.3.3.5 Idees, menings, gedagtes, gevolg=trekkings, ens.	84
4.3.3.6 Probleme, vaaghede, onduidelikhede en dubbelsinnighede	85
4.3.3.7 Woordverduidelikings	85
4.4 Samevatting	87

HOOFSTUK III

DIE BESTANDELE VAN 'N GEANNOTEEERDE TEKS	89
1. Die Inleiding	89
1.1 Die lewensloop van die ervarene of die opsteller van die teks	89
1.2 Die teks	91
1.2.1 Die omvang van die teks	91
1.2.2 Die rede vir die opstel van die teks	92
1.2.3 Die geskiedenis van die teks	93
1.2.4 Die status en omstandighede van die ervarene	94

1.2.5 Die styl van die opsteller	94
1.2.6 Die inhoud van die teks	95
1.3 Verklarende aantekeninge	96
1.3.1 Redigeertekens	96
1.3.2 Taal- en stylveranderinge	98
1.3.3 Aard van die annotering	100
1.3.4 Aanduiding van probleme	100
2. Die agtergrondgeskiedenis	101
3. Die geannoteerde teks	103
4. Bylaes	103
5. Illustrasies	104
6. Die Bronnelys	107
7. Die Register of Indeks	108
 HOOFSTUK IV	
PROBLEME EN ASPEKTE M.B.T. ANNOTERING	109
1. Die probleem van subjektiwiteit	109
2. Die plek van annotering in die geskiedenis-as-wetenskap	115
3. Die huidige stand van annotering	121
3.1 Die Van Riebeeck-Vereniging	121
3.2 Die <u>Christiaan de Wet-Annale</u>	127
3.3 Bronnepublikasies van die R.G.N. se Instituut vir Geskiedenis= navorsing	129
3.4 Geannoteerde tekste in tydskrifte	131
3.5 Ander gepubliseerde geannoteerde tekste	132
3.6 Slotopmerkings	134
 BRONNELYS	140

VOORWOORD

Historiografiese annotering is 'n belangrike onderdeel van die geskiedenis-as-wetenskap. Hoewel talle historici annotering beoefen en geannoteerde tekste in gepubliseerde vorm die lig sien, is historiografiese annotering op sigself 'n onderwerp waaroor daar nog weinig geskryf is.

In hierdie verhandeling word historiografiese annotering krities onder oë geneem, ontleed en aan die hand van voorbeelde bespreek. Die studie is dus beide 'n teoretiese en 'n praktiese inleiding tot annotering. Vrae waarop gelet word, is byvoorbeeld: Wat is annotering? Wat word geannoteer? Hoekom word geannoteer? Hoe word geannoteer? Die beginsels, metode en tegniek van annotering word bespreek. Die plek van historiografiese annotering in die geskiedenis-as-wetenskap word onder die soeklig geplaas, asook ander probleme en aspekte m.b.t. annotering, bv. die probleem van subjektiwiteit, die huidige stand van annotering t.o.v. die Suid-Afrikaanse historiografie en die plek van illustrasies in annotering. Ten slotte word die bestanddele van 'n geannoteerde teks uiteengesit en bespreek.

Die oogmerk is deurgaans om historiografiese annotering nie slegs teoreties aan die hand van praktiese voorbeelde te bespreek nie, maar om ook aan die voornemende annoteerder, asook by wyse van vernuwing aan diegene wat reeds prakties geannoteer het, basiese riglyne t.o.v. annotering aan te dui; probleme en slaggate uit te wys en wenke te gee. Die studie bly egter in wese slegs 'n inleiding tot die onderwerp, en daar word nie op volledigheid aanspraak gemaak nie.

* * *

Die annotering van die oorlogsherinneringe van wyle kmdt. Jacob Petrus (Japie) Neser uit die Anglo-Boereoorlog,

1899...../

1899-1902, het as aansporing gedien vir die skryf van hierdie studie oor historiografiese annotering. Hoewel die voltooide geannoteerde oorlogsherinneringe van kmdt. Naser as die praktiese uitgewerkte voorbeeld van wat in hierdie studie teoreties uiteengesit word, beskou kan word, kon dit in die lig van die omvangrykheid van die teoretiese studie, nie by hierdie verhandeling ingesluit word nie. Dit sal weldra in die Christiaan de Wet-Annale opgeneem word.

* * *

Sonder die hulp en ondersteuning van talle persone en instansies sou hierdie verhandeling nooit die lig kon gesien het nie. Graag wens ek dus van hierdie geleentheid gebruik te maak om 'n aantal persone, inrigtings en liggame van harte te bedank vir die besondere hulp wat my aangebied is tydens die navorsing vir, skrywe en afronding van hierdie werk.

In die eerste plek wil ek my diepste en innige waardering en opregte dank teenoor my studieleier, prof. dr. M.C.E. van Schoor, betuig. Hy het my oorspronklik aan die oorlogsherinneringe van kmdt. Japie Naser bekendgestel en my aangemoedig om dit te annoteer. Daarna het hy my aangemoedig om hierdie studie i.v.m. teoretiese en praktiese annotering aan te pak. Sonder sy besielende leiding, wetenskaplike toeligting, raad en hulp t.o.v. taalkundige en tegniese versorging en voortdurende aanmoediging sou hierdie verhandeling nie moontlik gewees het nie.

'n Besondere woord van dank en waardering aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (R.G.N.) vir hul finansiële bystand. In geen opsig is dié instansie egter verantwoordelik vir enige menings of gevolgtrekkings wat in hierdie verhandeling uitgespreek word nie.

Hoewel...../

Hoewel hierdie studie hoofsaaklik op eie, oorspronklike denke en idees berus, is 'n aantal bronne nogtans geraadpleeg, hoofsaaklik om as voorbeelde van geannoteerde tekste te dien. My opregte dank en waardering dus aan die onderskeie biblioteke en ander bewaarplekke wat aan my toestemming verleen het om van hulle geriewe gebruik te maak. Met waardering maak ek ook melding van die vriendelike hulpvaardigheid waarmee die personeel van die onderskeie bewaarplekke my tydens die navorsing bedien het. Die volgende biblioteke en argiewe, met hulle personeel, verdien vermelding:

Die Biblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein - in besonder die Africana-afdeling.

Die Merensky-biblioteek, Universiteit van Pretoria - in besonder die Africana-afdeling.

Die Openbare Biblioteek, Durban - in besonder die Don Africana-afdeling.

Die Openbare Biblioteek, Pretoria.

Die Biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Die Sentrale Biblioteek, Verdedigingshoofkwartier, Pretoria.

Die Biblioteek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria.

Die Staatsargief, Pretoria.

Die Biblioteek van die Oorlogsmuseum van die Boere-republieke, Bloemfontein.

Die Biblioteek te Tekbasis, Verwoerdburg.

Die Biblioteek te 11 Kommando, Diskobolos, Kimberley.

My...../

My opregte dank ook aan prof. dr. M.C.E. van Schoor vir die voorreg om sy eie biblioteek te kon raadpleeg; asook aan my vader vir die gebruik van sy biblioteek.

Die volgende persone en/of instansies verdien ook vermelding: Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, waaraan ek as student verbonde was; my moeder wat die tikwerk van hierdie verhandeling onderneem het; my ouers en suster vir hulle belangstelling, voorbidding en aanmoediging, en alle ander belangstellendes, insluitende sekere lede en gewese lede van die Suid-Afrikaanse Weermag.

Ten slotte, groot dankbaarheid en alle eer aan die Gewer van alle goeie gawes, dié Een wat nie slegs oor die daaglikse en toekomstige lotgevalle van volkere en nasies beskik nie, maar wat ook die God van die verlede is, van alles wat reeds op aarde geskied het.

ANDRÉ WESSELS

Durban

Mei 1982

'n TEORETIESE EN PRAKTIESE INLEIDING TOT
HISTORIOGRAFIESE ANNOTERING

HOOFSTUK I : DIE WESE, DOEL EN TAAK VAN ANNOTERING

1. Inleiding

In die verlede is daar nog weinig oor historiografiese annotering as sodanig geskryf. Daar word egter voortdurend geannoteer, hetsy dagboeke, herinneringe, briewe of watter tipe teks ook al. Geannoteerde bronne of tekste sien ook voortdurend in gepubliseerde vorm die lig.

Die vraag ontstaan egter wat presies is annotering; wat word geannoteer; waarom word geannoteer en op welke wyse geskied dit. Wat volg is 'n oorsigtelike studie van historiografiese annotering, ten einde lig te probeer werp op voorgenoemde en ander verwante vrae.

Ter aanvang sal daar gekyk word na wat presies is annotering; en wat dit nie is nie. Daarna sal gelet word op die vraag: waarom word geannoteer, en vervolgens wat en hoe word geannoteer. As dit kom by die bespreking van die annoteerproses self, sal gepoog word om sekere beginsels neer te lê waarvolgens daar geannoteer behoort te word. Vervolgens sal ook die metode en tegniek van annotering aandag geniet.

Seker een van die mees grondliggende probleme by geskiedskrywing, nl. die gevaar van subjektiwiteit, sal aandag aan gegee word. Daar sal ook gelet word op die vrae rondom wie kan annoteer en vir wie daar geannoteer word. 'n Baie belangrike vraag wat ook ter sprake kom, is of annotering deel vorm van geskiedskrywing, m.a.w. is die annoteerder wel besig om geskiedenis-as-wetenskap te beoefen. Die plek wat verwysings na illustrasies in annotering inneem, sal ook ondersoek word.

Aangesien daar in handleidinge oor die metode en teorie van geskiedenis haas geen aandag aan die beginsels of tegniek van annotering gegee word nie, is die aantal bronne wat geraadpleeg

kon...../

kon word uiters beperk.¹ Geraadpleegde bronne het egter as stimulus gedien om eie idees i.v.m. annotering te formuleer, eerder as wat stof oor annotering daaruit gehaal kon word. Hierdie studie oor historiografiese annotering berus gevolglik hoofsaaklik op eie, oorspronklike denke en idees. Die belangrikste "bron" by die skryf van hierdie stuk was die praktiese ervaring wat opgedoen is tydens die annotering van kmdt. Japie Naser se herinneringe uit die Anglo-Boereoorlog² en twee ander tekste.³

Wat dus volg is enersyds 'n teorie van annotering en andersyds 'n metodologie. Die voorbeelde waarna daar verwys word, sal hoofsaaklik uit die milieu van die Anglo-Boereoorlog kom. Daar is egter gepoog om die studie so algemeen-geldend as moontlik t.o.v. alle vorme van annotering te maak, al val die klem in die besonder op historiografiese annotering.

2. Die begrip : Annotering

Volgens die Woordeboek van die Afrikaanse Taal word onder die woord annotasie verstaan 'n aanmerking of opmerking, of verklarende of aanvullende aantekeninge. Annoteer beteken dus om aan te teken of te noteer, om van verklarende of aanvullende aantekeninge te voorsien. Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal se omskrywing van annotasie is feitlik

dieselfde...../

-
1. Die bron waarna daar veral verwys sal word, is Stemmet, F.J., Gepubliseerde outobiografiese Bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog. Hierdie M.A.-verhandeling van Stemmet handel egter nie oor annotering as sodanig nie, maar juis oor gepubliseerde outobiografiese bronne, d.w.s. oor dit wat geannoteer kan of behoort te word. In sy werk verwys Stemmet egter na 'n aantal sake na aanleiding waarvan toepassings t.o.v. annotering gemaak kon word. Dit geld ook vir die gepubliseerde outobiografiese en ander annoteerbare bronne wat deurgewerk is met die oog op die skryf van hierdie stuk oor annotering.
 2. Die geannoteerde oorlogsherinneringe van kmdt. Japie Naser verskyn waarskynlik eersdaags in die Christiaan de Wet-Annale, nr. 6.
 3. Vgl. McCracken, J.L., "Irish Nationalists and South Africa, 1877-1902" (geannoteer en van bylaes voorsien deur A. Wessels) en Main, E.M., "Letters : Lord Milner to Hamilton John Gould-Adams" (geannoteer en van biografiese sketse voorsien deur A. Wessels) in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet Annale, nr. 5, Okt. 1978, pp. 157-184, 107-156.

dieselfde, nl. 'n verklarende aantekening. Om te annoteer beteken dan om iets van verklarende aantekeninge of annotasies te voorsien. Die kwessie van verklaring, verduideliking en opheldering word dus in beide gevalle beklemtoon.

Die Nederlandse Verschuerens Modern Woordeboek omskryf die algemene betekenis van annotering as aanteken of opteken. In die besondere sin van die woord beteken dit om iets, bv. 'n teks, van verklarende aantekeninge te voorsien. 'n Annotasie is dus kortweg 'n aantekening. Van Dale se Groot Woordenboek der Nederlandse Taal omskryf annotatie as die annotering (s.nw.), d.w.s. die voltooide produk van die annoteerproses. Dit kan ook beskou word as 'n aantekening of meer spesifiek 'n verklarende aantekening. Die werkwoord annoteer (Ndl. : annoteren) beteken dus opteken of noteer, van verklarende aantekeninge voorsien. Die woord annotasie is op sy beurt uit die Frans (annotation) oorgeneem.

Mackensen se Deutsches Wörterbuch omskryf die selfstandige naamwoord Annotation bloot as opmerking, en sê dat dit oorspronklik van Latyn afkomstig is (annotatio = iets wat neergeskryf is). Volgens Gerhard Wahrig se Deutsches Wörterbuch is 'n annotasie 'n opmerking of 'n verklaring, en in die engere sin van die woord 'n skriftelike opmerking. Daar word dus gesuggerer dat die annotasie 'n tipe kommentaar is, 'n aanduiding is van of dit wat gekontroleer is, reg of verkeerd is; en word by implikasie ook gesê dat annotering te make het met die opweeg teenoor of toets aan ander feite.

Volgens Webster's Third New International Dictionary beteken annotation enersyds die proses van annoteer en andersyds die annoteringsvoetnoot. 'n Annotasie is dus 'n voetnoot wat by enigiets aangebring kan word, by wyse van verduideliking of kommentaar. Volgens The Oxford Dictionary is die werkwoord annotate van die Latynse woord annotat afkomstig en beteken dit om 'n opmerking in verband met of by iets te maak, om van aantekeninge te voorsien, om oor iets uit te brei, om iets by te voeg by dit wat reeds bestaan of geskryf is.

Dit wil dus voorkom of die woord annotasie of annotering van die Latyn via Frans en Nederlands na Afrikaans toe oorgekom het.

Engelse...../

Engelse en/of Duitse beïnvloeding is ook moontlik.

Daar moet onderskei word tussen die proses van annotering en die voltooide produk. Annotering is in die eerste plek 'n werksprosedure - 'n proses waardeur 'n gegewe teks van kritiese, skriftelike, aanvullende, verklarende, verduidelikende, ophelderende aantekeninge of opmerkings voorsien word, sodat dit in beter perspektief geplaas word en dus vir 'n groter aantal persone duidelik en betekenisvol leesbaar sal wees.

Suiwer taalkundig gesproke word daar geen beperking geplaas op die terrein van annotering nie. Teoreties gesproke kan enigiets dus geannoteer word. Wanneer die annotering met 'n histories betekenisvolle teks te make het, en die annotering self dus histories georiënteerd is, is die geskrewe kritiese aanvullende, verklarende, verduidelikende en ophelderende aantekeninge of opmerkings dus ook histories van aard, en is die idee dus dat die teks só geannoteer moet word dat dit vir die geskiedenis-as-wetenskap van groter sin, betekenis en waarde moet wees. Die voltooide produk van historiografiese annotering impliseer nooit bloot net 'n stuk annotering, of 'n versameling annotasies nie, maar 'n geannoteerde teks, d.w.s. 'n teks plus annotering.

Waar 'n annotasie dus 'n enkele annoteringsvoetnoot is, is die annotasie of annotering die somtotaal van al die afsonderlike annotasies.

Historiografiese annotering staan nie los van "gewone" annotering nie. "Historiografiese" kwalifiseer slegs 'n spesifieke tipe annotering, naas ook ander tipes annotering. Wat vir annotering in die algemeen geld, geld in gelyke mate ook vir historiografiese annotering. Historiografie impliseer egter die handeling om geskiedenis wetenskaplik te beskryf.

Annotering moet egter nie met redigering verwar word nie. Redigering impliseer o.m. om te selekteer, om aan te vul of weg te laat, om na te sien, reg te maak, aan te pas, te skrap of uit te haal, om goed of geskik te maak vir publikasie. Iets wat reeds geskryf is, word m.a.w. in behoorlike vorm op skrif gebring en persklaar gemaak. Oor die algemeen het redigering meer te make met die uiterlike vorm van die teks

en...../

en met die taalkundige versorging daarvan, terwyl annotering hoofsaaklik op die inhoud van die teks gerig is. Redigering kan beskou word as deel van annotering in die wydste sin van die woord, maar dit impliseer nie noodwendig annotering in die ware sin van die woord nie. Annotering betrek wel in die reël ook 'n mate van redigering.


Vervolgens word annotering puntsgewyse van verskillende kante belig en verskillende fasette daarvan bespreek. Terselfdertyd dien dit as 'n samevatting van die antwoord op die vraag: Wat is annotering?

- (1) Annotering kan beskou word as die sleutel tot die teks wat geannoteer word; verduidelik die teks en klaar onduidelikhede op. Annotering is ook die sleutel tot die geskiedenis agter en in die teks. Dit is ook die historiese anker van die teks en staan relatief teenoor die geskiedenis waarmee dit verband hou.
- (2) In vakgebiede soos bv. Wiskunde, Houtwerk en Tegnieke Tekene word daar soms gepraat van 'n geannoteerde skets, d.w.s. 'n skets met die nodige verklarende byskrifte. In meer as een opsig is dit presies wat annotering is, nl. die maak van byskrifte, van kort dog kragtige, ophelderende verklarende aantekeninge of toepaslike byskrifte.
- (3) Annotering is kritiek - 'n vorm van historiese kritiek. Wanneer geannoteer word, word die teks in al sy fasette geëvalueer. Die waarhede daarin vervat en die geldigheid daarvan in sy geheel moet bepaal word. Die teks, of eintlik : die inhoud van die teks, word tot rekenskap geroep, en waarhede en valshede word uitgewys. Dit is immers die grondbeginsel van die historiese kritiek.
- (4) Annotering is dus o.a. die kritiese ontleding van historiese dokumente. Hierdie hele kritiese annoteerproses kan skematies soos volg voorgestel word:




Die teks (dokument) - ongeorden en moontlik vol foute

Annotering...../



Annotering - die nuwe raamwerk waarbinne die teks verstaan en gelees moet word. Die omvang daarvan word deur die aard en omvang van die teks bepaal.



Tydens die annoteerproses word die teks krities ontleed en geanaliseer. Dit word in sy onderskeie komponente uitmekaar gehaal. Terwyl ontleed word, word vrae oor die verbandhoudende verlede gestel. Nadat die ontleedproses voltooi is, word die teks - nou in samehang met die annotering - weer opgebou tot 'n sinvolle geheel. Teks en annotering vorm hierna 'n sintese. In 'n sekere sin is die geannoteerde teks dus meer as bloot net die som van die teks en annotering.

- (5) Annotering - in die wydste sin van die woord - kan beskou word as 'n tipe teks- of herstellingskritiek. Dit gaan hier eerder om redigering as annotering in die ware sin van die woord. Alvorens daar geannoteer kan word, moet die teks eers in sy oorspronklike vorm herstel word. Indien die oorspronklike teks verlore gegaan het, moet die afskrif of afskrifte krities ondersoek en met mekaar en/of met ander bronne vergelyk word, om sodoende uiteindelik 'n teks daar te stel wat so na as moontlik aan die oorspronklike is.
- (6) Annotering is 'n poging om agter die waarheid i.v.m. 'n bepaalde dokument te kom. Die waarheid het egter vele kante, en buitendien kan die historikus slegs "ten dele" ken. Daar is gevolglik o.m. naas onvolledigheid ook sterk relatiewe en subjektiewe elemente in annotering aanwesig.⁴

(7)...../

4. Wat die probleem van subjektiwiteit t.o.v. annotering betref, vgl. infra., pp. 109-115.

- (7) Annotering kan beide as kuns sowel as wetenskap gesien word. Dieselfde teks sal deur verskillende persone verskillend geïnterpreteer word, maar uiteindelik maak annotering deel uit van die geskiedenis-as-wetenskap.⁵
- (8) Die annoteerder skep 'n nuwe raamwerk waarbinne die teks gelees en verstaan moet word. Hierdie raamwerk verskil egter van annoteerder tot annoteerder. Die raamwerk kan die teks met sy betreklike beeld van gebeure ophelder of tot skade wees. Die annotering kan die teks tot eer of oneer strek. 'n "Swak" of "slegte" teks goed geannoteer is van meer waarde as 'n "goeie" teks swak of sleg geannoteer. 'n Swak geannoteerde teks strek die annoteerder en die opsteller van die oorspronklike teks tot oneer.
- (9) Na annotering kan ook verwys word as geskiedkundige aantekeninge, kantaantekeninge of historiese opmerkings. Dit is egter 'n misleidende oorvereenvoudigde siening, want dit neig om die wetenskaplike aard van annotering mis te kyk.
- (10) Annotering is die in-perspektief-plaas van 'n stuk verlede, en dus ook die vasknoop van 'n stuk verlede aan ander gebeure. Deur dit te anker, bring annotering as't ware 'n stuk loshangende verlede aarde toe, gee dit bene aan die teks, sodat die geannoteerde teks voortaan as 'n selfstandige stuk geskiedskrywing beskou kan word.
- (11) Annotering wil 'n stuk verlede "op datum" en "op standaard" bring, deur die teks vir die leser volkome verstaanbaar te maak of dan wel wetenskaplik te ontsluit. Diegene wat in geskiedenis belangstel, en in die besonder in outobiografiese e.a. annoteerbare bronne, is nie altyd in staat of het nie altyd die tyd om aspekte in die teks wat onduidelik is, te gaan naslaan nie, of om meer besonderhede oor bv. persone, plekke en gebeurtenisse waarna daar verwys word, op te soek nie. Annotering is dus 'n soort wetenskaplike dienslewering...../

5. T.o.v. die plek wat annotering binne die geskiedenis-as-wetenskap inneem, vgl. infra., pp. 115-121.

dienslewering aan lesers en mede-navorsers.

- (12) Annotering moet ook gesien word as kommentaar op die verlede. Die annoteerder is in dié sin 'n kommentator, d.w.s. iemand wat o.m. beskryf wat gebeur het. Dit is belangrik om daarop te let dat die annoteerder kommentator sowel as skeidsregter is t.o.v. die inhoud van die teks as sodanig. Hy is skeidsregter t.o.v. die korrektheid al dan nie van dit wat die teks bevat; daarenteen is hy nie noodwendig skeidsregter t.o.v. die inhoud van die verlede waarvoor daar geskryf word nie. Dit is nie vir hom nodig om kant te kies t.o.v. dit wat in die verlede as sodanig plaasgevind het nie.
- (13) Tradisionele annotering geskied altoos d.m.v. voetnote. 'n Ander wyse van annotering word egter deur D. Child in Zulu War Journal of Col. Henry Harford aangewend, nl. 'n teks en annotering wat geïntegreerd aangebied word deurdat die bykomende aantekeninge, in kursiewe druk, tegelyk met die oorspronklike teks geïntegreer word. Die voordeel van hierdie tipe annotering is dat die geannoteerde teks baie vloeiend en maklik lees. Die nadele egter weeg uiteindelik swaarder, want die annoteringsmoontlikhede as sodanig is veel meer beperk. Annotering in die ware sin van die woord kom gevolglik op so 'n wyse nie tot sy volle reg nie. Vanuit die oogpunt van die histories-wetenskaplike annotering gesien, is hierdie tipe annotering belemmerend en dus nie aan te beveel nie.
- (14) Annotering dek vele aspekte en kan vanuit verskeie hoeke benader en omskryf word. Uiteindelik is annotering 'n proses wat hoë eise aan die annoteerder stel. Dit is tydrowend en vir die annoteerder besonder uitdagend.

In die lig van wat vasgestel is wat annotering is, is dit wenslik om ook te let op wat annotering nie is nie. Sekere skrywers en historici, om nie eens te praat van die leserspubliek in die algemeen nie, huldig sekere wanopvattinge oor annotering. Hierdie wanopvattinge spruit in die eerste plek nie uit hulle gebrek aan begrip vir annotering nie, maar uit hulle verkeerde sienings i.v.m. die gebruik van voetnote in

die...../

die algemeen. Baie mense word deur voetnote afgeskrik, en so 'n werk word dan gewoonlik as "te geleerd" of "nie vir die gewone mens nie" gebrandmerk. Dit lei daartoe dat annotering as 'n vorm van "oordrewe voetnote" nog in 'n groter mate by die leek onder verdenking staan.

T.o.v. voetnote in die algemeen beweer B. Farwell bv.:

"To mitigate as far as possible the annoyance of footnotes, all citations of sources are numbered and tucked away in the back of the book for those interested; ..."⁶

Dit wil voorkom of the navorser in sulke gevalle skaam is om te wys op watter wyse hy sy navorsingswerk verrig het.

L. Bacon, die vertaler, redigeerder en annoteerder van Luiz de Camões se Os Lusíadas het net so 'n interessante siening i.v.m. voetnote wat hy as "ghastly little numbers"⁷ tipeer. Geen wonder dat hy dit so moeilik maak vir die leser om sy voetnote te volg nie. Hy plaas sy voetnote agter in die boek, maar verstrek geen voetnote in die teks self nie; slegs bladsy- en reëlverwysings by die saamgegroepeerde voetnote. Daar moet dus van die voetnote af na die teks teruggewerk word.⁸ Dit volg vanself dat so 'n wanaanwending van voetnote vir die wetenskaplike annoteerder soveel te meer onaanvaarbaar is.

Voetnote is nie iets wat los staan van die teks nie. Dit is weliswaar onderskeibaar van die teks, maar nooit skeibaar nie. Voetnote moet dus sáám met die teks, as 'n verdere dimensie van die teks, gelees word. Dit geld veral t.o.v. annoteringsvoetnote.

Annotering is dus nie bloot die naslaan van verwysings nie. Dit is ook nie daar om die aandag van die leser af te lei van die teks nie, maar juis om sekere aspekte van en in die teks

te...../

6. Farwell, B., The Great Boer War, p. xiv.

7. De Camões, L., The Lusíads of Luiz de Camões, vertaal en van 'n inleiding en aantekeninge voorsien deur L. Bacon, p. xxxii.

8. In geskiedskrywing in die algemeen kan 'n gebrek aan voetnote die gehalte van 'n andersins goeie boek laat daal. Vgl. bv. Adamson, J.H. en Folland, H.F., Sir Harry Vane : his life and times.

te beklemtoon en nader toe te lig. Annotering wil ook nie die teks oorheers of in die skadu stel nie, maar wil die teks op 'n gebalanseerde wyse in perspektief plaas.

Dit is nie duidelik wanneer voetnote vir die heel eerste keer gebruik is nie, of hoe ver die geskiedenis van die aanwending van annotering teruggaan nie. Hoewel dit reeds in die Middeleeue af en toe voorkom, was dit veral tydens die Renaissance die gewoonte onder historici om notas in die vorm van kommentaar of kritiek by reeds gepubliseerde werke te voeg. Hierdie aantekeninge of opmerkings het o.m. aangedui van watter bronne die opsteller van die oorspronklike teks gebruik gemaak het,⁹ maar dit het ook die teks self nader toegelig. Met verloop van tyd het annotering groter inslag gevind en het dit na alle vorme van geskiedskrywing uitgebrei.¹⁰

3. Woordoms krywing m.b.t. annotasie

Ten einde onsekerheid uit te skakel oor die begrippe wat reeds gebruik is en wat voortaan telkens in hierdie studie sal voorkom, word hulle soos volg saaklik omskryf:

3.1 Annotering (ww.) is die annoteerproses. Annotering omvat twee basiese komponente, nl. identifikasie van dit wat geannoteer moet word en kontrole.

3.2 Annotasie is die afsonderlike annoteringskomponente of annoteringsvoetnote, d.w.s. die afsonderlike skriftelike opmerkings, verduidelikings, aantekeninge m.b.t. die teks.

3.3 Annotering (s.nw.) is die somtotaal van al die afsonderlike annoteringskomponente (annotasies), wat onderskeibaar is van die teks, maar nooit los daarvan kan bestaan nie.

3.4 Annoteerder is die persoon wat annoteer. Hy lewer kommentaar; maak annotasies; plaas krities, kontrasterend en verifiërend 'n bepaalde teks in perspektief deur skriftelike verklarende kommentaar te lewer en verduidelikende aantekeninge te maak.

3.5...../

9. Voetnote is destyds nog nie gebruik om bronne aan te dui nie, en daar was ook geen bronnelys nie.

10. Langlois, C.V. en Seignobos, C., Introduction to the Study of History, p. 299.

- 3.5 Geannoteerde teks is die teks plus die annotering, d.w.s. waar die geannoteerde teks nie bloot die som van die teks en annotering is nie, maar 'n nuwe geheel uitmaak, inderdaad 'n "nuwe" teks. 'n Geannoteerde teks impliseer dat die annoteerproses "voltooi" is.
- 3.6 Voetnoot is tradisioneel gesien 'n syfertyjie in die teks met 'n dienooreenkomstige syfertyjie onder aan die teks of ingevoeg na afloop van die teks, met een of ander verwysing of kommentaar daarby. T.o.v. annotering word in besonder daaronder verstaan die annoteringsvoetnoot of annotasie; d.w.s. 'n aantekening of opmerking van 'n feitelike en/of verduidelikende aard wat die teks in perspektief plaas.¹¹
- 3.7 Teks is die dokument of geskrif wat geannoteer word. Dit kan verskeie vorme aanneem. Indien nodig word die teks na die uiterlike herstel en/of geredigeer en daarna na die inhoudelike geannoteer. Wanneer daar van 'n teks gepraat word, word dus, afhangende van die konteks en situasie, enersyds bedoel die fisiese of konkrete teks en/of andersyds die inhoud daarvan. Bron of dokument kan as wisselvorme vir teks beskou word.
- 3.8 Ervarene is die persoon wat sekere gebeure in die verlede belewe het en dit daarna - onmiddellik of met verloop van tyd, in watter vorm ook al - in skrif vasgelê het. Talle tekste wat geannoteer word, is outobiografies van aard, en gevolglik is daar 'n persoon, d.w.s. ervarene, aan die woord. In die geval van dagboeke kan 'n mens na die ervarene as die outeur verwys, en in die geval van herinneringe as die verteller.
- 3.9 Leser is die persoon wat 'n geannoteerde teks lees of gelees het. Hier moet 'n mens onderskei tussen die toevallige en die doelbewuste leser. Die toevallige leser is die persoon wat in die reël nie in geannoteerde tekste belangstel nie, maar in sommige gevalle toevallig of per ongeluk op 'n geannoteerde teks afkom en dit moontlik lees. Daarenteen

is...../

11. Die meervoud van voetnoot is voetnote, nie voetnotas nie.

is die doelbewuste leser dié persoon wat 'n besliste en gerigte belangstelling in geannoteerde tekste het, en doelbewus geannoteerde tekste raadpleeg en bestudeer.

4. Die doel en taak van annotering

Die doel en taak van annotering, en dus ook van die annoteerder, hang saam met die vraag: Waarom word geannoteer?

Die mens het 'n behoefte daaraan om dinge na waarheid te ken, en om dinge in die regte perspektief te sien. In meer as een opsig is tekste baie keer onduidelik en onvolledig. Die gegewens wat daarin vervat is, mag moontlik skeef, verdraaid of selfs heeltemal foutief wees. Dit vra dus om reggestel en in die regte perspektief geplaas te word. Hierin is die hooftaak in annotering geleë.

Breedweg gesien sou die doel en taak van annotering o.m. die volgende kon insluit:


- (a) Om 'n onbekende stuk geskrewe geskiedenis bekend te stel; en/of
- (b) Om die teks nader toe te lig en op te helder, waarhede van valshede te onderskei, dit uit te wys en reg te stel; en/of
- (c) Om 'n teks in perspektief te stel, te anker en van 'n duidelike raamwerk te voorsien, waarbinne dit gelees en verstaan moet word.

Daar kan moontlik ook tussen 'n primêre en sekondêre taak van annotering onderskei word:

- (a) Die primêre doel van annotering is om gegewens in 'n teks te kontroleer of te verifieer en om meer inligting oor die persoon, plek, gebeurtenis of wat ook al te bekom en d.m.v. kort aantekeninge in 'n voetnoot weer te gee.
- (b) Die sekondêre doel van annotering, hoewel nie daarom noodwendig minder belangrik nie, is om die teks in sy geheel in beter perspektief te plaas; dit as't ware af te rond, te anker en binne 'n breër raamwerk te plaas. Waar die "buitelyne" van 'n teks aanvanklik in sy ongeannoteerde vorm gewoonlik vaag is, moet dit d.m.v. annotering

skerper...../

skerper getrek word. Die leser moet nl. 'n duidelike beeld van die teks kry. A.g.v. die rol wat subjektiwiteit kan speel, mag die beeld wat uiteindelik daargestel word, van persoon tot persoon en van annoteerder tot annoteerder wissel, bv.:



Duidelik omlynde tekste
met moontlikheid van A'
of A''

Annotering is in elk geval noodsaaklik, aangesien die verwysingsveld van die teks en die kennisveld van die leser nie altyd ooreenstem nie. Die annoteerder moet gevolglik poog om d.m.v. annotering hierdie kenniskloof te probeer oorbrug. In watter mate dit gedoen moet word, is egter 'n ope vraag. D.m.v. goeie of geslaagde annotering kan die ideaal moontlik verwesenlik word.

Enige annoteerbare teks is 'n kosbare erfenis. Op sigself is dit nie altyd verstaanbaar nie, gevolglik moet dit geredigeer en geannoteer word en in 'n verstaanbare vorm aan die oningewyde leser bekend gestel word. Die annoteerder moet dus o.m. verklaar, ophelder, aanvul, vergelyk, kontrasteer en 'n breër visie aan die leser bied.

Annotering is nodig omdat die "feite" wat in 'n teks weergegee word, in werklikheid nie altyd feite is nie, maar verdraaiings,

halwe...../

halwe waarhede of totale onwaarhede of versinsels kan wees. Dit wil nie sê dat die persoon wat die teks opgestel het, noodwendig opsetlik valshede verstrek het nie. In die meeste gevalle het hy hom bloot misgis of weerspreek. Hy sien dinge of sake immers vanuit sý oogpunt; verstrek gebeure soos wat hy dit van ander gehoor het. Tot tyd en wyl die teendeel bewys is, moet die annoteerder egter die feite wat in die teks vermeld word, binne die raamwerk van die teks as waar aanvaar. Vir die outeur van die teks was dit immers in die meeste gevalle die waarheid gewees.

Dit is die taak van die annoteerder om die beweerde feite in die teks te gaan toets aan die aanvaarde feite soos dit in ander bronne opgeteken is.¹² Die moontlikheid bestaan egter dat die ervarene na sake of gebeure verwys waarvan niks bekend is nie. Hy verstrek as't ware "nuwe" feite. Hierdie gegewens kan uiteraard nie gekontroleer word nie. Die annoteerder het hier geen ander keuse as om dit ongekontroleerd te aanvaar nie. In sulke gevalle behoort dit in 'n voetnoot verduidelik te word. Die relatiewe waarde daarvan kan egter bepaal word deur die geloofwaardigheid van die getuienis vas te stel - iets wat wel gekontroleer kan word.

Tekste kan ook lig werp op reeds bestaande en aanvaarde feite. Dit mag miskien gebeur dat sekere feite wat nog altyd as waar aanvaar is, moontlik in heroorweging geneem sal moet word, indien 'n aantal persone in hulle herinneringe of dagboeke 'n ander weergawe van 'n sekere insident sou verstrek.

Die annoteerder moet gevolglik altyd onthou dat om waarlik feit te kan wees, daar 'n eenduidige afparing en ooreenkoms moet wees tussen die feit as abstraksie van die werklikheid, d.w.s. die feit soos bv. in 'n boek opgeteken, en die gebeure, d.w.s. die ware praktiese feit, as en in die geskiedenis-as-verlede.

Indien daar in 'n teks staan: "Die Anglo-Boereoorlog het op 31

Mei...../

12. Die probleem van wat 'n feit is en wat nie, val egter buite die bestek van hierdie studie.

Mei 1902 geëindig," dan is die werklikheid wat hierdie sin oproep, die gebeure van 31 Mei 1902 te Vereeniging en Pretoria en alles wat daarmee saamhang en wat dit impliseer. Dit blyk dan ook dat daar 'n duidelike en onteenseglike eenduidige afparing bestaan tussen die bewering (die abstraksie op skrif) en die werklikheid (van lank gelede waarna dit verwys). Die bewering wat gemaak is, is dus korrek, en die annoteerder het 'n feit geïdentifiseer.

Daar mag gevalle voorkom waar die feit (as abstraksie, soos deur die ervarene opgeteken) in twyfel getrek kan word, bo en behalwe wanneer geen duidelike korrelaat tussen die bewering en aanvaarde feite gevind kon word nie, of wanneer ander getuienis duidelik daarop dui dat die bewering foutief is. Gestel bv. die stelling sou gemaak word: "Milner was die oorsaak van die Anglo-Boereoorlog." Hier word nie 'n feit weergegee nie. Daar is nie 'n feit in die geskiedenis-as-verlede wat onteenseglik bevestig dat Milner alleen die oorsaak van die oorlog was nie. As 'n bewering is dit dus subjektief van aard. Daar mag iets van die waarheid daarin steek, maar die gebeure van die verlede is nie so eenvoudig of ongekompliseerd, dat sulke bewerings onkrities aanvaar kan word nie; selfs nie eens as talle ander persone en bronne ook dieselfde stelling maak nie.¹³

Ranke se idee dat 'n mens die verlede moet kan ken en beskryf "wie es eigentlich gewesen ist"¹⁴ (soos wat dit werklik was), is 'n ideaal, maar een wat in die praktyk nie werklik verwesenlik kan word nie. Die annoteerder moet daarna strewe om in alles wat hy ondersoek en annoteer, so na as moontlik aan die waarheid te kom, maar hy moet in gedagte hou dat in baie gevalle die

waarheid...../

-
13. Die probleem van hoe die verlede of die historiese proses hom presies voordoet, en die probleem van hoe meer 'n mens van die verlede weet, hoe ingewikkelder en meer gekompliseerd raak jou beeld daarvan, word o.a. deur Huizenga, J., Verzamelde Werken, vol. VII, pp. 120-126, bespreek.
 14. Wat hierdie idee van Ranke betref, vgl. Von Ranke, L., The Theory and Practise of History, p. xix.

waarheid i.v.m. wat werklik of presies gebeur het, hom steeds sal ontwyk.

Die annoteerder het in baie gevalle met 'n stuk herinneringe of 'n historiese dokument te doen. Die ervarene wat dit geskryf of laat skryf het, het 'n bepaalde siening van sake gehad, d.w.s. vanuit sy posisie in die verlede, vanuit sy oogpunt, met sy kennis en insig, of gebrek daaraan. Hierdie beeld het hy op skrif vasgelê of laat vaslê. Die annoteerder moet nou bepaal of hierdie beeld korrek is, en d.m.v. voetnote beide die feite en die valshede uitwys: die feite waar nodig met bykomende gegewens aanvul en die valshede regstel. Ware feite moet dus die valshede, verdraaide gegewens of halwe waarhede vervang. Op die annoteerder rus dus 'n groot verantwoordelikheid. Hy kan nl. die teks en die ervarene wie se getuienis dit is, "maak" of "breek", in dié sin dat hy kan uitwys dat die persoon die waarheid gepraat het of dat hy halwe waarhede of valshede kwytgeraak het.

Dit is egter nie die taak van die annoteerder om die leser d.m.v. die annotering te lei of te mislei om dié of dáardie standpunt in te neem nie. Dit is die leser wat uiteindelik sy eie oordeel moet fel. Die annoteerder moet slegs die feite verskaf op grond waarvan die leser standpunt moet of kan inneem.

Deur annoteerbare tekste te annoteer, word dit moontlik om hierdie tekste op 'n wetenskaplike en ook meer verstaanbare wyse bekend te stel, en die leser gehelp om tot groter kennis en insig te kom. Annotering dra by om 'n beter begrip van die verlede of historiese proses te kry. Om iets na waarheid te ken en te verstaan, was en bly nog altyd 'n probleem. Die werklikheid en dus ook die verlede-werklikheid - die gisters of heel verdere verlede - is immers veeldimensionaal en veelkantig. Die taak van annotering is juis om die mens nader aan die waarheid te bring. Indien aan hierdie eis voldoen word, het die geannoteerde teks soveel meer waarde.

Die ervarene het 'n bepaalde beeld van sekere gebeure gehad, wat hy wou oordra. Die vraag is egter in watter mate hy daarin geslaag het. Hy mag sekere vooroordele gehad het.

In...../

In die geval van herinneringe kon sy geheue hom in die steek gelaat het. Vir die leek kan die teks in sy oorspronklike vorm dus misleidend, onduidelik, moeilik verstaanbaar of onverstaanbaar of selfs niksseggend wees. Die annoteerder moet dus die beeld ophelder en die inhoud kontroleer en verduidelik, sodat dit selfs vir die toevallige leser waarde sal hê. Die annoteerder moet as't ware die teks "inkleur" waar dit "verweer" het.

Die annoteerder vorm op sy beurt ook 'n eie beeld van die inhoud van die teks. Die vraag is in watter mate hy daarin slaag om wel die oorspronklike beeld, dié van die ervarene, toe te lig, en of sy eie beeld en interpretasie van die teks nie miskien die oorspronklike betekenis van die teks verduister nie. Sy eie kennis en insig van die bepaalde stuk geskiedenis waarteen die teks afspeel en sy vermoë om te kan annoteer, is hier bepalend.

In 'n sekere sin "word" die teks eintlik eers geskiedskrywing, d.w.s. 'n sinvolle wetenskaplike verslag van die verlede, nadat die annoteerder dit onder hande geneem het. Die teks het as 'n stuk "ru-materiaal" oorgekom uit die verlede. Die annoteerder "maak" dit nou ware geskiedenis.

Annoteerbare tekste kan soms irriterend wees, in dié sin dat daar in sommige gevalle min of geen vloei is, en dat dit bv. 'n verbrokkelde vorm aanneem. Dit is die taak van die annoteerder om hierdie probleem te probeer oorbrug. Hier tree die annoteerder nie slegs as annoteerder in die eng sin van die woord op nie, maar ook as redigeerder en selfs as stylversorger.

Die annoteerder moet die teks voor hom onder kruisverhoor neem. Dit mag soms miskien selfs nodig wees om die inhoud van die teks as onwaar te beskou, totdat dit d.m.v. die annoteringsproses waar of gedeeltelik waar "bewys" is. Elke annoteerbare faset of onderdeel van die teks moet onder kruisverhoor geneem word en die resultate, gevolgtrekkings en kommentaar in voetnote aangedui word.¹⁵

Vanuit...../

15. Wat die onder kruisverhoor neem van enige historiese bron betref, vgl. Romein, J.M., In de Hof der Historie : kleine encyclopedie der theoretische geschiedenis.

Vanuit 'n histories-wetenskaplike oogpunt gesien, is dit dus van die grootste belang dat annoteerbare bronne wel geannoteer moet word. Die doel van annotering moet uiteindelik wees om aan die historikus, of watter navorser ook al, 'n bron te lewer wat hy - sonder of self eers die inhoud te gaan kontroleer - met vrug en sonder voorbehoud kan gebruik.

Die doel van annotering is ook om 'n stuk geredigeerde verlede in gepubliseerde vorm daar te stel. Die geannoteerde teks behoort beide die annoteerder as die gewone of toevallige leser se historiese kennis en insig en sy historiese visie te verbreed.

Die posisie, doel en taak van die annoteerder kan derhalwe soos volg opgesom word:

- (1) Hy word met geskrewe gegewens oor gebeure in die verlede gekonfronteer, hetsy 'n dagboek, herinneringsgeskrif of watter "rou" historiese materiaal ook al.
- (2) Hy moet daarna die oordeel fel of dit histories waardevol is, al dan nie. Indien wel, sal sy besluit daarop berus dat dit meerdere en selfs belangrike kennis van die verlede verstrek, en bydra tot meerdere historiese kennis, óf die geskiedskrywing in die algemeen, óf die besondere tema of onderwerp wat dit raak, bevorder.
- (3) As die historiese waarde van die teks eenmaal bepaal en positief is, volg dit logies dat dit vir ander historici en die nageslag in die algemeen in een of ander blywende vorm vermenigvuldig of bewaar moet word.
- (4) Indien dit deur 'n publikasie vir ander toeganklik gemaak moet word, is die vraag watter vorm dit moet aanneem. Ongeredigeer en ongeannoteer is dit steeds in beginsel waardevol, maar moontlik vol foute, moeilik verstaanbaar, dubbelsinnig en misleidend. Die trefwydte daarvan sal gevolglik ook heel beperk wees. Vir slegs 'n beperkte aantal lesers sal dit toeganklik wees. Deur dit te annoteer, word die teks egter in perspektief geplaas, histories geanker en meer sinvol, waardevol en leesbaar gemaak.

Die...../

Die vraag na waarom iemand hom geroepe voel om te annoteer, hang saam met die vraag na waarom hy in geskiedenis belangstel. Dit gaan wesenlik om 'n liefde vir die verlede; vir die waarheid daarvan; waardering vir die rol en bydrae van jou medemens; en die behoefte daaraan om iets wat relatief onvolmaak en moontlik misleidend is, in perspektief te plaas en ook vir andere meer toeganklik te maak. Dit wil natuurlik nie sê dat mense wat nie daarin belangstel om te annoteer nie, nie histories ingestel is of nie op 'n ander wyse in geskiedenis kan belangstel nie. Historiografiese annotering is slegs één van die fasette van geskiedenisbeoefening.

Ten opsigte van die vraag waarom daar geannoteer word, gaan dit o.m. ook om die vraag waarom dit juis veral dagboeke en herinneringe is wat gewoonlik 'n hoë prioriteit geniet. Die plek wat outobiografiese bronne t.o.v. die bestudering van die Anglo-Boereoorlog inneem, mag moontlik op die aspek lig werp.

Tydens die Anglo-Boereoorlog was daar aan Boerekant in totaal ongeveer 'n tagtig generaals (insluitende kommandant-generaals, assistent-kommandant-generaals en hoofkommandante) en sowat 279 kommandante. Van hierdie offisiere het slegs tien generaals en drie kommandante dagboeke gehou of hulle herinneringe later neergeskryf of laat neerskryf. In totaal is daar iets meer as honderd outobiografiese bronne oor die Anglo-Boereoorlog gepubliseer.¹⁶ Die feit dat daar so min outobiografiese bronne bestaan, maak elkeen van hulle des te meer belangrik.

Veral t.o.v. die guerilla-fase van die oorlog is daar bitter min dokumentêre getuienis aan Boerekant, en te meer is dit die geval wat die stryd in Kaapland betref. Tekste wat oor hierdie faset van die oorlog handel, is gevolglik des te meer waardevol. Hulle gee o.m. aan die historikus en enige ander belangstellende 'n goeie beeld van die bewegings en rol van die onderskeie kommandotjies.¹⁷

Die...../

16. Stemmet, op. cit., pp. 424-425.

17. Ibid., p. 256.

Die meeste outobiografiese bronne is deur histories-ongeskoolde persone opgestel. Gevolglik is die inligting of herinneringe daarin vervat meesal onvolledig en kom foute vry algemeen voor. Veral die gewone burger, d.w.s. dié een wat nie in 'n bevelvoerende hoedanigheid verkeer het nie, het baie dinge wat hy neergeskryf of laat neerskryf het, op hoorsê getuienis gegrond. Dinge wat van ander persone gehoor is, is bv. ingevoeg om 'n vollediger beeld van die gebeure te gee.

Baie van hierdie ingevoegde gegewens is soms algemene kennis en lewer dus geen bykomende bydrae tot kennis en begrip van die oorlog nie. Aan die ander kant dien die herhaling van sekere gebeure deur verskillende outeurs as 'n bewys van die betroubaarheid van betrokke getuienis.¹⁸ Hoe dit ook al sy, naas "nuwe" feite wat sulke tekste bevat, is dit, soos reeds aangetoon, nodig om die tekste te annoteer ten einde daarvan 'n bruikbare historiese bron te maak, en om die leser te help om die teks in sy regte perspektief te begryp en te verstaan.

Dit kom daarop neer dat die outobiografiese getuienis aan wetenskaplike bewysvorming ontbreek. Wanneer die teks gepubliseer word, word dit gewoonlik met foute en al gedruk.¹⁹ Daar word in sulke gevalle nie veel, indien enigsins, aan die teks self getorring nie. Wat wel moet gebeur, is dat die teks deeglik geannoteer moet word, ten einde die leser in te lig wat wel as waar aanvaar kan word, in onderskeiding van wat vals is. Dit is ook belangrik dat daar verdere biografiese gegewens oor die opsteller van die teks bekom word. Die persoon agter die teks moet nl. duidelik geïdentifiseer kan word.^{19a}

5...../

18. Ibid., pp. X, 426-428.

19. Ibid., pp. 428-429.

19a. M.E.R. se Oorlogsdagboek wat haar broer, F. Rothmann, se oorlogsherinneringe bevat, sou aansienlik aan historiese waarde en betekenis gewen het as sy dit self of deur 'n historikus laat annoteer het. Veel daarvan is betekenisloos omdat die plekke en persone nie geïdentifiseer is nie.

5. Die waarde van annotering

Dagboeke, herinneringe en ander annoteerbare tekste het 'n bepaalde historiese belangrikheid.²⁰ D.m.v. hierdie bronne, soos trouens enige ander tipe historiese bron, bly die geskiedenis van die verlede bewaar. Dikwels sou eenvoudige mense deur hulle herinneringe neer te skryf of te laat neerskryf, dinge wat oënskynlik alledaags en onbelangrik was, vir die nageslag vaslê en verewig. Soms is dit juis hierdie klein dingetjies wat gebeurde van groot historiese belang belig en in beter historiese perspektief plaas.

Die persoonlike element figureer gewoonlik baie sterk in dagboeke en herinneringe; die individu staan in besonder sentraal, die mens met sy ambisies, vrese, suksesse en teleurstellings, vreugde en hartseer. Dit is hierdie dinge wat kleur gee aan die geskiedenis en wat die mens aangryp. Vir die mens is daar immers niks so interessant as 'n ander mens nie. En wanneer 'n mens jouself kan inleef in die verlede langs die weg van die ervaringe van 'n ander persoon, dikwels iemand met wie jy jouself kan identifiseer, dan kry die verlede, maar uiteindelik ook jou eie bestaan en die toekoms, vir jou groter sin en betekenis.

Geannoteerde tekste kan daartoe aanleiding gee dat meer mense geskiedenis lees en daarin belangstel. Gevolglik word nouer kontak bewerkstellig tussen die mense van vandag en dié van gister, tussen die hede en die verlede, tussen dit wat is en dit wat was - alles met die oog op 'n beter toekoms en dit wat sal wees. Die dialoog tussen die hede en die verlede word

ook...../

20. In plaas daarvan om telkens al die moontlike tipes annoteerbare bronne te noem, sal daar in die vervolg slegs na dagboeke en/of herinneringe verwys word. Dagboeke en herinneringe is op sigself nie belangriker as enige ander annoteerbare tekste nie, al kom hulle as voorbeelde miskien meer dikwels voor.

ook só bevorder, gestimuleer en vergemaklik.²¹

Dagboeke is deel van 'n volk, land, kultuur en beskawing se erfenis. Die lees en bestudering daarvan help 'n volk om sy verlede te verwerk en dit sy eie te maak. Deur dagboeke te annoteer word dit vir 'n groter aantal lesers verstaanbaar en dus meer toeganklik.

Die sin van annotering lê o.m. in die in-kommunikasie-tree met die geskiedenis-as-verlede-werklikheid, en wel langs die weg van die geskiedenis-as-verslag of dan wel die teks wat oorgelewer is. Die waarde van annotering lê in die eerste plek daarin dat 'n teks as't ware in ere herstel word en tot beskikking van navorser en algemene leser gestel word; tweedens, aan enige navorser gulde oefening in navorsingswerk, historiese kritiek en geskiedskrywing bied; en ten slotte, dat dit dien as aansporing tot verdere studie. Annotering, hoewel dit soms as geskiedskrywing in die klein bestempel word, gee aan die beoefenaar daarvan nuwe perspektiewe en open nuwe horisonne.

Dit is noodsaaklik dat geannoteer moet word omdat daar histories-waardevolle tekste bestaan wat op grond van hulle aard, vorm en inhoud geannoteer móet word, ten einde sulke tekste waarlik tot hulle reg te laat kom. Alleen op dié wyse kan dit vir die navorser in besonder, die leser in die algemeen en die historiese wetenskap as sodanig van waarde wees.

6. Wat word geannoteer?

In 'n sekere sin sou aangevoer kon word dat enige vorm van historiese getuienis geannoteer kan word. Enige geskrewe dokument wat 'n element van onvolmaaktheid, onvoltooidheid of onafgewerktheid bevat, is annoteerwaardig, mits die inhoud van die dokument self van historiese betekenis of belangrikheid is.

Al...../

21. Vgl. in hierdie verband Carr, E.H., What is History?, p. 49. Volgens hom is geskiedenis o.m. 'n sosiale proses waarby die mens sterk betrokke is. Gevolglik is geskiedenis ook 'n dialoog tussen die maatskappy van vandag en dié van gister; tussen die hede en die verlede.

Al is dit in die praktyk onmoontlik, moet in elk geval teoreties iewers 'n streep getrek word. Dus sou beweer kon word dat 'n stuk beslis annoteerbaar is wanneer dit 'n sekere ruheid of onafgewerktheid besit wat dit vir die toevallige leser moeilik maak om dit te verstaan. Om egter in die praktyk reëls neer te lê t.o.v. verstaanbaarheid van die teks al dan nie, is uiteraars moeilik.

Daar moet in gedagte gehou word dat alles wat annoteerbaar is, nie noodwendig annoteerwaardig is nie; m.a.w. 'n teks kan wel geannoteer word, maar wat vorm en inhoud betref is dit te betwyfel of dit histories en andersins die moeite werd is.

Dit kan bv. gebeur dat die teks uiterlik so fragmentaries en onsamehangend is dat dit nie veel sin uitmaak nie. Dele van die oorspronklike teks kon bv. weggeraak het, wat dit onvoltooid en feitlik waardeloos maak. Nie dat alle onvoltooide of fragmentariese tekste geen waarde het nie; maar 'n bepaalde historiese waarde-oordeel sal gefel moet word om te bepaal of die kool wel die sous werd is.

Om annoteerwaardig te wees moet die teks dus iets sinvols te sê hê; moet dit vir die mense van vandag en vir die nageslag betekenisvol en lesenswaardig wees. Ook dit is steeds relatiewe maatstawwe en rus daar op die voornemende annoteerder se skouers 'n eie diskussionêre verantwoordelijkheid t.o.v. die besluit om te annoteer al dan nie.

In hierdie studie gaan dit egter in besonder om historiografiese annotering. By implikasie word die ondersoek dus beperk tot die annotering van bronne wat vir die geskiedenisas-wetenskap van betekenis is. In die besonder gaan dit dan ook om die annotering van veral outobiografiese bronne soos bv. dagboeke en herinneringe. Hierdie soort bronne is nie bloot annoteerbaar op grond van hulle relatiewe onvolmaaktheid, onvoltooidheid en aard van hulle inhoud wat beslis nader toegelig moet word nie, maar beslis ook annoteerwaardig, o.m. op grond van die feit dat in hierdie tekste dikwels gegewens verskaf word wat nêrens anders te vinde

is...../

is nie, of so nie meer of nuwe lig werp op gebeure.

Dat outobiografiese bronne m.b.t. die Anglo-Boereoorlog 'n onmisbare en insiggewende bydrae tot die feitekennis i.v.m. die oorlog lewer, val nie te ontken nie, selfs al bevat hulle talle teenstrydighede. Outobiografiese bronne werp in baie gevalle lig op fasette van die oorlog waaroor daar andersins haas geen dokumente beskikbaar is nie, veral nie aan Boere-kant nie.²²

Tot op datum is ietwat meer as honderd outobiografiese bronne oor die Anglo-Boereoorlog gepubliseer, waarvan ongeveer sestig oor die militêre aspek van die oorlog handel. Die bronne dek die krygsverrigtinge in al die state en kolonies, nl. Kaapland, Natal, die Vrystaat en Transvaal, en verstrek in baie gevalle veral 'n goeie beeld van die guerilla-fase van die stryd. Aan-gesien die bronne so persoonlik van aard is, is hulle in 'n baie groot mate tot die eng persoonlike belewenisse en weder-varinge beperk, en is die breë militêre waarde daarvan eintlik gering. Nieteenstaande teenstrydighede wat soms voorkom, is die bronne egter waardevol in dié sin dat hulle inligting verskaf wat aanvullend mag wees t.o.v. die bestaande kennis van die oorlog, en dat dit ook vir kontrole-doeleindes aangewend kan word.²³

Outobiografiese bronne verstrek o.m. ook kennis t.o.v. die onderskeie kommando's wat aan die oorlog deelgeneem het, en insig in die houding van die Boere teenoor die oorlog en alles wat daarmee gepaard gegaan het. Dit verskaf ook insig in die alledaagse kommandolewe; in die moeilike omstandighede waar-onder die Boere veral tydens die guerilla-fase moes veg, en die aard van die Boere se guerillataktiek. Outobiografiese bronne, veral geredigeerd en geannoteerd, help vanselfsprekend ook om die herinneringe aan die oorlog en alles wat daarmee gepaard gaan, in die regte perspektief lewendig te hou.

Annoteerbare...../

22. Wat die bydrae van gepubliseerde outobiografiese bronne tot die kennis oor die Anglo-Boereoorlog betref, vgl. Stemmet, op. cit., pp. 417-444.

23. Ibid., pp. 417, 422.

Annoteerbare en annoteerwaardige tekste hoef nie net histories van aard te wees nie. Enige biografiese of outobiografiese dokument wat by implikasie 'n sterk historiese element bevat, sou geannoteer kon word. Dit hoef dus nie net te handel oor persone wat in die enger sin van die woord histories belangrik is of was nie. Biografiese of outobiografiese tekste oor bv. natuurwetenskaplikes, mediese dokters, balletdanseresse, sportpersoonlikhede of hoteleienaars kan met net soveel vrug, waarde en betekenis geannoteer word. Trouens, 'n teks wat op sigself oor die natuur- of mediese wetenskappe, ballet, sport of hotelbedryf handel, kan ook geannoteer word.

Oppervlakkig beskou kan die volgende onderskeid getref word tussen dit wat geannoteer kan word:

Ekstern, d.w.s. uiterlike soorte tekste wat 'n mens sou kon annoteer, bv. dagboeke en herinneringe. Hier gaan dit om die onderskeibare soorte tekste, onafhanklik van wat die inhoud daarvan is.

Intern, d.w.s. dit wat 'n mens binne-in die tekste annoteer, onafhanklik van watter tipe teks dit is. Hier gaan dit m.a.w. om die annotering van bv. persone, plekke en gebeurtenisse.

Aan die hand van voorbeelde sal die eksterne en interne fasette duideliker na vore tree.

6.1 Ekstern kan o.m. die volgende geannoteer word:²⁴

6.1.1...../

24. Streng gesproke moet daar 'n prinsipiële onderskeid getref word tussen die uiterlik onderskeibare tekste. So bv. is daar 'n prinsipiële verskil na wesensaard tussen bv. dagboeke enersyds en gewone boeke of sekondêre werke andersyds, en weer tussen boeke en foto's. Vgl. ook dat reisbeskrywings die vorm van 'n dagboek of herinneringe kan aanneem óf 'n sterk sekondêre karakter kan hê. Briewe kan weer privaat of amptelik van aard wees. Aangesien dit in hierdie studie nie om die identifisering en nadere onderskeidings tussen soorte bronne gaan nie, word die meer bekende annoteerbare bronne slegs kortliks die een na die ander bespreek. Hoewel dit feitlik 'n onbegonne taak is om die soorte tekste in 'n definitiewe prioriteitsvolgorde van belangrikheid te plaas, hoofsaaklik weens die sterk subjektiewe aard van so 'n indeling, word die onderskeie tekste nogtans in 'n volgorde van meer of min dalende belangrikheid geplaas.

6.1.1 Dagboeke²⁵

'n Dagboek is 'n werk waarin iemand voorvalle, gebeurtenisse en/of persoonlike belewenisse en daaglikse ervarings gewoonlik onder die betrokke datum aanteken. Met die totstandkoming daarvan is die oogmerk in die reël nie om dit te publiseer nie, en geskied toestemming tot die publikasie daarvan gewoonlik eers op 'n later tydstip van die outeur se lewe, of eers na sy oorlye.

Die dagboek is seker die mees elementêre vorm van outobiografie. Dit het ook 'n besondere hoewel steeds relatiewe onmiddellikheid, varsheid en geloofwaardigheid. As historiese bron is dit van die uiterste belang. Omdat dit dikwels, veral in die geval van oorlogsdagboeke, onder moeilike omstandighede geskryf is, is dit soms heel kernagtig van aard en in so 'n mate dat dit selfs vir die ingewyde leser moeilik verstaanbaar is. Sulke dagboeke vereis gewoonlik dat dit geredigeer en geannoteer moet word.

Daar kan tussen die volgende tipes dagboeke onderskei word:²⁶

6.1.1.1 Oorspronklike gepubliseerde dagboeke, hetsy as onveranderde onvertaalde weergawes van die oorspronklike dagboeke en met of sonder taalkundige veranderinge, bv. Preller, G.S., Scheepers se Dagboek en die Stryd in Kaapland, 1 Oktober 1901 - 18 Januarie 1902; vertaalde weergawes van oorspronklike dagboeke, bv. De Kersauson de Pennendref, R., Ek en die Vierkleur.

6.1.1.2...../

-
25. Wat 'n elementêre waardebeepaling van dagboeke en herinneringsgeskrifte oor die Anglo-Boereoorlog betref, vgl. Stemmet, op. cit., pp. 28-40.
26. Die indeling asook die voorbeelde is geneem uit ibid., pp. ii-iv. Hoewel die voorbeelde weer eens uit die Anglo-Boereoorlog kom, geld die indeling as sodanig ook vir alle ander dagboeke.

6.1.1.2 Verwerkte dagboeke,²⁷ waarskynlik aangevul met herinneringe, hetsy dagboeke deur die outeur self verwerk en moontlik met sy eie herinneringe aangevul, bv. Naudé, J.F., Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp "bôkant" De Wet; dagboeke deur iemand anders vertaal en verwerk en aangevul met die verwerker se herinneringe, bv. Preller, G.S., Kaptein Hindon; dagboeke deur iemand anders verwerk en waarskynlik aangevul met ander gepubliseerde bronne en moontlik herinneringe van die dagboekskrywer, bv. Ver Loren van Themaat, H., Twee Jaren in den Boerenoorlog, 1899-1902; en dagboeke deur iemand anders in romanvorm verwerk, bv. Vis, W.R., Tien Maanden in een "vrouwenkamp".

Die probleme eie aan die annotering van dagboeke is o.m. dat die dagboek in sy oorspronklike vorm soms beskadig kan wees, en/of moeilik leesbaar is; en dat dit soms so kripties van aard is dat die nodige vloei ontbreek. Hierdie probleme kan nie maklik deur annotering uitgeskakel word nie, tensy daar groot vryhede met die redigering van die dagboek veroorloof word. Hoe ook al, die dagboek in sy onverwerkte vorm is 'n primêre bron in die ware sin van die woord en in sy gepubliseerde geannoteerde vorm kan dit van besondere historiese waarde wees.

6.1.2...../

27. Die vraag kan tereg gevra word of 'n verwerkte dagboek nog 'n dagboek in die ware sin van die woord is. Hoewel die verwerkte dagboek 'n sterk sekondêre en/of herinneringsinslag kan bekom, word die hier onder die begrip dagboek in die wydste sin van die woord tuisgebring.

6.1.2 Herinneringe²⁸

Naas die dagboek kan ook die herinneringsgeskrif, van watter aard en omvang ook al, van groot waarde wees. Waar die dagboek 'n relatief onmiddellike verslag van gebeure is, het daar by die herinneringsgeskrif 'n sekere tydsverloop plaasgevind vanaf wanneer dit wat beskryf word, beleef is, totdat dit neergeskryf is. Hierdie tydsverloop kan wissel van 'n paar dae tot soveel as haas die volle lewenspan van die outeur.

Herinneringe is uiteraard iets persoonliks. Selfs al teken iemand dit namens die segsman op, bly die sterk persoonlike element steeds aanwesig. Hoe groter die tydsverloop, hoe groter is die gevaar dat geheuefoute in die herinneringe kan insluip en/of dat die herinneringe met 'n mindere of meerdere mate van vaagheid omsluier kan word. Aan die ander kant, kan 'n tydsverloop die nodige afstand en tydsperspektief bring, sodat die bevooroordeelde persoonlike inslag moontlik kan vervaag. Aangesien daar by die opstel van 'n herinneringsgeskrif vanuit die hede na die verlede teruggekyk word, kry herinneringe in 'n mindere of meerdere mate 'n kontemporêre kleur.²⁹

Daar kan tussen die volgende tipes herinneringe onderskei word:³⁰

6.1.2.1 Herinneringe deur die ervarene self opgeteken, hetsy in gewone verhaalvorm, bv.

De...../

28. Sien voetnoot 25.

29. Herinneringe het m.a.w. 'n eietydse kleur. Dit sluit in 'n sekere sin aan by Croce se idee dat alle geskiedenis eietydse of kontemporêre geskiedenis is. Sien Croce, B., Theory and History of Historiography, p. 12 - "Every true history is contemporary history."

30. Die indeling asook die voorbeelde is geneem uit Stemmet, op. cit., pp. iv-viii. Hoewel die voorbeelde weer eens uit die literatuur rondom die Anglo-Boereoorlog kom, geld die indeling as sodanig ook vir alle ander herinneringe.

De Wet, C.R., De Strijd tussen Boer en Brit; gekombineer met ander bronnegetuigenis van mede-ervarenes, bv. Kemp, J.C.G., Vir Vryheid en Reg; of in romanvorm, bv. Van der Merwe, H., Onthou.

6.1.2.2 Herinneringe van die ervarene deur iemand anders opgeteken, hetsy in gewone verhaalvorm, bv. Pieterse, H.J.C., Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan; aangevul met ander bronnegetuigenis; of in romanvorm, bv. Roodt, A., Kaapse Rebel.

By die annoteer van herinneringe is dit belangrik dat die annoteerder die geskiedenis van die herinneringsgeskrif deeglik ken en o.m. sal probeer vasstel waarom en onder watter omstandighede die herinneringe opgeteken of laat opteken is.

6.1.3 Joernale

'n Joernaal is 'n tipe dagboek of dagregister waarin 'n persoon daaglikse aantekeninge maak i.v.m. persoonlike ervarings. In baie gevalle is dit reisaantekeninge of het dit te make met belangrike gebeurtenisse. 'n Skeepsdagboek staan ook as 'n joernaal bekend. 'n Voorbeeld van 'n geannoteerde joernaal is Thomas Baines se Journal of Residence in Africa, 1842-1853.³¹

6.1.4 Kronieke

'n Kroniek is die verhaal van gedenkwaardige gebeurtenisse, en wel chronologies gerangskik. 'n Voorbeeld van 'n geannoteerde kroniek is The Chronicle

of...../

31. Baines, T., Journal of Residence in Africa, 1842-1853, vols. I en II. Geredigeer en geannoteer deur R.F. Kennedy en uitgegee deur die Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nrs. 42 en 45, Kaapstad, 1961 en 1964.

of Jeremiah Goldswain, Albany Settler of 1820.³²

6.1.5 Dokumentêre Getuienisse

Daar bestaan verskeie soorte amptelike en private dokumente wat annoteerbaar is, bv. akte, testamente, doopregisters, hofverslae, notules van vergaderings en briewe. Lg. twee tipes getuienisse kan òf amptelik òf privaat van aard wees. 'n Voorbeeld van briewe wat in 'n geannoteerde vorm gepubliseer is, is Marais, A.H. (red.), Politieke Briewe, 1909-1912, dele I en II.

6.1.6 Koerante

Die waarde van koerante as 'n historiese bron word tot 'n baie groot mate onderskat. Nie slegs gee koerante 'n goeie beeld van daaglikse nuusgebeure nie, maar deur die kommentaar wat daar oor gebeure gelewer word, en in besonder deur die hoofartikels en briewekolomme te bestudeer, kan 'n goeie idee gevorm word van die opinie van mense op 'n gegewe tydstip oor 'n bepaalde saak. Aangesien foutiewe nuusdekking soms aan sake verleen word en kommentaar gewoonlik polities gemotiveerd is, is dit noodsaaklik dat wanneer koerantartikels, hoofartikels of watter ander berigte ook al gepubliseer word, dit annotering vereis.

6.1.7 Reisbeskrywings

Reisbeskrywings is oor die algemeen belangrike historiese bronne. Dit maak ook interessante leesstof uit. Baie reisbeskrywings neem die vorm van dagboeke, herinneringe, joernale of kronieke aan. In hulle oorspronklike vorm is

sommige...../

32. Goldswain, J., The Chronicle of Jeremiah Goldswain, Albany Settler of 1820, vols. I en II. Geredigeer en geannoteer deur C. Gill en uitgegee deur die Van Riebeeck-Vereniging, nrs. 27 en 29, Kaapstad, 1946 en 1949.

sommige reisbeskrywings fragmentaries, onvolledig of selfs verwarrend. Die meeste reisbeskrywings sou met groot vrug geannoteer kon word. Vgl. bv. Julie Uitenhage de Mist se reisbeskrywing in dagboekvorm uit die Kaap se Bataafse era wat beslis annoteerwaardig is.³³ Die reisbeskrywings wat tot op datum deur die Van Riebeeck-Vereniging uitgegee is, is prysenswaardige voorbeelde van geredigeerde en geannoteerde reisbeskrywings.³⁴

6.1.8 Boeke

Enige boek, ongeag waaroor dit handel, kan geannoteer word, hetsy dit na 'n lang tydverloop vir die eerste keer gepubliseer gaan word, óf wanneer dit tevore reeds gepubliseer was en weens die belangrikheid daarvan opnuut gepubliseer word. Die tydverloop sedert die boek oorspronklik geskryf is en tot wanneer dit vir die eerste keer gepubliseer gaan word, mag annotering noodsaak. Annotering se taak is om die tydsgaping te oorbrug, aangesien gegewens wat in die eie tyd vanselfsprekend en selfverklarend is, vir die leser na baie jare onduidelik of verwarrend geword het. Dit is ook moontlik dat in die oorspronklike werk foute voorkom wat eers met verloop van tyd aan die lig gekom het, of dat intussen nuwe feite aan die lig gekom het. So byvoorbeeld kan aangeneem word dat die werk van wyle prof. P.J. van der Merwe oor die lotgevalle van die Trekkers rondom die slag van Vegkop wat eersdaags in die Suid-Afrikaanse Argiefjaarboek gaan verskyn en o.m. deur prof. D.J. van Zyl geredigeer word, aan

so...../

33. Uitenhage de Mist, J.P.A., Diary of a Journey to the Cape of Good Hope and the Interior of Africa in 1802 and 1803.

34. Vgl. bv. George Thompson se Travels and Adventures in Southern Africa, dele I-III en Nathaniel Isaacs se Travels and Adventures in Eastern Africa, vols. I-II.

so 'n annotasie onderwerp sal word. Sedert prof. Van der Merwe sy manuskrip feitlik voltooi het, het intussen ander bronne oor dieselfde tema aan die lig gekom.

Indien sekere boeke wat lank gelede gepubliseer is, vandag herdruk sou word, is dit wenslik dat hulle in geannoteerde vorm behoort te verskyn. Vgl. bv. die werke van Michael Davitt,³⁵ Penning³⁶ en selfs Amery³⁷ i.v.m. die Anglo-Boereoorlog. Ook dagboeke en herinneringe wat later herdruk is, moes na regte geannoteer gewees het, bv. Robert de Kersauson de Pennendreff se Afrikaanse vertaling Ek en die Vierkleur, die Afrikaanse verwerking van genl. De Wet se De Strijd tussen Boer en Brit, Conan Doyle se The Great Boer War en Rothmann se Oorlogsdagboek.³⁸

Die meeste van bg. werke het oorspronklik gedurende of kort ná die Anglo-Boereoorlog verskyn en bevat in 'n mindere of meerdere mate 'n aantal feitlike foute wat nie maklik deur die oningeligte of oningewyde leser raakgesien sal word nie. Ongeannoteer skeep sulke bronne die probleem dat hulle foutiewe inligting opnuut bevestig, terwyl dit reeds deur ander historiese studies as foutief of gebrekkig uitgewys is.³⁹

6.1.9...../

-
- 35. Davitt, M., The Boer Fight for Freedom.
 - 36. Penning, L., De Oorlog in Zuid-Afrika : de strijd tussen Engeland en de verbonden Boeren-Republieken Transvaal en Oranje-Vrijstaat, in zijn verloop geschetst, vols. I-III.
 - 37. Amery, L.S. (red.), The Times History of the War in South Africa, 1899-1902, vols. I-VII.
 - 38. Die Afrikaanse vertaling van De Wet se De Strijd tussen Boer en Brit het sonder enige annotasie in 1959 verskyn en 'n faksimile-uitgawe van Doyle se The Great Boer War het sonder enige annotasie in 1976 verskyn. M.E.R. het nie haar broer se Oorlogsdagboek volledig geannoteer nie.
 - 39. In dié opsig het daar al heelwat historiese werke verskyn wat laat blyk het dat genl. C.R. de Wet se werk, De Strijd tussen Boer en Brit, nie in alle opsigte korrek is nie en in sommige vaag en onvolledig is.

6.1.9 Artikels

Wat t.o.v. annotering vir boeke geld, is mutatis mutandis op artikels van toepassing. Soos boeke is die meeste artikels sekondêre bronne, hoewel nie daarom noodwendig van 'n mindere gehalte nie. Aangesien 'n artikel oor die algemeen 'n weldeur= dagte en geslote geheel vorm, is dit onwaarskynlik dat die omvang van die annotasie ooit uitgebreid sal wees.

6.1.10 Toesprake

Histories-belangrike persone het in die verlede toesprake van besondere historiese betekenis gelewer, wat selfs 'n bepalende rol t.o.v. die latere verloop van gebeure gespeel het, óf wat die persoon se lewens- en wêreldbeskouing of politieke oortuigings of beleid op 'n besondere wyse weergegee of saamgevat het. Vgl. bv. Lincoln se toespraak te Gettysburg tydens die Amerikaanse Burgeroorlog, 19 November 1863; Harold McMillan se "Wind van Veranderinge"-toespraak te Kaapstad, 3 Februarie 1960; pres. M.T. Steyn se inhuldigingstoespraak te Bloemfontein, 4 Maart 1896; en genl. J.B.M. Hertzog se toespraak te De Wildt, 7 Desember 1912.

Wanneer hierdie toesprake verbatim gepubliseer word, mag dit nodig wees om dit in 'n mindere of meerdere mate te annoteer, deur sommige aangeleenthede of persone waarna verwys word, wat vir die toevallige leser onduidelik mag wees, nader toe te lig.

Toesprake wat in die debatte van die parlemente gelewer word, verg dikwels annotering. Vgl. bv. die oorlogsdebatte van 12 September 1914 en 4 September 1939. Ook Kestell en Van Velden se

notule...../

notule van die vredesonderhandelinge wat uiteinde=lik gelei het tot die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog, verdien annotering.⁴⁰ Persone wat aan die samesprekings deelgeneem het, moet na verloop van agt dekades deur annotering nader geïdentifiseer word, asook van die gebeurtenisse waarna verwys word, bv. die geveg te Holkrans.⁴¹ Hancock en Van der Poel se redigering en annotering van genl. J.C. Smuts se toesprake, korrespondensie en ander geskrifte, al is dit nie in veel besonderhede nie, dien as voorbeeld van wat met hierdie tipe bronne gedoen kan en behoort te word.⁴²

6.1.11 Lesings

Sommige lesings kan óf van besondere algemene belang wees óf vir die geskiedenis-as-wetenskap van groot betekenis en waarde wees, aangesien dit bv. oor 'n onderwerp handel waaroor daar andersins min bekend is. Sulke lesings behoort in geannoteerde vorm gepubliseer te word, sodat meer mense daarvan kan kennis neem.⁴³

6.1.12 Foto's

Foto's is belangrike historiese bronne. 'n Foto wat nie aan 'n spesifieke gebeurtenis, plek of

persoon...../

40. Kestell, J.D. en Van Velden, D.E., De Vredesonderhandelinge tussen de Regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche Republieken en de Vertegenwoordigers der Britsche Regeering, welke uitliepen of den Vrede, op 31 Mei 1902 te Vereeniging gesloten.

41. Ibid., pp. 181, 209.

42. Hancock, W.K. en Van der Poel, J. (reds.), Selections from the Smuts Papers, vols. I-VII.

43. Vgl. bv. prof. J.L. McCracken se lesing aan die U.O.V.S., Bloemfontein, oor die rol van Ierse nasionaliste in Suid-Afrika, wat in geannoteerde vorm opgeneem is in die Christiaan de Wet-Annale, nr. 5 as "Irish Nationalists and South Africa, 1877-1902."

persoon gekoppel kan word nie, help egter niks en het vir alle praktiese historiese doeleindes geen waarde nie. Dit is dus gebiedend noodsaaklik dat indien foto's gepubliseer word, hulle van meegaande onderskrifte of toeligtings voorsien sal word.⁴⁴

6.1.13 Sketse

Sketse kan verskillende vorme aanneem, bv. tekeninge, spotprente,⁴⁵ diagrammatiese voorstellings, tabelle en kaarte. Indien sulke tipe sketse gepubliseer word, is dit belangrik dat hulle van die nodige byskrifte of verduidelikings voorsien sal word.

6.1.14 Spotprente

In 'n sekere sin kan ook spotprente geannoteer word, bv. spotprente oor die Anglo-Boereoorlog, die Eerste en Tweede Wêreldoorlog, politieke of enige ander histories-belangrike aangeleenthede.

Eietydse of kontemporêre spotprente word oor die algemeen verstaan of korrek "gelees". Die situasie en/of persone wat in die spotprent uitgebeeld word, word gewoonlik geïdentifiseer en die spot in die prent gesnap. Met spotprente van jare gelede gaan dit egter nie altyd so maklik nie. Die tydsverloop het die geskiedenis agter die spotprent laat vervaag.

Annotasie van 'n spotprent verg o.a. 'n agtergrondgeskiedenis tot dit wat uitgebeeld word. Daar teen kan die spotprent "gelees", gekyk en verstaan word. Aanvullend tot hierdie agtergrondgeskiedenis, of selfs onafhanklik van 'n agtergrondgeskiedenis, kan onderaan die spotprent 'n kort

verduideliking...../

44. Die rol van foto's e.a. illustrasies in annotering word later in meer besonderhede behandel. Vgl. Hoofstuk III.
45. Spotprente word in die volgende onderafdeling vollediger behandel.

verduideliking verstrekkend word van die persone wat daarin verskyn; watter situasie uitgebeeld word; na watter insident verwys word; en wat elkeen se woorde beteken.

As voorbeelde van spotprente wat van verklarende aantekeninge voorsien is, dien M.C.E. van Schoor se Spotprente van die Anglo-Boereoorlog.

6.1.15 Dramas

Soms word dramas, veral dié wat jare gelede geskryf is en later herdruk word, van verklarende aantekeninge voorsien met die oog daarop om dit beter te kan begryp. Hierdie "annotering" is hoofsaaklik taalkundig van aard, hoewel sekere gebeurtenisse waarna daar in die teks verwys word, ook moontlik saaklik beskryf sal word. Selfs die dramatis personae sou verklarende annoteer kon word. In die reël word so 'n drama ook van 'n inleiding voorsien, waarin die agtergrondgeskiedenis van die gebeure waarteen die drama hom afspeel, geskets word; inligting oor die skryf en die geskiedenis van die drama self verstrekkend word; 'n biografiese skets van die dramaturg verskaf en een en ander oor die taalgebruik, styl, vorm, ens. van die drama gesê word. Die klassieke Griekse dramas en dramas van Shakespeare, Goethe en Schiller, wanneer dit later weer gepubliseer word, verskyn gewoonlik in 'n geannoteerde vorm, ten einde die leser begrip en meerdere insig daarvan te verskaf.⁴⁶

6.2 Intern kan die volgende geannoteer word:

Wanneer daar op 'n bepaalde teks besluit is, moet sekere

aspekte...../

46. Vgl. bv. die uitgawe van Shakespeare se Macbeth wat deur J.H. Walter verwerk is, en A.G. Latham se in Engels vertaalde en geredigeerde weergawe van Goethe se Faust.

aspekte binne-in die teks geannoteer word.⁴⁷

6.2.1 Persone

Die mens se optrede, d.w.s. wat hy gedink, gevoel en gehandel het, maak die essensie van die verlede uit. Geen dagboek of herinneringsgeskrif is eintlik denkbaar sonder dat mense nie in 'n mindere of meerdere mate daarin optree nie. Soms word daar egter net terloops na persone verwys. Vir volle begrip is dit nodig dat basiese biografiese gegewens oor persone wat in die teks voorkom, verskaf word. Die probleem is dikwels dat sodanige inligting soms moeilik bekombaar is, veral wanneer sodanige persone geen besondere rol in die verlede gespeel het nie.

Geen persoon is te bekend of belangrik om nie geannoteer te word nie. Daar sou geredeneer kon word dat indien daar na bv. genls. C.R. de Wet of J.C. Smuts, Bismarck of Winston Churchill verwys word, dit nie nodig sou wees om enige biografiese gegewens oor hulle te verskaf nie, aangesien hulle só bekend is. Hoeveel is egter bekend oor wanneer De Wet presies gebore is; wanneer hy oorlede is; waar hy hom vóór en ná die Anglo-Boereoorlog bevind het? Dit is bowendien ook nie geregverdig om net sommige persone te annoteer, maar ander weer nie. Daar moet immers konsekwent geannoteer word.

Wat egter as stelreël kan geld, is dat hoe bekender 'n persoon is, in hoe minder besonderhede word so 'n persoon geannoteer. 'n Redelik onbekende persoon word egter in veel meer besonderhede geannoteer

juis...../

47. Die inhoud van elke soort voetnoot sal later by die tegniek van annotering in meer besonderhede bespreek word. Vgl. infra., pp. 76-85.

juis om hom meer bekend te maak. Die vertikale diepte van annotering⁴⁸ is dus beslis nie 'n direkte maatstaf vir 'n persoon se belangrikheid in die verlede nie. Indien dit wel as 'n maatstaf gebruik word, geld dit eerder in teenoorgestelde sin; m.a.w. hoe minder besonderhede oor 'n persoon gegee word, hoe bekender is hy vir die toevallige leser, terwyl daar meer besonderhede oor onbekende of minder bekende persone verstrekkend word. Daar moet egter met die feit rekening gehou word dat daar wel persone is wat so geheel en al onbekend is, dat hulle in baie gevalle hoegenaamd nie geïdentifiseer en dus geannoteer kan word nie.

6.2.2 Plekke

Alle historiese gebeure is tyd- en ruimtelik gebonde; derhalwe is dit noodsaaklik om alle plekke, plase, setels, streke, gebiede, ens. d.m.v. annotasie te identifiseer, indien dit nie vanselfsprekend is nie. So bv. moet ook plaasname, gevegsterreine, of waar 'n gebeurtenis plaasgevind het, of 'n gebou waarna daar verwys word, geannoteer word.

Plekke kry gewoonlik eers annoteerbare waarde wanneer dit met 'n bepaalde persoon of gebeurtenis in verband gebring word. Dit gebeur dus selde dat 'n plek bloot om sy eie waarde of in isolasie geannoteer word. Dorpe en stede wat bv. in die teks voorkom, word dus nie noodwendig geannoteer nie, tensy dit om 'n besondere rede in verband gebring word met 'n bepaalde gebeurtenis; en selfs dan word dit binne die raamwerk van die betrokke gebeurtenis geannoteer.

6.2.3 Gebeure

Die vereiste word gestel dat waar en wanneer 'n

gebeurtenis...../

48. Vgl. infra., pp. 68-73.

gebeurtenis plaasgevind het, geïdentifiseer moet word; wie daarby betrokke was en wat die afloop of die gevolge daarvan was. Dit kan uiteenlopend van aard wees: 'n geveg; 'n ongeluk; of enigiets wat met van die betrokke persone gebeur het. Gebeure kan ook natuurverskynsels insluit, bv. aardbewings, droogtes of een of ander natuurramp. Wanneer dit wat gebeur het van 'n eng persoonlike aard is, en die ervarene dit alleen beleef het, is dit gewoonlik moeilik om dit te verifieer.

Net soos wat persone opgemerk is, is geen gebeurtenis te bekend om nie geannoteer te word nie. Ook hier sou die goue reël geld: hoe bekender 'n gebeurtenis is, hoe minder besonderhede sal daarvoor verstrekkend word. Die bekendheid van 'n gebeurtenis hef egter nie sy annotering op nie.

6.2.4 Plante, voëls, diere, visse, insekte, ens.

Wanneer die teks natuurwetenskaplik van aard is, sal die ter sake voorwerpe geannoteer moet word. Die dierkundige, plantkundige of geologiese naam sal gewoonlik in hul Latynse vorme vermeld word, asook waar dié betrokke plant, dier, ens. ook al veral voorkom. By historiografiese annotering sal dit egter selde ter sprake kom, omdat in verhouding tot die opset van die teks sal sulke natuurkundige voorwerpe minder relevant wees.

6.2.5 Idees, menings, gedagtes, gevolgtrekkings, ens.

'n Omstrede aspek van annotering is of bloot net feitlikhede of "konkrete" dinge, bv. persone, plekke en gebeure, en of ook abstrakte dinge, bv. menings, gevolgtrekkings en idees, geannoteer moet word. By lg. gaan dit om die persoonlike beskouing, mening of standpunt van die ervarene of die skrywer, selfs al is dit 'n standpunt wat ook deur ander mense in 'n mindere of meerdere

mate...../

mate gehuldig word, bv. "Brittanje het die Anglo-Boereoorlog begin" of "Hitler was 'n goeie leier."

Die vraag is: moet sulke uitsprake geannoteer word, of moet dit aan die oordeel van die leser oorgelaat word? Sodra sulke menings geannoteer word, is die annoteerder besig om ook sy mening of stand te lug. Op sigself is dit maar net nóg 'n opinie, mening of gevolgtrekking, naas dié van die ervarene of opsteller van die teks. Bevestig hy wat die opsteller sê, sal die toevallige leser moontlik aanvaar dat dit reg is, wat nie noodwendig die geval hoef te wees nie, terwyl die uitspreek van 'n teenoorgestelde opinie die leser voor die keuse stel om of dié van die teksskrywer, of dié van die annoteerder te aanvaar. In die meeste gevalle sou dit die leser moontlik net verwar.

Dit lê op die weg van die annoteerder om eerder genoeg feite rondom die bewering te verstrek, sodat die leser in staat gestel word om self daaroor te kan besluit. Uit die aard van die saak, is die hele aangeleentheid besonder subjektief en kan die wyse waarop die annoteerder feite aanbied op sigself ook weer die leser lei om tot 'n eie gevolgtrekking te kom.

Indien die skrywer se uitspraak klaarblyklik omstrede is en geheel en al teenstrydig is met wat in die algemeen op grond van wetenskaplike navorsing aanvaar word, kan die algemeen wetenskaplik-aanvaarde uitspraak wel daar teenoor verstrek word.

Indien die skrywer sy bewering of standpunt met feite probeer staaf d.m.v. sekere argumente, kan die argumente self geannoteer word. Foutiewe afleidinge kan bv. uitgewys word. In enige argument word afleidinge gemaak, en/of feite, of beweerde feite genoem; en afleidinge sowel as beweerde feite is wel annoteerbaar.

Die...../

Die annoteerder se hoofdoel is egter om in die eerste plek daarop ingestel te wees om feite, of beweerde feite, te kontroleer en om konkrete dinge, persone of gebeure toe te lig.

6.2.6 Probleme, vaaghede, onduidelikhede en dubbel-sinnighede

Hier gaan dit nie om annotering in die ware sin van die woord nie, maar om 'n meer tegniese aspek; d.w.s. 'n tekstueel-tegniese aspek. Dit sou ook as deel van redigering beskou kon word.

Die teks as sodanig mag probleme inhou wat d.m.v. 'n voetnoot opgeklaar moet word. Dit kan wees om die leser behulpzaam te wees om onduidelikhede uit die weg te ruim en/of verkeerde interpretasie te voorkom. Hierdie tipe voetnote mag ook suiwer verwysings insluit, bv. die gebruik van supra of infra om terug of vooruit te wys na 'n ander plek in die teks waar dieselfde saak aangeraak word. Kruisverwysings wat voetnote onderling betref, val ook hieronder; bv. wanneer daar reg aan die begin van die teks na De Wet verwys word en hy dus daar geannoteer word, maar daar word eers reg aan die einde van die teks weer na hom verwys. Dan word daar by die laaste plek d.m.v. 'n kruisverwysing na die eerste annoteringsvoetnoot i.v.m. De Wet verwys.

6.2.7 Woordverduidelikings

Woordverduideliking of woordverklaring sou streng gesproke ook as 'n suiwer tegniese aangeleentheid beskou kon word. Dit gaan in die eerste plek om die uiterlike teks as sodanig te verklaar. Woorde wat nie verstaan word nie of wat verkeerd geïnterpreteer word, mag t.o.v. die interpretering van die inhoud van die teks ernstige implikasies hê.

Die sleutelvraag is egter, watter woorde moet

verklaar...../

verklaar word, en watter nie. Slegs woorde wat nie in die algemeen bekend is nie, bv. argaïsmes, ou of uitgediende woorde, of woorde waarvan die betekenis oor die jare heen verander het, behoort d.m.v. 'n voetnootverwysing verklaar te word, sowel as woorde of selfs 'n hele sin of aanhaling uit 'n vreemde taal. Ook idiomatiese uitdrukkings wat in die volksmond nie meer algemeen bekend is nie, verdien om verklaar te word.

In 'n land soos Suid-Afrika waar daar twee amptelike landstale is, is dit nie nodig om Engelse aanhalings binne 'n Afrikaanse teks in Afrikaans te vertaal of Afrikaanse aanhalings in 'n Engelse teks in Engels te vertaal nie. Woorde binne sodanige aanhalings mag wel verklaar word, indien dit verdien om verklaar te word.

By die interne aspek van annotering, wat ook beskou kan word as die ware wat van annotering aangesien die praktiese annoteerproses in besonder daarop toegespits is, moet daar deurgaans gebalanseerd geannoteer word. Die stelreël is egter dat alles wat annoteringswaardig is, geannoteer moet word. Tog is alle tekste nie annoteerwaardig nie. Dit wil egter nie beteken dat indien 'n teks nie noodwendig geannoteer kan of moet word nie, dit daarom histories minderwaardig is nie.⁴⁹ Die annoteringsmoontlikhede van 'n teks word hoofsaaklik deur die inhoud daarvan bepaal. Die uiterlike vorm daarvan kan eintlik slegs in 'n negatiewe sin bepalend wees, nl. wanneer dit so verniel of fragmentaries is, dat dit onprakties, onlogies of sinneloos sou wees om dit te annoteer.

By...../

49. Vgl. bv. Inoue, T. (vertaler), "The Anglo-Boer War, 1899-1902, seen through the eyes of the famous Japanese author, Kanzo Uchimura" in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 5, Okt. 1978, pp. 65-106.

By die besluitnemingsproses i.v.m. wat geannoteer moet word en wat nie, moet daar enersyds van die standpunt uitgegaan word dat die leser 'n toevallige leser is en dus niks van die onderwerp af weet nie. In die reël moet daar dus volledig geannoteer word. Aan die ander kant moet die doelbewuste leser egter ook nie vergeet word nie. In meer as een opsig is die doelbewuste leserskring dan ook die belangrikste teikengroep, want hulle is immers die mense wat eerder die stuk sal lees. Die ideaal is uiteindelik om die toevallige leser in staat te stel om met sy relatief beperkte kennis die teks te kan volg, te verstaan en te kan waardeer, terwyl die doelbewuste leser daarenteen nie sal voel dat sy kennis en insig onderskat word nie.

Om saam te vat : die vraag na wat alles geannoteer moet word, beweeg op ten minste twee vlakke, nl. uiterlik en innerlik. Die vraag na die uiterlike of eksterne annoteerwaardigheid van die teks gaan bepaal of dit hoegenaamd geannoteer gaan word al dan nie. Wanneer besluit word om dit wel te annoteer, kom die innerlike of interne annoteerwaardigheid van die onderskeie aspekte van die inhoud ter sprake, en dan moet beslis word wat alles binne die teks geannoteer moet word.

7. Wie kan annoteer?

By die vraag wie kan of mag annoteer, gaan dit by implikasie o.m. oor die vraag wie en wat presies is die annoteerder, en oor watter eienskappe en bevoegdhede moet hy beskik om as annoteerder te kwalifiseer.

In 'n sekere sin sou geredeneer kon word dat slegs opgeleide historici historiografiese annotering mag beoefen. Die implikasie is dus dat indien iemand anders hom op die terrein van annotering sou begeef, die annotering heel moontlik nie meer wetenskaplik van aard sal wees nie. In sommige gevalle mag dit wel so wees, maar skoling in die historiese wetenskap is ook geen waarborg vir sukses nie. Belangstelling in en kennis van die geskiedenis is beslis 'n vereiste vir die voornemende annoteerder, en dit mag wees dat die

meeste...../

meeste eienskappe van die historikus mutatis mutandis vir die annoteerder geld, maar dit wil voorkom asof daar vir die annoteerder nog iets bykomends vereis word.

Die annoteerder is nie slegs annoteerder nie, maar ook redigeerder. Voordat met die annotasie van 'n teks begin word, moet die annoteerder eers na die oorspronklike teks gaan en dit herstel en redigeer, m.a.w. dit moet in 'n annoteerbare en leesbare vorm omskep word. Redigering vereis o.a. 'n mindere of meerdere mate van taalkundige vaardigheid. Baie dagboeke en herinneringe is onduidelik of dubbelsinnig geskryf. Naas 'n deeglike kennis van die historiese agtergrond van die betrokke teks wat geannoteer moet word, sal 'n annoteerder ook oor 'n basiese kennis t.o.v. toepaslike historiese hulpwetenskappe moet beskik, bv. kronologie, paleografie, genealogie en numismatiek.⁵⁰

Liefde vir en belangstelling in die verlede en die historiese wetenskap is egter nie die enigste eienskappe waarvoor 'n voornemende annoteerder moet beskik nie. Hy moet veral intuïtief kan aanvoel wat behoort geannoteer te word en hoe en waar hy die nodige bronne sal vind om met sukses te kan annoteer. Wye algemene kennis is noodsaaklik ten einde by die deurlees van die teks reeds as't ware die voetnote wat hy sal moet skryf, voor sy geestesoog te sien en te weet waarna die teks alles verwys. So nie sal hy dit moeilik vind om die teks in die regte historiese perspektief te kan plaas.

Talle annoteringswaardige tekste is nie altyd volledig nie. Daar mag bv. tydspronge voorkom, of die ervarene se vertelling of aantekeninge mag baie vaag en/of onduidelik wees. Derhalwe moet die annoteerder dan sy verbeelding gebruik om hierdie gapings te oorbrug, en d.m.v. annoteringsvoetnote en 'n agtergrondgeskiedenis dit vir die leser moontlik maak om dieselfde te kan doen.

Daar...../

50. Combrinck, J.A., "Aardrykskunde (Geografie) as aangrensende Wetenskap tot die Geskiedenis" in Militaria, vol. X, nr. 3, pp. 40-41.

Daar moet by die voornemende annoteerder 'n opregte waarheids=liewendheid, waarheidsoeke, egtheidsbehoefte en eerlikheid wees, en dus ook 'n diepe verantwoordelikeheidsin. Die annoteerder moet reg laat geskied aan die verlede, aan die gebeure van die verlede, maar bowe-al ook aan die mense van die verlede. Die mense wat in die dagboek of herinneringe figureer, is in die meeste gevalle reeds oorlede.

Die annoteerder, soos ook die historikus in die algemeen, kan mense "maak" of "breek", maar sy verantwoordelikheid is om die verlede en veral die karakters uit die verlede, tot hul volle reg te laat kom.

Historiese kennis en insig, historiese sin en historiese "common sense" is besliste voorwaardes vir annotering, en so ook sielkundige insig en deurdringingsvermoë. Net soos die gewone historikus, is dit wenslik dat die annoteerder ook akademies geskool moet wees, d.w.s. oor kennis beskik van die historiese metode, van die hulpwetenskappe rondom bronnestudie, en vanselfsprekend ook oor 'n sterk wetenskap=like, verantwoordelike en kritiese geesteshouding.⁵¹

Uiteindelik is elke leser van die geannoteerde teks self ook 'n annoteerder. Wanneer 'n mens iets krities en weldeurdagkend lees, is 'n mens immers besig om voortdurend as't ware "voetnote" in jou gedagtes te maak. Sommige mense maak letterlik "voetnote" deur bv. kantaantekeninge neer te skryf of sekere dinge te onderstreep. Wanneer 'n mens iets lees, word 'n mens deur dit wat jy lees gekonfronteer, en moet jy vir jouself rekenskap daarvan gee. Indien 'n mens iets lees wat nie heeltemal verstaanbaar is nie of waarvan jy meer van die betrokke gedeelte te wete wil kom, sal die toegewyde en belangstellende leser ander bronne daarvoor naslaan. Dit is in wese niks minder as 'n tipe annotering waarvoor jy nie noodwendig akademies opgelei hoef te wees nie.

Wanneer...../

51. N.a.v. Ploeger, J., "Die Ontwikkeling van die Begrip Geskiedenis en die Studie van Militêre Geskiedenis" in Krygshistoriese Tydskrif, vol. I, nr. 2, Junie 1968, p. 15.

Wanneer 'n geannoteerde teks gelees word, moet die teks en voetnote as eenheid saam krities geëvalueer word. Die leser hoef egter nie noodwendig met die annoteerder se metode of gevolgtrekkings saam te stem nie. Soms mag dit selfs gebeur dat die leser veel meer van die onderwerp af weet as die annoteerder. Wat die annoteerder deur inspannende navorsingswerk bymekaar moes kry, mag vir sommige lesers algemene kennis wees. Die leser sou selfs met sy meerdere kennis die foute wat in die annotering voorkom aan die annoteerder uitwys, of inligting verskaf oor persone of sake wat die annoteerder nie kon annoteer nie. Dit moet beklemtoon word dat in meer as een opsig is geen teks ooit klaar geannoteer nie. Soos geskiedskrywing is ook annotering, in die woorde van Pieter Geyl, 'n debat sonder einde.

Daar mag geen onnodige beperkings op die kring van annoteerders geplaas word nie. Enige persoon behoort aangemoedig te word om te annoteer. Wie hom op die terrein van die historiografiese annotering begewe, moet egter in geskiedenis belangstel en behoort tot 'n mindere of meerdere mate ervaring op die gebied van die geskiedskrywing te hê, of moet minstens deeglike kennis oor die historiese metode beskik.

8. Vir wie word geannoteer?

Die vraag i.v.m. vir wie daar geannoteer word, is in 'n groot mate bepalend t.o.v. die wyse waarop geannoteer word, en raak veral die horisontale en vertikale diepte van annotering.⁵² Die persoon of teikengroep vir wie geannoteer word, gaan in 'n baie groot mate bepaal wat alles en in hoeveel besonderhede geannoteer word.

Die vraag is of slegs vir die doelbewuste leser geannoteer

moet...../

52. Wat betref die horisontale en vertikale diepte van annotering, vgl. infra., pp. 67-73.

moet word, d.w.s. vir dié persoon wat in geskiedenis en in besonder ook in geannoteerde of annoteerbare tekste belangstel en dus doelbewus geannoteerde tekste lees, en of die toevallige leser ook in gedagte gehou moet word. Die toevallige leser se belangstelling in en gevolglik ook sy kennis van en insig in geskiedenis is relatief gesproke beperk. Die kanse dat die toevallige leser 'n geannoteerde teks sal lees, is dus skraal, maar die moontlikheid kan nie uitgesluit word nie.

Die annoteerder se primêre teikengroep is die doelbewuste leser. Lg. beskik oor 'n mindere of meerdere mate van kennis en insig in geskiedenis. Dit is dus nie nodig om sake of persone te annoteer wat relatief gesproke bekend of selfverduidelikend is nie. Daarenteen moet die toevallige leser se behoeftes egter ook nie uit die oog verloor word nie.

Die annoteerder moet die teks dus só annoteer dat enige geletterde persoon in staat sal wees om die geannoteerde teks te kan volg en verstaan, sonder om ander bronne te raadpleeg. 'n Teks moet gevolglik ook vir die leek toeganklik gemaak word. Geannoteerde tekste is nie bloot net vir 'n klein groepie ingewydes bedoel nie en ook nie bloot net vir opgeleide historici nie. Indien geannoteerde tekste slegs vir 'n bepaalde groep mense bedoel was, sou dit 'n heel beperkte en eng doel hê. Nie dat die waarde van iets bepaal word in terme van hoe groot die leserskring daarvan sal wees nie, maar die ideaal bly steeds om by soveel mense moontlik 'n belangstelling in geannoteerde tekste te wek of te laat ontwikkel.

HOOFSTUK II : DIE BEGINSELS, METODE EN TEGNIEK VAN ANNOTERING

1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word annotering behandel n.a.v. die beginsels wat daarvoor geld, die metode wat kenmerkend daarvan is en die tegnieke wat eie daaraan is. Die beginsels, metode en tegniek van annotering moet duidelik van mekaar onderskei word, hoewel hulle tog nie geïsoleerd gesien moet word nie. Hulle is dus onderskeibaar maar nooit skeibaar nie. Dit sal blyk dat die beginsels die aard van die metode bepaal, terwyl die metode op sy beurt die grondslag van die tegniek neerlê.

2. Die beginsels van annotering

Beginnels is fundamentele en leidende en rigtinggewende bepalings wat vir 'n bepaalde gebied geld.¹ Beginnels kan nie bewys word nie, maar is gronde waarop die mens hom beroep; waar gronde onbewysbare gegewens is wat die wetenskap ten grondslag lê.²

Die beginsels van annotering is dus vervat in die basiese riglyne en maatstawwe waarvolgens geannoteer behoort te word. Die beginsels van annotering is vas. Daar kan wel nuwe beginsels bykom en daar kan met verloop van tyd selfs 'n herwaardering van die beginsels plaasvind, maar die beginsels wat onderskei is, bly in hul toepassing vas en algemeen-geldend onder alle omstandighede.³

In die lig van die feit dat die beginsels van annotering die fundamentele en leidende bepalings is waarvolgens geannoteer moet word, sou die volgende as basiese beginsels van annotering geld:

2.1...../

-
1. Stoker, H.G., Beginnels en Metodes in die Wetenskap, p. 33.
 2. Ibid., pp. 29-30.
 3. Vgl. n.a.v. ibid., pp. 32-33.

2.1 Die beginsel van eenvoud

Annotering moet so eenvoudig as moontlik wees. Eenvoud impliseer nie oppervlakkigheid of minderwaardigheid nie. Om enigsins ook die toevallige leser in geannoteerde tekste te laat belangstel, moet annotering o.a. eenvoudig en algemeen-verstaanbaar wees. Hoogdrawendheid en opsetlike "geleerdheid" skrik enige leser af. Annotering moet dus so kort en kragtig as moontlik wees, maar terselfdertyd die nodige diepte en historiese kennis en insig verskaf.

2.2 Die beginsel van konsekwentheid

Persone, plekke en gebeure moet konsekwent geannoteer word. Daar moet egter ook konsekwentheid wees t.o.v. die tegniek van annotering in dié sin dat die tegniek nie t.o.v. dieselfde teks moet wissel nie. Voetnootverwysings moet bv. deurgaans op dieselfde wyse geskied.

2.3 Waarheidsoeke

Annotering staan soos enige ander historiese ondersoek in die diens van die soeke na die sin en betekenis van historiese gebeure, en om hulle in hul ware verband krities te ontleed en tot 'n sinvolle en getroue sintese of geheelbeeld te bring.

In 'n sondegebroke wêreld sal die mens altyd slegs ten dele ken, maar dit is nog geen rede of verskoning om nie na die historiese waarheid in sy volheid te soek nie. Vir die Christen-historikus is die soeke na die waarheid 'n beginsel-saak van erns.

Annotering mag nooit misbruik word om onder die dekmantel van wetenskaplikheid persone af te kraak of op te hemel, of om sekere gebeurtenisse in "nuwe" of verdraaide perspektief te stel nie. Annotering moet dus soos enige wetenskaplike geskiedskrywing so korrek as moontlik wees.

2.4...../

2.4 Die beginsel van eerlikheid

Dit hang saam met die kwessie van waarheidsoeke. Die feite mag nie verbloem word nie. Die annoteerder moet ook nie probeer om alles wat hy annoteer te oorvereenvoudig asof alles wat in die verlede gebeur het, ongekompliseerd is nie.

Die annoteerder moet ook eerlik wees t.o.v. sy annoteerproses as sodanig. As hy bv. nie iets kon annoteer nie, moet hy dit ruiterlik erken, en nie op enige wyse probeer verdoesel nie. Die teks self moet ook nie op so 'n wyse geredigeer of "aangepas" word om die annoteerder se siening van sake te pas nie. Daardeur boet die annoteerder sy geloofwaardigheid in. Die teks moet gehandhaaf word soos dit is. Indien wysiginge om een of ander rede wel aangebring word, moet dit as sodanig aangetoon word.

2.5 Die beginsel van konsentrasie-op-feite

Die aard van annotering bied nie ruimte om 'n omvangryke relaas van gebeure of beskrywings van persone of plekke te verstrek nie. Die aanvaarde beginsel is om basiese feite i.v.m. 'n persoon of saak so kort en kragtig as moontlik te verskaf. Wesenlik moet slegs feite verstrekkend word, en nie soseer interpretasies van of eie menings oor die feite nie. In dié sin moet die annoteerder as't ware verder terug staan van dit wat beskryf word as wat van die gewone historikus verwag word, en is die eise van "objektiwiteit" vir hom nog hoër as dié van die historikus.

2.6 Die beginsel van analise en sintese

Die annoteerder moet die teks voor hom in sy geheel benader. Dit moet immers in sy geheel geannoteer word. Tydens die praktiese annoteerproses moet die teks egter as't ware in kleiner dele opgedeel word, in segmente of onderskeibare onderdele, selfs in afsonderlike insidente, en dan elk afsonderlik benader

en...../

en geannoteer word. Die annoteerder haal m.a.w. die teks uitmekaar, annoteer elke deel afsonderlik, hoewel steeds in verband met die res, en sit daarna weer die teks, nou in samehang met die annotering, aanmekaar, om so 'n nuwe, groter, sinvoller geheel daar te stel, d.w.s. die geannoteerde teks. In dié hele proses druk die annoteerder sy eie unieke stempel op die teks af.

2.7 Die beginsel van assosiasie

Die annoteerder moet 'n wye belangstelling, kennis en insig hê, sodat hy groot gehele sal kan saamvat, samehange sal insien en toepaslike assosiasies sal kan maak. Dit wat in die teks staan, moet met die geskiedenis wat dit ten grondslag lê, in verband gebring word. Dit wat geannoteer moet word, moet met ander bronne waarin bevestiging daarvoor gevind sal word, geassosieer kan word, d.w.s. bronne in terme waarvan dit geverifieer kan word.

2.8 Die beginsel van wetenskaplikheid

Annotering moet altyd van 'n hoë gehalte wees en die geskiedenis-as-wetenskap tot voordeel strek. Die geannoteerde teks moet 'n historiese werk van gehalte wees. Soos die geskiedenis-as-wetenskap in die algemeen, moet annotering ook 'n sisteem van rasonale, gefundeerde, mededeelbare en - in unieke historiese sin - objektief-geldige kennis wees, wat volgens bepaalde metodes verkry is.⁴

2.9...../

4. Dreyer, P.S., Inleiding tot die Filosofie van Geskiedenis, pp. 120-126.

2.9 'n Kritiese ingesteldheid

Dit hang saam met die eis van wetenskaplikheid. Die teks moet in sy geheel, maar ook in sy afsonderlike dele, onder die vergrootglas geplaas word. Alles wat in die teks gesê word, moet met vrae soos bv. wie?, wat?, waar?, wanneer?, hoe?, hoekom só en nie anders nie? gekonfronteer word. In 'n sekere sin moet van die standpunt uitgegaan word dat niks in die teks korrek is nie, alvorens dit nie uit ander bronne as korrek bevestig of bewys is nie. Talle feite en uitsprake wat in dagboeke en herinneringe staan, is egter ingevolge die unieke aard daarvan, nie kontroleerbaar nie.

2.10 Die beginsel van akkuraatheid

Feite wat in annotering genoem word, moet presies, noukeurig en korrek wees. Omdat annotering kort en kragtig is, mag vaaghede nie geduld word nie.

2.11 Die beginsel van tersaaklikheid

Die annoteerder moet hom bepaal by dit wat voor hom is. Soos reeds daarop gewys is, moet feite geannoteer word; d.w.s. persone, plekke, gebeure, ens. Verduidelikings is nie uitgesluit nie, maar interpretasie moet tot 'n minimum beperk word.

Deur slegs dit wat voor jou is, te annoteer, beteken o.a. dat een-eenduidig geannoteer moet word, en nie een-meerduidig, meer-eenduidig of meer-meerduidig nie. Een-eenduidige annotering beteken dat alles wat in die annoteringsvoetnoot staan, direk met dit wat geannoteer word, in verband moet staan. Dit wat in die annoteringsvoetnoot staan moet dus ter sake wees en betrekking hê.

Bv.: "Die Duitsers het 'n groot neerlaag te El Alamein gely. x Daarna...."

- x. Die slag van El Alamein het vanaf 23 Oktober tot 4 November 1942 geduur. El Alamein is sowat 100 km wes vanaf Alexandrië geleë. Die Geallieerdes het onder aanvoering van veldmaarskalk B.L. Montgomery gestaan. Montgomery is in 1887 gebore, die seun van 'n Anglikaanse biskop. Montgomery was aan die begin van die Tweede Wêreldoorlog in bevel gewees van 'n Britse divisie in Frankryk. Veldmaarskalk Erwin Rommel was die Duitse bevelvoerder. Hy is in 1891 te Württemberg gebore. Hy het as infanteris aan die Eerste Wêreldoorlog deelgeneem. Die Duitse opmars na Kaïro is te El Alamein gestuit en hulle is gedwing om terug te val. Dit was die begin van 'n dramatiese ommekeer in die oorlog in die guns van die Geallieerdes. Intussen het die Duitse inval in Rusland ook skipbreuk gely. Hierdie inval het op 22 Junie 1941 begin en het as Operasie Barbarossa bekend gestaan. Sien Dupuy, R.E. en Dupuy, T.N., The Encyclopaedia of Military History, from 3500 B.C. to the present, pp. 1078, 1084-1085, en Keegan, J. en Wheatcroft, A., Who's Who in Military History, from 1453 to the present day, pp. 230-231, 278-280.

Alles wat in die voetnoot kursief gedruk is, behalwe natuurlik die bronne waarna daar verwys word, is streng gesproke oorbodig. Die voorbeeld is van een-meerduidige annotering. Dit kom daarop neer dat binne die annotasie self weer verder geannoteer word. Die voldoende en onvoldoende annotering in die bostaande voorbeeld kan soos volg geskematiseer word:

Die...../

Die Teks

x

x. **Besonderhede oor die slag van El Alamein** : VOLDOENDE

**Biografiese
Besonderhede
oor
Montgomery**

**Biografiese
Besonderhede
oor Rommel**

**Besonderhede
oor die inval
in Rusland**

: OORBODIG

Deur meer-eenduidig te annoteer, word meer as een ding wat geannoteer moet word, onder een voetnoot saamgevat. Dit wat in die voetnoot staan is dan eintlik te kort of nie verhelderend genoeg nie. Meer-meerduidige annotering kom weer daarop neer dat daar weer eens 'n aantal aspekte saam geannoteer word, maar dat daar wel in die een voetnoot oor elke aspek iets vermeld word. Die annotering word egter saamgegooi, sodat dit nie altyd duidelik is wat by wat tuishoort nie, of wat waarop van toepassing is nie. Elke aspek moet liefst afsonderlik geannoteer word.

2.12 Die beginsel van objektiwiteit

Eintlik is dit 'n onmoontlike eis, want van volkome objektiwiteit kan, soos by die geskiedskrywing, ook by annotasie geen sprake wees nie. In elke stuk geskiedskrywing, en dus ook in annotering, is daar gevolglik 'n onontbeerlike element van subjektiwiteit opgesluit. Wat wel moet gebeur, is dat die annoteerder onbevooroordeeld moet wees. Daar is immers 'n wesenlike verskil tussen subjektiwiteit en subjektiwisme. Subjektiwiteit is iets natuurliks, mensliks en - binne perke - aanvaarbaar. Subjektiwisme is

egter...../

egter die verabsoluttering van subjektiwiteit, en dit lei tot vooroordeel en opsetlike verdraaiing.⁵

Samevattend is die eise wat aan annotering gestel word

- (a) om só kort en kragtig as moontlik - dog steeds duidelik - te wees;
- (b) om só konsekwent as moontlik te wees; en
- (c) om só korrek as moontlik te wees - sodat dit wat gestel is, waar sal wees.

Die beginsels moet konsekwent na die metode en tegniek van annotering deurgetrek word, en dus uiteindelik fisies ver-gestaltung vind in die annotering.

3. Die metode van annotering

In navolging van H.G. Stoker se Beginnels en Metodes in die Wetenskap se uiteensetting is 'n metode 'n verantwoordelike menslike handelwyse of werkwyse wat uitgevoer word om 'n gestelde doel te verwesenlik of 'n bepaalde resultaat te verkry.⁶

'n Metode veronderstel dus twee pole:

- (a) Die beginpunt - dit wat aan die begin voorhande is en waarvan gebruik gemaak word.
- (b) Die eindpunt - die doel wat gestel en verwesenlik word, of die resultaat wat bepaal en verkry word.⁷

Die handeling vind tussen hierdie twee pole plaas. Die wyse van handeling of werk moet van so 'n aard wees dat dit albei pole verbind en dat beide pole voortdurend in gedagte gehou moet word. Die handelwyse of werkwyse word gevolglik ook deur beide die pole bepaal.⁸

Dit...../


5. Ibid., pp. 84-96.

6. Stoker, op. cit., p. 49.

7. Ibid., p. 50.

8. Ibid.

Dit kan skematies soos volg voorgestel word:



Metode omsluit dus dit wat gegee of voorhande is, die doel wat verwesenlik is of die resultaat wat bereik is, asook by implikasie die werkwyse of tegniek. Die metode moet nl. die kloof tussen dit wat gegee is en dit wat bereik wil word, oorbrug. Die metode is bowendien 'n omvattende en rigting=gewende denkproses; m.a.w. iets wat nie fisies sigbaar is nie.

Metodiese handeling impliseer gevolglik ook dat vooraf beplan word, opsetlik rekening gehou word met dit wat voorhande is, en dat die doel opsetlik gestel word. Die handeling wat uitgevoer of werk wat gedoen word om die doel te verwesenlik, is self egter geen metode nie, want 'n metode is slegs 'n wyse waarop m.b.v. dit wat voorhande is, 'n gestelde doel verwesenlik word.⁹

'n Metode dien dus as middel tot 'n doel en is nie 'n doel op sigself nie. 'n Metode kan wel van middele, bv. gereedskap, instrumente of apparate gebruik maak. 'n Metode kan dus nog verder omskryf word as 'n beplande wyse van handeling of van werk wat as middel, en waar moontlik m.b.v. middele, diens doen om met gebruikmaking van dit wat voorhande is, 'n gestelde doel te verwesenlik of 'n bepaalde resultaat te verkry.¹⁰

'n...../

9. Ibid.

10. Ibid., pp. 50-51.

'n Wetenskaplike metode verskil van metodes in die algemeen daarin dat die handeling in alle opsigte wetenskaplik van aard moet wees en dat uitgaande van dit wat wetenskaplik kenbaar is, 'n wetenskaplike doel nagestreef word of 'n wetenskaplike resultaat verkry word. 'n Wetenskaplike metode kan dus volgens Stoker omskryf word "as 'n wyse van beplande, verifiërende en sistematiese handeling of werk wat as middel, en waar moontlik m.b.v. middele, diens doen om met gebruikmaking van wat wetenskaplik kenbaar is, wetenskap - d.w.s. geverifieerde en gesistematiseerde kennis - te vorm."¹¹ Die metode van annotering staan in die teken van bg. wetenskaplike metode.

Elke metode is prinsipieel bepaal en is dus van beginsels afhanklik. Beginsels is egter op hulle beurt weer van 'n metode of metodes afhanklik. Beginsels word immers eers effektief of word eers prakties geïmplementeer d.m.v. 'n metode of metodes. Beginsels en metode is dus onderling aan mekaar verbonde en daar bestaan 'n definitiewe samehang tussen hulle, aldus Stoker.¹²

Daar moet 'n metode wees om beginsels ten uitvoer te bring. Om die beginsels van annotering ten uitvoer te bring, moet daar dus ook 'n metode wees; slegs één, nl. die regte een. Daar kan prinsipieel dus nie 'n verkeerde metode van annotering wees nie, want 'n "verkeerde" metode sal bv. nie die gaping tussen dit wat enersyds gegee word, nl. die teks en bronne, en andersyds dit wat verwesenlik wil word, nl. 'n geannoteerde teks, kan oorbrug nie.

Die metode van annotering is vas. Daar word altyd vanaf 'n ongeannoteerde teks uitgegaan en gewerk met die oog op die daarstel van 'n geannoteerde teks. Die metode van annotering sluit o.a. in die versamel van bronne, die die onderwerping van hierdie bronne sowel as die teks

aan...../

11. Ibid., p. 52.

12. Ibid., pp. 108-109.

aan historiese kritiek en die vorming van 'n sintese. Terwyl die sintese wat gevorm word by die skrywe van die agtergrond-geskiedenis soortgelyk is aan dié van die geskiedenis-as-wetenskap in die algemeen, is die sintese op die vlak van annotering as sodanig heel uniek, want annoteringsvoetnote of annotasies moet nie slegs elk afsonderlik van 'n sintese in eie reg spreek nie, maar annotasies en teks moet sáám ook 'n sintese vorm, nl. 'n goed-gebalanseerde geannoteerde teks.

Die metode van annotering is die teoretiese patroon, meesterplan of strategie waarvolgens daar geannoteer word. Binne die raamwerk van die omvattende denkproses wat die metode uitmaak, is daar handgrepe, middele of tegnieke. Die wetenskaplike metode van annotering gaan egter die praktiese annotering, annoteringshandeling, werkwyse of tegniek van annotering vooraf. Soos wat die beginsels en metode van annotering onderling aan mekaar verbonde is, so is ook die metode en tegniek van annotering ten nouste aan mekaar verbonde.

4. Die tegniek van annotering

Om die metode van annotering prakties te implementeer, word sekere vaardighede vereis wat bekend staan as die tegniek van annotering. Die praktiese werkwyse kan verskil van persoon tot persoon en kan ook, anders as in die geval van die metode, reg óf verkeerd wees.

Die tegniek is dus die praktiese annoteerproses, die praktiese toepassing van die teoretiese metode, en kan as die annotering-as-geskiedskrywing-proses bestempel word. Aangesien 'n taak subjektief aangepak word, is daar nie twee persone wat in die praktyk dieselfde annoteer nie.

Die tref van vergelykings vorm 'n belangrike komponent van die praktiese annoteringsproses. 'n Teks word na sy inhoud - in elke afsonderlike komponent van die teks, bv. persone, plekke en gebeurtenisse, afsonderlik maar ook in hulle samehang - met ander bronne vergelyk.

Op...../

Op hierdie wyse word gekontroleer of die inhoud van die teks korrek is. Vergelykings word getref en assosiasies gemaak. Ooreenkomste en verskille word uitgewys.

Deur die onderdele van die teks met mekaar en met ander bronne te vergelyk en deur die maak van annotasies, word uiteindelik 'n groter geheel daargestel; iets wat meer is as die oorspronklike teks.

Annotering moet op so 'n wyse geskied dat die voetnote en teks uiteindelik in samehang met mekaar 'n hegte geheel en eenheid uitmaak. Die historiese sintese by annotering lê egter op 'n ander vlak as by gewone geskiedskrywing.

By geskiedskrywing word op een en dieselfde vlak 'n sintese bewerkstellig deur stof uit verskillende bronne te neem, dit te evalueer en in 'n nuwe vorm te hergroepeer, tesame met die nodige interpretasie.

By annotering word daar by sommige van die voetnote van slegs een bron gebruik gemaak, en word soms net opsommenderwys 'n paar basiese dinge oor 'n persoon, plek of gebeurtenis gesê. Daar word ook nie altyd geïnterpreteer nie, en persoonlike kommentaar word tot 'n minimum beperk. Binne elke afsonderlike voetnoot kom daar dus nie altyd veel van die historiese sintese in die ware sin van die woord tereg nie.

By annotering lê die historiese sintese egter daarin om 'n goeie balans daar te stel tussen die teks en die annoteringsvoetnote, sodat die geannoteerde teks 'n sinvolle en gebalanseerde geheel van die teks en voetnote sal wees. Die leser self moet egter uiteindelik 'n sintese vorm deur teks en voetnote saam te lees.

4.1 Basiese riglyne vir die annotering van 'n teks

Wanneer die metode in die praktyk geïmplementeer word, is daar sekere basiese riglyne wat gevolg behoort te word. Hierdie basiese riglyne word vervolgens gerieflikheidshalwe puntsgewys uiteengesit. Die

tegniek...../

tegniek mag verskil volgens die aard en omvang van die teks.

4.1.1 Die keuse van 'n teks wat annoteringswaardig is, hang van verskeie faktore af. Soms soek 'n mens doelbewus 'n teks om te annoteer, en diep op dié wyse miskien waardevolle historiese bronne op wat andersins verlore sou gegaan het. Soms gebeur dit egter dat 'n mens toevallig op 'n teks afkom, of dat iemand anders 'n mens se aandag op 'n spesifieke teks vestig, of dat 'n mens in opdrag gevra word om 'n spesifieke teks te annoteer.

4.1.2 Daar moet vasgestel word of die teks eg is; of dit oorspronklik is. Daar moet dus ingegaan word op die herkoms van die teks. Waar kom dit vandaan? Wie het dit opgestel of laat opstel? Hoekom is dit opgestel? Die eksterne historiese kritiek kom dus in toepassing.

Eksterne sowel as interne kritiek moet toegepas word. Ekstern, om die egtheid van die getuienis volgens die uiterlike vorm daarvan vas te stel, bv. is die bron as sodanig wat dit voorgee om te wees, en intern, om die betroubaarheid van die getuienis self, d.w.s. inhoud, vas te stel. Die vraag is dus o.m. of die getuie bevoeg was om 'n getuie te kon wees, en of dit wat hy waargeneem het, wel in sy ware vorm neerslag gevind het in die teks. Die bevoegdheid al dan nie van 'n getuie kan o.m. afgelei word uit sy identiteit en die gehalte van sy getuienis. Noukeurigheid is 'n belangrike aanduiding van betroubaarheid. Sy bevoegdheid word egter uiteindelik bepaal deur sy getuienis te vergelyk met ander betroubare bronne oor dieselfde onderwerp. A.g.v. die uniekheid van die teks, is dit nie altyd moontlik om alle getuienis te kontroleer nie. Die getesgesteldheid van die ervarene is ook van kardinale belang. Sy ingesteldheid teenoor dit wat

hy...../

hy belewe moet dus verreken word. Ook die omstandighede waaronder die teks opgestel is, is van besondere belang.¹³

4.1.3 Daar moet vasgestel word of dit die moeite werd is om wel die teks te annoteer. Alle tekste is nie annoteerbaar nie. Sommige is nl. op sigself reeds selfverklarend of "volledig", en in so 'n mate dat annotering selfs daaraan sal afbreuk doen. Alle annoteerbare tekste is egter ook weer nie annoteerwaardig nie.

4.1.4 Noudat die teks reeds deurgelees is en vasgestel is dat dit na vorm eg is en na inhoud die moeite werd is om te annoteer, moet ander bronne geraadpleeg word rondom die agtergrondgeskiedenis wat die teks ten grondslag lê. Met deurlees van die teks kan reeds bepaal word waaroor dit min of meer gaan en watter stuk geskiedenis dit dek. Deur die tydperk en die gebeure te bestudeer waaroor die teks handel, word die teks vir die annoteerder self in historiese perspektief geplaas.

Dit is uiters wenslik dat die annoteerder deeglike algemene kennis oor die agtergrondgeskiedenis opbou, want dit stel hom in staat om by die praktiese annotering te weet waar om wat in die hande te kry. Dit stel hom ook in staat om veel makliker assosiasies op te bou tussen die afsonderlike fasette van die teks en die bronne met behulp waarvan dit gekontroleer moet word.

Die hele opleesproses kan ook gelaat word totdat die bronne vir annotering versamel is. Indien

daar...../

13. Stemmet, F.J., Gepubliseerde outobiografiese Bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog, pp. 29-34.

daar egter vooraf meer oor die agtergrondgeskiedenis gelees word, kan dit daartoe bydra dat toepaslike bronne makliker versamel sal kan word. Tydens die hele leesproses kan daar selfs hier en daar al aantekeninge gemaak word om aan te toon wat geannoteer moet word.

- 4.1.5 Vervolgens moet die teks self in sy finale, annoteerbare vorm herstel word; d.w.s. die finale vorm waarin dit geannoteer gaan word. Sodra met die annotering self begin word, moet die herstelproses afgeloop wees, en die wysiginge of toevoegings deur toepaslike verwysinge aangedui word. In sy finale vorm moet die teks duidelik en netjies wees, sodat die annoteringsvoetnote sonder moeite aangebring kan word. Die bladsye moet ook deurlopend duidelik genommer word.
- 4.1.6 Die teks self moet nou na inhoud, sin en betekenis goed geken word. Die annoteerder moet nl. in staat wees om wanneer hy bronne deurwerk, feite in die bronne met die onderskeie persone of sake wat geannoteer moet word, in verband te bring.
- 4.1.7 Bronne moet versamel word met die oog daarop om die teks te annoteer. Die feite wat nodig is om die teks te annoteer, is slegs in bronne te vinde. Die ideaal is om alle bronne wat benodig word, bymekaar te hê, sodat die annoteerder te enige tyd sy hand op enigeen van die bronne kan lê.

Die annoteerder moet aan die vereistes van deeglike wetenskaplike bronnestudie voldoen. Geen bron is vir die annoteerder te minderwaardig of sekondêr nie. Dit is soms verbasend waar oral informasie bekom kan word. Die bronne wat versamel en geraadpleeg word, kan gewoonlik

ook...../

ook gebruik word by die skryf van die agtergrond=geskiedenis tot die teks.

4.1.8 Die annoteringsproses as sodanig verg die "maak van voetnote." Om presies te sê hoe dit gedoen word, is problematies. Streng gesproke is daar geen reëls en geen definitiewe resep met voorskryfte nie. Die tegniek wat gevolg word, wissel ook van persoon tot persoon. Slegs enkele moontlike riglyne word aangestip. Die bronne met die inligting wat daaruit te haal is, kan op drie maniere aangewend word:

4.1.8.1 Die bronne kan die een na die ander deurgewerk word en relevante inligting daaruit neergeskryf word. Aangesien die stof wat op hierdie wyse versamel word, ongeorden is, word 'n register of indeks opgestel, alfabeties volgens die onderwerps hoofde, m.a.w. t.o.v. persone, plekke, gebeure, ens. D.m.v. hierdie register kan daar dan vanaf dit wat in die teks geannoteer moet word, na die relevante feite in die versamelde stof, teruggewerk word.

4.1.8.2 'n Opname moet eers van alles wat geannoteer word, gemaak word. Vir elke voetnoot moet 'n los bladsy voorsiening gemaak word. Die bronne moet daarna een vir een deurgewerk en die inligting by die onderskeie voetnote neergeskryf word. Elke voetnoot se versamelde stof kan dan verwerk en die annoteringsvoetnoot dadelik geskryf word.

Indien hierdie tegniek gevolg word, maak die annoteerder op sy geheue staat in soverre hy moet onthou watter inligting

hy...../

hy uit die bronne benodig. Indien sy geheue hom in die steek laat, mag dit gebeur dat hy belangrike inligting in die bronne oorslaan. Die inligting wat op hierdie wyse versamel word, is nie maklik aanwendbaar vir die skryf van die agtergrondgeskiedenis nie, want dit word fragmentaries aangeteken.

4.1.8.3 Die voetnote, d.w.s. dit wat geannoteer moet word, word as uitgangspunt geneem en die annotasie word voetnoot vir voetnoot gedoen. Die inligting wat t.o.v. elke betrokke voetnoot benodig word, word versamel en die voetnoot word dan afgehandel.

Die eerste twee tegnieke vereis nie dat alle bronne wat benodig word, almal tegelykertyd byderhand hoef te wees nie. Die derde vereis wel dat bronne vir elke voetnoot fisies byderhand moet wees.

Daar is nie 'n "regte" of "verkeerde" tegniek nie. Die werkwyse wat gevolg word, sal afhang van die aard en omvang van die teks wat geannoteer word en die beskikbaarheid van bronne. In die praktyk sal 'n kombinasie van bg. drie tegnieke heel moontlik gebruik word, hoewel die klem moontlik steeds meer op die één as op die ander sal val. Die eise wat elke onderskeie voetnoot aan die annoteerder stel, sal uiteindelik die deurslag gee. Die eerste twee werkwyse het dié voordeel dat terwyl 'n mens annoteer, jy terselfdertyd ook 'n goeie beeld kry van die agtergrondgeskiedenis en sonder veel moeite in staat is om terselfdertyd stof te versamel met die oog op die skryf van die agtergrondgeskiedenis. Die derde werkwyse mag egter in sommige gevalle minder omslagtig en/of tydrowend wees.

Die...../

Die vraag is egter of 'n mens nie miskien éérs die agtergrondgeskiedenis moet skryf, en dan aan die hand daarvan moet annoteer nie. Die annotering moet egter nie bloot 'n herhaling van die agtergrondgeskiedenis in 'n ander vorm wees nie.¹⁴ Soms mag dit makliker wees om eers die agtergrondgeskiedenis te skryf, of moontlik dele daarvan, en daarna te annoteer.

Nadat die voetnote volledig uitgeskryf is, moet hulle opnuut stelselmatig deurgewerk word. Dit mag wees dat sekere gegewens weggelaat moet word of dat sommige voetnote aangevul moet word. Heeltemal nuwe voetnote mag ook moontlik bygevoeg word.

Van die annoteerder word vereis dat hy besonder krities moet staan teenoor dit wat hy geskryf het. Dit is goed om die teks weer eens as uitgangspunt te neem, en dit saam met die annoteringsvoetnote noukeurig deur te lees. Die voetnootnommers is teen dié tyd immers reeds in die teks self aangedui. Deur teks en voetnote saam te lees, soos wat die leser dit uiteindelik gaan doen, kan die annoteerder vasstel óf hy gebalanseerd en verhelderend geannoteer het, óf dit verstaanbaar is, en óf teks en voetnote saam 'n sinvolle geheel uitmaak.

Die vraag ontstaan of die annoteerder van inligting wat in die teks onder annotering vervat is, in die annoteerproses gebruik mag maak. M.a.w. mag 'n mens die teks onder annotering as 'n bron gebruik vir die annotering van dieselfde betrokke teks? Soms mag dit gebeur

dat...../

14. Wat die plek van die agtergrondgeskiedenis in annotering betref, vgl. Hoofstuk III.

dat die opsteller van die teks na persone of sake verwys waaroor die annoteerder geen ander of kontrolerende inligting kon bekom nie. Uit die teks self word daar egter meer lig op die saak of persoon gewerp.

Streng gesproke is dit nie korrek om die teks self as 'n bron te gebruik nie. Annotering beteken immers dat die teks van buite af geverifieer en gekontroleer moet word. Perspektief kan ook slegs van buite bekom word. Wanneer dit egter werklik nie anders kan nie, mag wel van hierdie uitweg as 'n noodoplossing gebruik gemaak word.

Daar is verskeie maniere om die praktiese annoteringsproses te benader, en ook talle probleme aan elk verbonde. Watter tegniek ook al gevolg word, moet die annoteerder hom altyd vergewis dat alles wat geannoteer moet word, wel geannoteer is; dat teks en annotering 'n sinvolle geheel uitmaak; en dat die teks in sy geannoteerde vorm wel beter verstaanbaar is.

- 4.1.9 Eers nadat die teks geredigeer en geannoteer is, behoort die Inleiding tot die geannoteerde teks geskryf te word. Die annoteerder het eers na die voltooide annotasie 'n geheelbeeld van sy eie arbeid. Die inleiding sluit in die reël 'n kort biografiese skets in van die opsteller van die teks; die geskiedenis van die teks, en aantekeninge i.v.m. die annotering as sodanig, bv. moontlike taal- en stylveranderinge wat aangebring is, sowel as tegniese aspekte t.o.v. die annotering self.¹⁵

4.1.10...../

15. Wat die vorm en inhoud van die Inleiding betref, vgl. Hoofstuk III.

- 4.1.10 Indien die agtergrondgeskiedenis nie reeds geskryf is nie, behoort dit nou gedoen te word.
- 4.1.11 Bylaes en kaarte mag in sommige gevalle groot waarde hê en die gehalte van die geannoteerde teks verhoog. Bylaes en kaarte lig die teks verder toe en plaas dit in perspektief. Dit moet egter altyd toepaslik wees. Kaarte moet duidelik en tegnies goed versorg wees.¹⁶
- 4.1.12 Alle bronne wat gebruik is by die annotering van die teks en die skryf van die agtergrondgeskiedenis moet in 'n netjiese, goed-versorgde en duidelike bronnelys georden en vermeld word.¹⁷
- 4.1.13 Ten slotte behoort 'n register of indeks opgestel te word.¹⁸

4.2 Horisontale en vertikale annotering

Sodra die voornemende annoteerder duidelikheid het oor die riglyne wat gevolg behoort te word by die praktiese annotering van 'n teks, ontstaan die vraag wat die aard en omvang van annotering moet wees.

Met die oog hierop kan daar tussen die volgende onderskei word:

4.2.1 Horisontale annotering

Hier gaan dit om die hoeveelheid wat geannoteer word. Letterlik het dit te make met die aantal voetnote. Op sigself is dit 'n relatiewe en subjektiewe saak. Wat volgens een persoon

geannoteer...../

-
16. Wat bylaes en kaarte betref, vgl. Hoofstuk III.
17. Wat die belangrikheid en tegniese besonderhede van 'n bronnelys by 'n geannoteerde teks betref, vgl. Hoofstuk III.
18. Wat die belangrikheid en tegniese besonderhede van 'n register of indeks by 'n geannoteerde teks betref, vgl. Hoofstuk III.

geannoteer behoort te word, hoef volgens 'n ander nie noodwendig geannoteer te word nie.

Horisontale annotering het te make met die aantal afsonderlike persone, plekke, dinge en gebeurtenisse wat geannoteer word. Uiterlik kan die omvang van die horisontale annotering bepaal word deur die aantal voetnote te tel. Die horisontale digtheid van die annotering is die aantal voetnote relatief tot die lengte van die teks; waar die uiterlike lengte van die teks weer die horisontale lengte van die teks genoem kan word.

4.2.2 Vertikale annotering

Hier gaan dit om in hoeveel besonderhede geannoteer moet word en die vertikale diepte van die annotering. Uiterlik kan die omvang van die vertikale annotering bepaal word deur te let op die lengte van die onderskeie voetnote. Ook dit is 'n relatiewe aangeleentheid. Wat vir een persoon algemene kennis is, of wie vir een persoon bekend is, is nie vir 'n ander persoon algemene kennis of bekend nie. By vertikale annotering moet die vertikale lengte, d.w.s. diepte van die teks onder annotering, in gedagte gehou word. Die vertikale digtheid van annotering moet gevolglik gemeet word in terme van die vertikale lengte van die teks, of dan die inhoud van die teks.

Omdat beide die horisontale en vertikale lengte van annotering relatiewe aangeleenthede is, is dit haas onmoontlik om vaste reëls in dié verband neer te lê. Die aard, omvang en inhoud van die teks onder annotering sal altyd bepalend wees.


Alvorens daar verder op dié hele aangeleentheid ingegaan word, word vervolgens eers 'n aantal skematiese voorbeelde

gegee...../


gegee om die hele kwessie van horisontale en vertikale annotering as't ware visueel nader toe te lig.

Annotering moet pas by die teks. Die annoteerder moet nie annoteer waar daar nie werklik iets te annoteer is nie. Daar moet balans wees tussen die horisontale en vertikale lengte van die teks en dié van die annotering.

Oppervlakkig (bloot horisontaal) kan dit soos volg voorgestel word:¹⁹



'n Goed-gebalanseerde geannoteerde teks.




'n Oordrewe geannoteerde teks. Daar is oënskynlik te veel voetnote; gevolglik is daar 'n wanbalans.

Die...../


19. Al die skematiese voorbeelde is baie relatief van aard. Die voornemende annoteerder moet sy eie diskresie gebruik.

Die saak kan ook soos volg verduidelik word:

(1)




Teks van hierdie
aard, omvang en
inhoud.




Annotering

Die annotering min of
meer van sodanige
omvang, met die
vertikale lengte
(diepte) ongeveer
dieselfde.



Teks


Annotering



'n Goed-gebalanseerde
geannoteerde teks.


(2)...../

(2)



'n Ongebalanseerde
geannoteerde teks,
aangesien daar in
te veel besonderhede
geannoteer is.

(3)



'n Ongebalanseerde
geannoteerde teks,
aangesien daar in
te min besonderhede
geannoteer is.

Op...../

Op hierdie wyse kan verskeie kombinasies van tekste en annotering aangedui word, hetsy goeie of ongebalanseerde geannoteerde tekste.

Soms mag dit gebeur dat die aard, omvang en inhoud van 'n teks die annoteerder dwing om byna te veel besonderhede te annoteer. Vgl. bv. wanneer daar in 'n relatief kort teks baie sake aangeraak word, na baie persone en gebeure verwys word, en die meeste van hierdie persone, sake en gebeure boonop ook nog vir die meeste toevallige lesers en moontlik ook sommige doelbewuste lesers, relatief gesproke onbekend is.²⁰ Dié probleem sou moontlik opgelos kon word deur 'n meer volledige agtergrondgeskiedenis te verstrek.

Dit kan dus wel gebeur dat 'n mens doelbewuste, en heeltemal korrekte oppervlakkig óf gedetailleerde horisontale en/of vertikale annotering kan teëkom. Opperflakkige annotering, waar die vertikale en/of horisontale digtheid dus klein is, is dus nie noodwendig swak annotering nie. Die doel met die annotering het moontlik net verskil; óf die aard, omvang en inhoud van die teks was sodanig dat daar nie in veel besonderhede en/of diepte geannoteer kon word nie. Niks verhoed die annoteerder dus om 'n teks oppervlakkig te annoteer nie, solank net in die Inleiding verduidelik word waarom dit so gedoen is. Net so mag dit soms ook nodig wees om in meer besonderhede te annoteer as wat gebruikelik is.

Daar moet egter steeds balans wees tussen die aard, omvang en inhoud van die teks aan die een kant, en die "volume" van die annotering of die volume van

die...../

20. Vgl. bv. McCracken, J.L., "Irish Nationalists and South Africa, 1877-1902", geannoteer en van bylaes voorsien deur A. Wessels, in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 5, Okt.1978, pp. 157-184.

die voetnote aan die anderkant, waar die volume "bereken" word deur denkbeeldig die aantal voetnote, d.w.s. die horisontale lengte, met die omvang in diepte van die voetnote, d.w.s. die vertikale lengte, te vermenigvuldig. Die volume van die annotering kan ook die saamgestelde of totale digtheid van die annotering genoem word, d.w.s. die produk van die horisontale en vertikale digtheid.

4.3 Verwysings

Die volgende belangrike tegniese aspek rakende annotering wat aandag moet geniet, is die kwessie van verwysings. Dit gaan hier om die tegniek van verwysing t.o.v. verklaring, verduideliking, toeligting en ophelderling.

Die gewone verwysingstegnieke wat geld vir die skryf van werkstukke, verhandelinge, proefskrifte, boeke, artikels, ens., bv. die gebruik van op. cit., ibid., supra, infra, ens., geld mutatis mutandis ook vir annotering. Dit is belangrik dat die annoteerder hierdie basiese voorskrifte t.o.v. verwysings goed sal bemeester en toepas. Daar is geen verskoning vir swak verwysingstegniek nie. Dit is opvallend dat 'n goeie en korrekte verwysingstegniek op sigself gewoonlik nie geprys word nie, en ook nie vermeld word as 'n faktor wat die gehalte van die geannoteerde teks verhoog nie, maar daarenteen val 'n swak verwysingstegniek wat vol foute en inkonsekwentheid is, baie gou op. Dit is hinderlik en skaad beslis die gehalte van die geannoteerde teks. Watter verwysingsstelsel ook al gevolg word, moet dit voldoen aan duidelikheid, konsekwentheid, beknoptheid en kontroleerbaarheid.

4.3.1 Kruisverwysings

Kruisverwysings vorm 'n belangrike onderafdeling van verwysings. Die geannoteerde teks, d.w.s.

teks...../

teks plus annotering, vorm 'n geïntegreerde geheel. Soms mag dit gebeur dat daar op een plek in die teks na 'n sekere persoon, plek of gebeurtenis verwys word, en eers 'n hele ent verder aan opnuut daarna. Die persoon, plek of gebeurtenis word dan by die eerste plek waar na verwys is, geannoteer, maar om die leser by die tweede geleentheid daaraan te herinner dat dit reeds geannoteer is, word by die tweede geleentheid van 'n kruisverwysing na die oorspronklike voetnoot gebruik gemaak, bv.

"Sien voetnoot x."

Aangesien daar veronderstel is om slegs een stel voetnote t.o.v. die teks te wees, d.w.s. die voetnote word deurlopend vanaf een af genommer, is dit eintlik oorbodig om aan te dui:

"Sien voetnoot x hierbo" of "Sien voetnoot x hieronder."

Dit volg logies uit die betrokke kruisverwysingsvoetnoot en die voetnoot waarna verwys word, of dit "hierbo" of "hieronder" lê. Gevolglik is dit ook nie nodig om supra of infra hier te gebruik nie, en ook nie nodig om na bladsynommers te verwys nie. Supra en infra, en dus ook spesifieke bladsynommers, is egter wel ter sprake, en word dus ook gebruik wanneer na spesifieke persone, plekke of gebeurtenisse binne die teks vooruit- of terugverwys word.

'n Suiwer tegniese aangeleentheid wat kortliks aandag behoort te geniet is die gebruik van sien, kyk en vergelyk (afkorting: vgl.). Hierdie drie woorde kan gebruik word by die verwysing na bronne, bv.

32. Die beleg van Mafeking het vanaf 13 Oktober 1899 tot 17 Mei 1900 geduur, 'n totaal van 217 dae. Die Boere-

beleëringsmag...../

beleëringsmag het aanvanklik onder die bevel van genl. P.A. Cronje gestaan en later o.l.v. genl. J.P. Snyman. Kol. R. Baden-Powell was in bevel van die Britse garnisoen gewees. Sien Standard Encyclopaedia of Southern Africa, vol. 7, pp. 107-108. Vgl. ook Gardner, B., Mafeking : a Victorian legend, die hele werk.

Sien impliseer dat die annoteerder hierdie spesifieke bron geraadpleeg het by die opstel en skryf van die betrokke annoteringsvoetnoot. Aangesien sien en kyk oor die algemeen by verwysings in voetnote as sinonieme beskou word, bestaan daar geen dwingende rede om aan of sien of kyk voorkeur te gee nie.²¹

Vergelyk word hier gebruik as 'n algemene verwysing na 'n bron wat die onderwerp in besonderhede dek, maar wat nie noodwendig gebruik is by die skryf van die betrokke annoteringsvoetnoot nie.

4.3.2 Gewone of tegniese verwysings

Hierdie tipe verwysings hanteer tegniese aspekte soos bv. die verduideliking of opklaring van iets in die teks, bv. dubbelsinnighede. Dit sluit in 'n sekere sin ook kruisverwysings in. Gewone verwysings dek ook probleme t.o.v. die annotering self, bv. wanneer 'n persoon, plek of gebeurtenis

nie...../

21. Van der Merwe, H.J.J.M., Die Korrekte Woord, pp. 160-161, 247. Volgens Du Plessis, E.P., Die Kennis Gids tot Moderne Afrikaans, p. 153, behoort sien egter bo kyk verkies word. Wat wel belangrik is by annotering, is dat óf sien óf kyk konsekwent gebruik moet word, maar nie beide in dieselfde stuk as wisselvorme nie.

nie geverifieer kon word nie, en daar in die voetnoot verduidelik word: "Kon nie geïdentifiseer word nie" of "Kon nie geverifieer word nie."

4.3.3 Ware annoteringsvoetnote

Hierdie tipe verwysings is annotasies in die ware sin van die woord en het te make met die annotering van bv. persone, plekke en gebeurtenisse.²²

4.3.3.1 Persone

Hier kan onderskei word tussen

(a) Persone na wie daar baie in die teks verwys word, en wat relatief tot die betrokke teks belangrik is, onafhanklik van wat sy rol en plek in die geskiedenis in die algemeen, d.w.s. buite die teks, is.

(b) Persone na wie daar bloot terloops verwys word.

By die eerste verwysing in die teks na persone wat onder (a) ressorteer, behoort minstens die volgende gegewens verskaf te word:

- (i) Volle voorname en van, asook rang, akademiese kwalifikasies en/of enige ander titels of toekennings.
- (ii) Geboorte- en sterfdatum.
- (iii) Ampte vervul of posisies beklee, bv. Goewerneur van Australie, lid van die Vrystaatse Volksraad, opperbevelhebber

van...../

22. Wat die verskillende sake wat geannoteer kan word betref, vgl. supra., pp.36-42.

van die Geallieerdes aan die Wesfront tydens die Eerste Wêreldoorlog, skeikundige. Kortom: waarvoor word hy onthou?

(iv) Kernagtige biografiese aantekeninge, m.a.w. sy lewensloop.

(v) Verwysing na die gebeure, ens. wat sy naam in die teks waar die verwysing voorkom, voorafgaan; en die rol wat hy daarin gespeel het.

(vi) Bronaanduiding.

(vii) Verwysing na 'n foto van die persoon.

As voorbeeld dien die volgende:

542. Jan Christiaan Smuts (24.5.1870 - 11.9.1950), staatsman, krygsman en filosoof. Nadat hy sy studies te Stellenbosch en Cambridge met groot onderskeiding voltooi het, het hy in Kaapstad en daarna in Johannesburg as advokaat gepraktiseer. In Junie 1898 het hy staatsprokureur van die Z.A.R. geword. Tydens die eerste deel van die Anglo-Boereoorlog het Smuts gehelp met die organisasie van oorlogsmiddele en pres. Kruger ook van raad bedien. Na die val van Pretoria op 5 Junie 1900 het hy homself na die krygsveld begewe en hom ook as krygsman onderskei, eers in Wes-Transvaal en daarna in die Kaapkolonie. Hy het ook aan die vredesonderhandelinge te Vereeniging en Pretoria deelgeneem. Na die oorlog het hy saam met Botha 'n leidende rol gespeel in die Transvaalse politiek en uiteindelik ook in die Suid-Afrikaanse politiek.

Hy...../

Hy was Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika vanaf 1919 tot 1924 en weer vanaf 1939 tot 1948. Sien Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel I, pp. 769-792. Vgl. ook Hancock, W.K., Smuts, vols. I-II; Millin, S.G., General Smuts en Pyper, P.A., Generaal J.C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog, (1899-1902). 'n Foto van Smuts gedurende die Anglo-Boereoorlog is afgedruk in Hancock, op. cit., teenoor p. 144.

Slegs dit wat werklik ter sake is en wat relatief tot die teks is, word aangedui. So bv. word net terloops na sy rol ná die oorlog verwys, aangesien die betrokke geannoteerde teks in hierdie geval slegs op die Anglo-Boereoorlog en die onmiddellike afloop daarvan betrekking het. Die foto waarna verwys word, hou verband met die oorlog.

By 'n terloopse verwysing na 'n persoon, is dit nie nodig om al bg. inligting te verskaf nie. Volle voorname of selfs net voorletters en van, ampte vervul, beroepe of posisies bekleed en bronaanduiding is voldoende. Die probleem is egter dat baie persone na wie terloops verwys word, in elk geval relatief gesproke onbekende en histories-onbelangrike persone is, en dat bitter min, indien enige, biografiese gegewens dus oor hulle bekom kan word. In sulke gevalle mag dit nodig wees om inligting wat andersins onbenutlik geag mag word, in die voetnoot te vermeld. Selfs al sou die persoon en die saak

waarmee...../

waarmee hy in die teks mee in verband gebring word, bloot by wyse van verifiëring ook by mekaar uitgebring word, is dit voldoende. Daar is kontrole uitgeoefen en daarmee het die annoteerder sy belangrike taak nagekom.

Die volgende denkbeeldige persoon en bronne dien as voorbeeld:

45. Lt. R.E. Rawlinson is op 6 Junie 1944, D-dag, ernstig gewond. Hy het egter van sy wonde herstel, want na die oorlog het hy, toe 'n kaptein, deel van die Britse besettingsmag in Duitsland uitgemaak. Sien Official Casualty List : 6.6.1944, p. 58 en List of British Officers serving in Germany : 1946, p. 17.

Die vraag ontstaan wat die annoteerder te doen staan indien daar talle persone is wie hy nie kon identifiseer nie. Moet daar telkens geskryf word "Kon nie geïdentifiseer word nie?" Hier hang dit af hoeveel persone geïdentifiseer moes word, en hoeveel daarvan uiteindelik wel geïdentifiseer kon word al dan nie. Indien bv. uit 100 persone 90 geïdentifiseer kon word, sal dit heeltemal aanvaarbaar wees om tien maal te sê dat hierdie tien betrokke persone nie geïdentifiseer kon word nie. Indien egter uit 100 persone slegs tien geïdentifiseer kon word, sal dit vir die leser irriterend wees om 90 keer te lees dat dié onderskeie persone nie geïdentifiseer kon word nie. Die gehalte van die annotering mag dan

moontlik...../

moontlik ook in twyfel getrek word.

In lg. geval moet dit liefers in die Inleiding verduidelik word dat 'n groot aantal persone nie geïdentifiseer kon word nie, en waar die persoon nie geïdentifiseer kon word nie, is geen voetnootverwysing aangebring nie. Hierdie oplossing, wat eintlik geen oplossing is nie, maar as 'n praktiese en tegniese noodmaatreël dien, moet nie misbruik word om persone ongeïdentifiseer te laat nie.

In sy annotering van H.C. Bredell se dagboek gebruik A.G. Oberholster 'n vraagteken tussen vierkantige hakies, [?], ná 'n persoon se naam om aan te dui dat geen biografiese gegewens oor hom bekom kon word nie.²³ Solank dit slegs 'n beperkte aantal kere gebruik hoef te word, soos by hierdie dagboek wel die geval is, is dit 'n heeltemaal aanvaarbare tegniek, maar sodra dit in die meeste gevalle gebruik word, kan dit irriterend wees. Aan die ander kant kan dit natuurlik net so irriterend wees om telkens 'n naam te kry wat nie geannoteer is nie, selfs al is vooraf verduidelik waarom nie. Elke annoteerder sal in dié opsig sy eie diskresie moet gebruik. Die annoteerder moet egter daarteen waak om nie met allerlei tegniese tekens die leesbaarheid van 'n teks aan te tas nie.

4.3.3.2...../

23. Sien Bredell, H.C., Dagboek van H.C. Bredell (1900-1904), met inleiding, teksversorging en geskiedkundige aantekeninge deur A.G. Oberholster, p. 9.

4.3.3.2 Plekke

Dorpe, stede, berge en riviere word slegs geannoteer wanneer dit in die konteks van die teks nodig is. In dagboeke en herinneringe kom plaasname egter dikwels voor, en hulle moet sover moontlik geannoteer word. Die destydse eienaar asook die ligging van die plaas behoort verstrekk te word.

Soms is dit nie moontlik om enige van bg. inligting vas te stel nie. Die annoteerder moet dan, soos in die geval van persone wat nie geïdentifiseer kon word nie, aantoon dat geen inligting oor die plaas of sy eienaar bekom kon word nie. Indien oor die meeste plase en eienaars geen inligting beskikbaar is nie, is dit raadsaam om dit in die Inleiding te vermeld.

Indien slegs enkele plase en eienaars nie geïdentifiseer kon word nie, kan 'n [?] na afloop van die plaasnaam in die teks geplaas word of kan 'n voetnootverwysing soos volg verstrekk word: "Die ligging van hierdie plaas kon nie vasgestel word nie en die eienaar nie geïdentifiseer word nie."

4.3.3.3 Gebeure

Persone en plekke word geïdentifiseer maar gebeure word geverifieer. Gebeure kan 'n legio temas insluit, bv. gevegte, onderhandelinge, rampe, ens. Die plek waar dit plaasgevind het; datum waarop dit plaasgevind het; die persone daarby betrokke; die gebeure self, heel saaklik

en...../

en die gevolge of afloop daarvan behoort vermeld te word. As voorbeeld dien die volgende:

91. Die slag van Waterloo het op 18 Junie 1815 naby die dorpie Waterloo, sowat 16 km suid van Brussel in België, plaasgevind. Die Franse o.l.v. Napoleon het te staan gekom teen 'n gekombineerde Britse en Nederlandse mag o.l.v. Wellington. Hoewel die Franse aanvanklik die oorhand gehad het, het die aankoms van Pruisisese soldate o.l.v. Blücher die guns teen hulle laat swaai. Die Franse is verslaan en die slag het vir altyd 'n einde gemaak aan Napoleon se droom om Europa te oorheers. Sien Dupuy, R.E. en Dupuy, T.N., The Encyclopaedia of Military History, from 3500 B.C. to the present, pp. 768-769.

Wanneer dagboeke of herinneringe 'n stuk militêre geskiedenis beskryf, is die beskrywings wat van gevegte in die teks gegee word, soms erg verwarrend. Die ervarene beskryf bloot dit wat hy ervaar het. Gevolglik word nie noodwendig 'n geheelbeeld van die geveg verstrekk nie. Die annoteerder moet enersyds die rol van die ervarene in die geveg en dit wat hy beskryf, probeer verifieer, maar moet terselfdertyd ook poog om 'n geheelbeeld van die hele geveg in sy annotasie weer te gee.

4.3.3.4 Plante, voëls, diere, insekte, ens.

By historiografiese annotering het sulke onderwerpe beperkte waarde, en hoef dit slegs geannoteer te word wanneer dit een of ander prominente rol in die gebeure self speel, of wanneer dit die mense wat by die saak betrokke is, op een of ander wyse direk raak.

Vgl. bv. dat toe genl. Smuts die Kaapkolonie tydens die Anglo-Boereoorlog binnegeval het, 'n groot deel van sy kommando op 'n stadium ernstig siek geword het nadat hulle Hottentotsbrood geëet het. Hierdie soort vrug behoort tesame met die voorval soos volg geannoteer te word:

115. Hottentotsbrood (Encephalartos Longifolios van die Cycadaceae-familie), ook bekend as Boesmansbrood of Kafferbrood, is 'n tipe vrug wat net sekere tye van die jaar eetbaar is; andersins is dit giftig. Dit groei gewoonlik in groepies van vyf of ses saam, soos bosse pynappels. Die Hottentotte het dit altyd gedroog voordat hulle dit gekook het. Op 30 September 1901 het Smuts en sy kommando, tydens hulle inval in die Kaap, van die vrugte geëet. Smuts en 70 van sy burgers het ernstig siek geword daarvan, maar na 'n paar dae het almal weer volkome herstel. Indien Smuts dood is van die vrug, kon dit die einde van sy kommando beteken het. Sien Hancock, W.K.,

Smuts...../

Smuts, vol. I, p. 139; Hancock, W.K. en Van der Poel, J., Selections from the Smuts Papers, vol. I, pp. 418, 433 en Le Riche, P.J., Memoirs of General Ben Bouwer, pp. 168-174. Wat betref 'n foto van die tipe vrug, sien ibid., p. 169.

4.3.3.5 Idees, menings, gedagtes, gevolgtrekkings, ens.

Dit gaan hier om persoonlike menings en standpunte, ens. wat deur die opsteller van 'n teks in die teks as sodanig uitgespreek word. Die annoteerder moet sulke menings, ens. met groot omsigtigheid hanteer, aangesien die leser self 'n eie oordeel moet fel. Gestel egter dat 'n dagboek uit die Anglo-Boereoorlog wat deur 'n Britse offisier geskryf is, die bewering bevat dat die vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe gesterf het, hoofsaaklik dood is weens hulle eie onhigiëniese leefwyse en gewoontes, dan het ons met 'n persoonlike uitspraak van die ervarene te doen, maar dit strook nie met die feitelike situasie nie. Die annoteerder moet hierdie mening egter annoteer en na bronne verwys waaruit dit sal blyk dat die sterftes hoofsaaklik aan die swak toestand in die kampe self en aan wanadministrasie van die kant van die Britse militêre owerhede toegeskryf moet word.

4.3.3.6...../

4.3.3.6 Probleme, vaaghede, onduidelikhede en dubbelsinnighede

Dit betrek hoofsaaklik probleme, ens. binne die teks as sodanig of t.o.v. die teks in sy uiterlike vorm. Sodanige probleme moet verduidelik of opgeklaar word. Die annoteerder is verplig om sulke probleme uit te wys.

4.3.3.7 Woordverduidelikings

Hier gaan dit veral om die verduideliking van argaïsmes, eie skeppinge van die opsteller van die teks (neologismes), of woorde wat vir die toevallige en moontlik selfs die doelbewuste leser onbekend is. Die annoteerder moet sulke woorde se betekenis met behulp van taalkenners en/of woordeboeke en/of taalgidse kortliks uiteensit, bv.

445. Volgens die Woordeboek van die Afrikaanse Taal is indaba 'n Zoeloe- en Xhosa-woord, en in die betrokke geval word dit gebruik in die sin van vergadering, bespreking, beraadslaging of raadpleging. Dit kan ook verwys na 'n groot gebeurtenis, gedoente of moles.

Indien niks oor 'n persoon, plek, gebeurtenis, ens. bekom kan word nie, moet die annoteerder dit aantoon. Daar word bloot gekonstateer:

"Kon nie geïdentifiseer word nie," óf

"Geen verdere biografiese besonderhede kon oor dié persoon bekom word nie," óf

"Geen verdere inligting kon oor hierdie betrokke skermutseling (of plaas, ens.) ingewin word nie."

Indien...../

Indien die annoteerder nie absoluut seker is oor die identiteit van 'n persoon nie, moet hy homself van kritiek vrywaar deur dit duidelik aan te toon, bv.:

"Vermoedelik" (en dan die besonderhede van die persoon wie hy meen dit is, verstrek);

"Die presiese ligging van hierdie plaas kon nie vasgestel word nie, maar dit lê moontlik" (verstrek dan die moontlike ligging);

"Hierdie is oënskynlik 'n beskrywing van die geveg wat op" (en gee dan die besonderhede van die geveg wat moontlik beskryf word).

Waar die teks onder annotering oorspronklik in bv. Nederlands, Duits of Frans geskryf is, maar die vertaalde teks geannoteer word, behoort die oorspronklike teks langs en naas die vertaalde teks verstrek te word, sodat dié lesers wat die oorspronklike taal kan lees en verstaan, die vertaling met die oorspronklike vorm kan vergelyk. Die probleem is dat daar gewoonlik by die vertaling van 'n werk, iets verlore gaan. Die numering van die annoteringsvoetnote moet in sulke gevalle in beide tekste aangebring word. Die annotasies word natuurlik in die taal waarin die teks vertaal is, verstrek.

'n Voorbeeld van 'n vertaalde teks wat geannoteer is, en waar die teks in sy oorspronklike taalvorm naas die geannoteerde vertaalde teks gepubliseer is, is The Diary of Adam Tas, 1705-1706. Hier is die oorspronklike Nederlandse teks telkens op die linkerkantse bladsy en die vertaalde teks in Engels regs gedruk. Die annoteringsvoetnote is slegs in die Nederlandse teks aangebring, terwyl die annotasies in Afrikaans deurlopend links en regs onderaan die teks aangebring is.

By...../

By F. Valentyn se Beschrywing van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende word die oorspronklike teks telkens op die linkerkantse bladsy gedruk en die vertaalde teks in Engels telkens regs, terwyl die voetnootnumerings in beide tekste aangedui word en die annotasies in Afrikaans deurlopend links en regs onderaan die teks aangebring is.

By die "Dépêches van die Russiese attaches, kol. Stakhovitch en lt.kol. Gurko" in die Christiaan de Wet-Annale, nr. 3 word die Engelse vertaling van die oorspronklike Russiese teks telkens op die linkerkantse bladsy gedruk, terwyl die Afrikaanse vertaling daarvan telkens regs gedruk is, en die numering van die annotasies in beide vertalings ooreenstemmend aangebring is. Die annotasies in Afrikaans is egter slegs by die Afrikaanse vertaling aangebring.

Foute in die teks of sake wat in besonder beklemtoon wil word, word deur die gebruiklike [sic!] aangedui; nl. tussen vierkantige hakies, aangesien dit ingevoeg word deur die annoteerder binne 'n teks wat deur iemand anders geskryf is.

4.4 Samevatting

Uit bostaande oorsig oor 'n aantal basiese aspekte rakende die tegniek van annotering, is dit duidelik dat dit moeilik is om vir annotering vaste reëls neer te lê. Die tegniek van annotering wissel en word uiteindelik hoofsaaklik deur die aard, omvang en inhoud van die teks bepaal. Daar is egter wel 'n aantal basiese uitgangspunte wat in gedagte gehou behoort te word.

Die voetnote in 'n geannoteerde teks is onderling onderskeibaar maar nooit skeibaar nie. Hulle wys na mekaar heen, vul mekaar aan en vorm uiteindelik almal saam deel van 'n groter legkaart of mosaïek.

Net...../

Net so is die annotering, d.w.s. al die annotasies saam, en die teks self onderskeibaar, maar nooit skeibaar nie. Saam vorm hulle 'n groter geheel wat meer is as net die som van die teks en die annotering afsonderlik.

'n Goed-geannoteerde teks is die resultaat van 'n goeie metode of benadering van die teks, en die suksesvolle toepassing van daardie metode in die praktyk. Die grondliggende beginsels van annotering moet egter ook deurgaans in gedagte gehou word.

'n Goeie metode help nie veel indien dit nie in die praktyk behoorlik vergestalt word nie. Goeie tegniek sal daarenteen ook weer nie veel vermag indien dit nie deur die regte metode gesteun word nie. Dit het ook nie sin as die annoteerder van die basiese beginsels van annotering wel deeglik kennis neem, maar dit nie in die praktyk tot hul reg laat kom nie. Daarenteen sal 'n goeie metode en tegniek ook weer nie veel help om "beginsellose" annotering te red nie. 'n Voorbeeld van beginsellose annotering is wanneer annotering vir propaganda-doeleindes misbruik word.

Suksesvolle annotering is dus die resultaat van die deeglike kennisname van die beginsels van annotering deur die voornemende annoteerder, kennis van en insig in die regte metode van annotering en die behoorlike en regte toepassing daarvan in die praktyk. Die aard, omvang en inhoud van die teks onder annotering sal egter uiteindelik altyd deurslaggewend wees t.o.v. hoe daar geannoteer moet word.

HOOFSTUK III : DIE BESTANDDELE VAN 'N GEANNOTEEERDE TEKS

In hierdie hoofstuk word 'n stel basiese en praktiese riglyne aangebied t.o.v. die aspekte waaruit 'n geannoteerde teks bestaan, waar dit bv. vir publikasie aangebied word. Dit beteken egter nie dat elke gepubliseerde geannoteerde teks noodwendig uit die volgende onderskeie afdelings sal bestaan nie, want die aard, omvang en inhoud van die onderhawige teks sal steeds die bepalende faktore wees.

Verskeie aspekte is reeds volledig of by implikasie bespreek. Sommige aspekte sal dus egter saaklik aandag geniet, terwyl ander weer in groter besonderhede behandel sal word.

Die uiteensetting van 'n geannoteerde teks behoort in sy finale vorm min of meer soos volg daar uit te sien:

1. Die Inleiding

Die belangrikheid van die Inleiding by die geannoteerde teks moet sterk beklemtoon word. Dit lei die leser in na en stel hom aan die geannoteerde teks voor. Dit dien as die sleutel tot die teks en die annotering, net soos wat die annoteringsvoetnote weer die sleutel moet wees tot die teks en die geskiedenis agter en in die teks. Die Inleiding is dus ook in die wydste sin van die woord deel van die annotering.

Die Inleiding moet so kort en saaklik as moontlik wees, maar moet terselfdertyd ook alles wat ter sake is, dek. Die Inleiding behoort, afhangende van die aard, omvang en inhoud van die teks en annotering, die volgende in te sluit:

1.1 Die lewensloop van die ervarene of die opsteller van die teks

Dit is belangrik dat die ervarene of die outeur van die teks geïdentifiseer word, en biografiese

besonderhede...../

besonderhede oor hom verstrek word; d.w.s. bykomende besonderhede naas dit wat hy moontlik in die teks oor homself verstrek. Indien die teks deur iemand anders opgestel is, bv. waar 'n persoon sy herinneringe deur iemand anders laat opteken het, is hierdie opsteller van die teks se biografiese besonderhede van verbygaande betekenis. In sulke gevalle moet die ervarene se biografiese besonderhede steeds verstrek word.

Deur te weet wie die opsteller van die teks is, word heelwat lig gewerp op dit wat hy geskryf het. Deur die mens agter die teks te identifiseer, word sy moontlike voorkeure en afkeure, vooroordele, vrese, ens. ook vasgestel, en sodoende word by voorbaat reeds lig op die teks gewerp. Die annoteerder behoort vir sy eie gebruik die biografiese besonderhede oor die ervarene te versamel vóórdát hy begin annoteer, aangesien die biografiese gegewens tydens die annoteerproses self van waarde kan wees.

Die biografiese gegewens behoort o.m. die volgende in te sluit : geboortedatum, plek van geboorte, ouers, broers/susters, skoolopleiding, tersiêre en/of professionele opleiding, huwelik, kinders, kerkverband, godsdienstige oortuigings, beroepslewe, besondere optrede, take en handeling van belang, sterfdatum, plek van oorlye en die omstandighede daarvan; verder inligting oor kenmerkende karaktertrekke van die persoon; sy belangstellings en stokperdjies. As voorbeeld dien die biografiese sketse van die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek.

Die bronne wat vir die lewensskets geraadpleeg word, moet verkieslik in 'n afsonderlike Bronnelys ná afloop daarvan verstrek word. In so 'n geval word die voetnote by die biografiese skets afsonderlik genommer. Die bronne vir die biografiese skets sou ook in die

finale...../

finale bronnelys aan die einde van die geannoteerde teks verstrek kon word, maar dit loop dan gevaar om tussen die ander bronne m.b.t. die annotering verlore te raak. Soms mag dit gebeur dat weinig of selfs geen ander gegewens oor die ervarene beskikbaar is nie.

Indien die teks nie oor 'n bepaalde persoon se ervarings handel nie, val die biografiese skets vanselfsprekend weg.¹ Waar twee of meer persone prominent in 'n teks figureer, is dit noodsaaklik dat daar oor almal biografiese besonderhede verstrek moet word.²

1.2 Die teks

Inligting moet verskaf word enersyds oor die uiterlike vorm van die teks en andersyds oor die geskiedenis van die teks as sodanig sowel as enige gegewens rakende die inhoud van die teks. Die redes waarom die teks annoteerwaardig is, moet ook verstrek word; m.a.w. die waarde daarvan moet uitgewys en beklemtoon word. Samevattend kan die volgende aspekte uitgelig word:

1.2.1 Die omvang van die teks

'n Fisiese beskrywing van die teks, soos in sy oorspronklike en/of neergeslane vorm, moet verstrek word. Veral by dagboeke is dit van besondere belang. By herinneringe, hoofsaaklik in gevalle waar die herinneringe deur

iemand...../

-
1. Vgl. bv. prof. J.L. McCracken se lesing i.v.m. "Irish Nationalists and South Africa, 1877-1902" wat in geannoteerde vorm, dog sonder enige biografiese skets van enige ervarene, gepubliseer is in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 5, Okt. 1978, pp. 157-184. 'n Kort biografiese skets van prof. McCracken is wel ingesluit.
 2. Vgl. bv. die twee kort biografiese sketse van die twee betrokke hoofkarakters wat ingevoeg is by E.M. Main se "Letters: Lord Milner to Hamilton John Goold-Adams" in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 5, Okt. 1978, pp. 108-156.

iemand anders opgeteken is, is dit van minder belang. By dagboeke moet die oorspronklike aantal bladsye, grootte en uiterlike toestand van die oorspronklike manuskrip, asook die vorm waarin dit neergeskryf is, bv. drukskrif, lopende skrif; potlood of pen; getik; neergeskryf en toe oorgetik, ens. vermeld word. Indien oorspronklike afskrifte bestaan, in watter vorm ook al, moet dit ook vermeld word, asook enige ander afskrifte wat moontlik met verloop van tyd gemaak is.

Daar moet vasgestel word of die outeur of ervarene met verloop van tyd moontlike veranderinge aan die oorspronklike teks aangebring het. Indien veranderinge wel aangebring is, kry die primêre teks in 'n sekere mate 'n sekondêre karakter, wat by die annotering verreken en verantwoord moet word.

Die moontlikheid bestaan ook dat herinneringe, toesprake, ens. van die staanspoor op band opgeneem is en getranskribeer moet word.

1.2.2 Die rede vir die opstel van die teks

Sommige dagboeke, bv. dié wat tydens die Anglo-Boereoorlog in krygsgevangenekampe opgestel is, is soms bloot geskryf om tyd mee te verdryf, onafhanklik van enige ander oorwegings. 'n Dagboek of herinneringe word egter ook doelbewus opgestel, om bv. sake in die regte perspektief te stel; sekere wanopvattinge uit die weg te ruim; die ervarene se optrede te regverdig; of ander persone af te kraak of te verheerlik.

Aan die volgende vrae moet aandag geskenk word: Waarom skryf 'n mens 'n dagboek of jou herinneringe? Wou die persoon homself regverdig?

Wou...../

Wou hy vir hom "naam maak"? Het hy beseef dat hy sekere dinge ervaar of meegemaak het wat moontlik van historiese betekenis kan wees, en dat hy miskien lig op 'n betrokke saak kan werp? Was hy bewus dat hy ongewone of besondere dinge beleef, of self daaraan deelagtig was? Is die dokument opgestel omdat die ervarene oortuig was dat hy dalk nie die oorlog sou oorleef nie? Vir wie het hy die teks opgestel of laat opstel : slegs vir sy eie familie, vriendekring of vir die breë publiek? Het hy die oog op publikasie gehad?

Indien die teks 'n toespraak of sekondêre werk is, is ander vrae van toepassing, bv.: Waarom is die toespraak gehou? Wie was die gehoor? Waarom is die boek geskryf? Wanneer? O.m. sal die geskiedsopvatting van 'n betrokke era in aanmerking geneem moet word, aangesien dit gewoonlik neerslag vind in die boeke wat in die onderhawige tyd geskryf word.

1.2.3 Die geskiedenis van die teks

Hier sal vrae soos die volgende geld: Wanneer is die teks geskryf? Onder watter omstandighede? Wat het van die teks geword nadat dit oorspronklik opgestel is? Is later weer wysiginge of toevoeginge aangebring? Hoe het die teks onder die aandag van die annoteerder gekom?

Indien 'n persoon se herinneringe deur iemand anders afgeneem is, is dit wenslik om ook besonderhede oor die afnemer te bekom. Sy betrokkenheid by die saak en bevoegdheid om die taak te verrig, moet vasgestel word, bv.: Het die ervarene versoek dat dié besondere persoon sy ervarings moes afneem, of het die afnemer die ervarene genader om dit te doen?

Die...../

Die omstandighede en wyse waarop dit afgeneem is, bv. deur 'n bandopnemer of andersins, moet vasgestel word. Daar moet ook vasgestel word watter tipe vrae, indien enige, die afnemer tydens die afneemproses aan die ervarene gestel het, asook die ervarene se houding of gesindheid t.o.v. die vrae. Was die mededeling spontaan, of moes alles uit hom "getrek" word?

Ten slotte moet die bewaarplek van die oorspronklike manuskrip of afskrif wat as annoteringsbron gedien het, aangedui word.

1.2.4 Die status en omstandighede van die ervarene

Die vraag is of die opsteller van die teks in 'n posisie was om kommentaar te lewer oor gebeure. Wat presies was sy rol in wat hy beskryf? Was hy in so 'n posisie dat hy met die beweerde of vermeende gesag kan spreek? Wou en sou hy onder die bepaalde omstandighede die waarheid praat? Is hy m.a.w. 'n betroubare getuie?

Die vraag ontstaan ook : Hoeveel van dit wat hy neergeskryf of vertel het, is deur die ervarene self belewe, en hoeveel het hy ingevoeg op grond van hoorsê-getuienis, of op grond van inligting wat hy ná die tyd te hore gekom of gelees het?

1.2.5 Die styl van die opsteller

Hier gaan dit om die styl waarin die stuk geskryf is, sowel as die opsteller se taalgebruik. Die leesbaarheid al dan nie van die teks is dus ook ter sprake. Is die stuk strak, eenvoudig, en/of sonder pretensie geskryf? Kan die inhoud maklik of moeilik gevolg en verstaan word? Is daar 'n spesifieke tema en/of leitmotive aan te dui? Is die taalgebruik eenvoudig of plat; spontaan, ongekunsteld of geleerd?

Bogenoemde...../

Bogenoemde oorwegings kom veral by dagboeke ter sprake. By herinneringe is dit nie van soveel belang nie, tensy die herinneringe kort na die gebeure wat beleef is, neergeskryf is. By herinneringe wat deur iemand anders opgeteken is, val bogenoemde oorwegings feitlik heeltemal weg, want dit is moeilik om vas te stel of die taalkundige vorm van die teks die taal en styl van die ervarene is, of dié van die persoon wat dit aangeteken het.

Dit gebeur dikwels dat dit nie altyd duidelik is wat 'n outeur presies met 'n bepaalde woord of sin bedoel het nie, bv. wanneer 'n woord uit sy gewone verband aangewend word. Sinne mag ook soms dubbelsinnig wees. Die annoteerder word dan gedwing om ook die taal self te annoteer, d.w.s. vir die leser sinvol te maak. Die annoteerder-historikus word egter dikwels gedwing om die hulp van die taalkenner en filoloog in te roep ten einde die teks te verklaar, net soos hy hom soms op die antropoloog, geograaf, dier- en plantkundige, ens. moet beroep om sekere aspekte van die teks te verklaar.

1.2.6 Die inhoud van die teks

Dit gaan hier o.m. om vrae soos : Is die stuk aaneenlopend kronologies of tematies geskryf? Is die kronologie korrek, of word gebeure soms met mekaar verwar en die tydsopenvolging soms omgeruil? Kom daar feitelike foute in die teks voor? In hoeveel besonderhede word gebeure vertel? Kom daar tydsgapings voor? Die antwoord op hierdie vrae hoef slegs saaklik gestel te word, aangesien die annotering van die teks self, dit duidelik en volledig

sal...../

sal uitwys in watter mate die inhoud van die teks korrek, deurmekaar en/of misleidend is. In die Inleiding hoef slegs die algemene aard van die inhoud getipeer te word.

1.3 Verklarende aantekeninge

Hier handel dit om 'n verduideliking rondom die verklarende aantekeninge, teksversorging of annotering; d.w.s. sake rakende die annotering van die teks word toegelig, bv. die wyse van annotering, die aard en omvang van redigering en probleme wat met die annotering ondervind is. Aan die volgende sake moet aandag geskenk word:

1.3.1 Redigeertekens

Selde of ooit word 'n teks onveranderd in sy oorspronklike vorm geannoteer. Die teks word gewoonlik eers in 'n mindere of meerdere mate geredigeer. Die redigering gaan op sy beurt weer gewoonlik gepaard met weglatings of invoegings in die teks. Die volgende is die mees algemene redigeertekens:³

- (1) Ronde hakies () - dit dui hakies aan wat deur die opsteller van die teks self gebruik is.
- (2) Vierkantige hakies [] - dit dui aanvullings by die oorspronklike teks aan, bv. kommentaar, en wel deur die annoteerder.
- (3) Skerp hakies < > - dit dui ook 'n vorm van kommentaar in die oorspronklike teks aan

van...../

3. Hierdie redigeertekens is deur die Suid-Afrikaanse Argiefkommissie in bronnepublikasies van die Suid-Afrikaanse Staatsargiewe voorgeskryf.

van die annoteerder, maar meer spesifiek die redigeerder. Dit het hoofsaaklik te doen met taalkundige aspekte.

- (4) Gebroke lyn ----- - dui aan dat die opsteller van die oorspronklike teks opsetlik iets weggelaat, uitgelaat of ver=swyg het.
- (5) Stippellyne - die annoteerder of redigeerder dui aan dat hierdie deel van die teks nie ontsyfer kon word nie.

Die volgende uittreksel uit 'n denkbeeldige dagboek dien as voorbeeld. (Die bronne in voetnote 2-5 is ook denkbeeldig):

Na die val van Bloemfontein [13.3.1900] het die burgers moedeloos geword.¹ < Die lafhartige optrede van ----- het veral 'n nadelige invloed uitgeoefen.² > In ons kommandotjie het vier burgers die wapen gaan neerlê. Hulle was Piet³, Hendrik Lieb <e> nberg (van Kroonstad),⁴ en Herman van Aswegen.⁵

-
1. Nadat die Britte Bloemfontein ingeneem het, het baie Boere moedeloos geword en die wapen neergelê. Sommige van hulle het egter wel weer later die wapen opgeneem. Sien Gronum, M.A., Die Ontplooiing van die Engelse Oorlog, pp. 139-144.
 2. Daar word moontlik na die optrede van vk. Gert Willemse verwys. Hy het met agt man na die Engelse gery en oorgegee. Sien die ongepubliseerde dagboek van Stephanus Erasmus, Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria.
 3. Moontlik Piet Wolhuter. Sien List of Boers who surrendered, 13.3.1900 - 5.6.1900, p. 30.
 4. Hendrik Liebenberg, 28 jaar oud en lid van die Kroonstad-kommando. Sien ibid., p. 17.
 5. Hermanus Johannes (Herman) van Aswegen, 23 jaar oud en lid van die Kroonstad-kommando. Sien ibid., p. 28.

In...../

In bg. voorbeeld het die annoteerder die datum van die inname van Bloemfontein self ingevoeg. Moontlik is daar voorheen reeds na die inname van Bloemfontein verwys en is dit reeds dáár geannoteer. Volledigheidshalwe herinner die annoteerder net weer die leser aan die presiese datum. Die sin tussen skerp hakies is geneem uit 'n tweede dagboek óf herinneringsgeskrif van die ervarene. Die inhoud van die twee tekste is tot 'n "nuwe teks" geïntropoleer. Die dagboekskrywer het verkies om nie die naam van die persoon wat so lafhartig was, te noem nie. Daarom word dit deur 'n gebroke lyn aangedui. Die dagboekskrywer het die van van een persoon en die voornaam en van van 'n ander persoon so onduidelik geskryf, dat die annoteerder dit nie kon ontsyfer nie. Gevolglik dui hy dit met stippellyne aan. Die dagboekskrywer het die tweede e in Liebenberg per abuis weggelaat. Die annoteerder het dit ingevoeg, en aangesien dit 'n geval van suiwer taalkundige redigering is, word dit d.m.v. skerp hakies aangedui. Die feit dat Hendrik Liebenberg van Kroonstad afkomstig is, is deur die dagboekskrywer tussen hakies geplaas, en daarom word die ronde hakies gehandhaaf.

1.3.2 Taal- en stylveranderinge

Soms is dit nodig om sekere tekstuele veranderinge aan te bring. Dit is bv. wenslik dat die teks in sy geannoteerde vorm 'n mate van konsekwentheid of eenvormigheid sal toon, veral t.o.v. aangeleenthede soos afkortings, gebruik van syfers en datums. So bv. is dit gebruikelik dat alle getalle tot en met twintig in woorde uitgeskryf word, terwyl dit vanaf 21 in syfers

aangedui...../

aangedui kan word. Breuke behoort in woorde uitgeskryf te word. Datums behoort deurgaans in die styl van die tyd geskryf te word, bv. 5 November 1956. Tydsaanduidings behoort ook deurgaans in die betrokke tydstyl, bv. kwart oor vier die middag, geskryf te word.

By oorspronklike dagboeke moet woorde wat verkeerd gespel is, of wat inkonsekwent gespel is, net so gehou word; tensy dit verwarring kan veroorsaak. Indien dit verwarrend is, moet die regte woord dan tussen vierkantige hakies ná die oorspronklike woord ingevoeg word. Die oorspronklike spelwyse mag nl. vanuit suiwer taalkundige oogpunt van waarde wees. Dit sou wel geregverdig wees om ooglopende skryffoute stilswyend reg te maak. Ook inkonsekwensies t.o.v. die gebruik van hoofletters en interpunksie kan stilswyend reggemaak word. So bv. kan ontbrekende aanhalingstekens, kommas en punte aangebring word, sonder om noodwendig spesifiek aan te dui dat die annoteerder of redigeerder dit gedoen het. Waar daar geen vaste spelpatroon is nie, behoort die spelling so gelaat te word, tensy dit verwarrend kan wees. Die taalgebruik kan nl. om taalkundige en filologiese redes waardevol wees.

Taal- en stylveranderinge kan by herinneringe wat deur 'n ander persoon opgestel is, sowel as alle ander annoteerwaardige tekste, met groter vryheid stilswyend aangebring word. In hierdie gevalle is die taalkundige waarde van die teks nie so groot nie. In alle gevalle moet versigtig te werk gegaan word, om nooit die betekenis van die inhoud van 'n teks aan te tas nie.

1.3.3 Aard van die annotering

Daar behoort aangedui te word waarop daar in die annotering van die teks gekonsentreer is, bv. militêre, taalkundige of kulturele aspekte. Gewoonlik sal daar uit die aard van die saak 'n verskeidenheid van sake geannoteer word. Dit mag egter ook wees dat die teks van so 'n aard is, dat 'n basiese tema, of selfs temas, oorheersend is. Oorlogsherinneringe is bv. veronderstel om in die eerste plek oor oorlog te handel; gevolglik sal die annotering van oorlogsherinneringe en -dagboeke vanselfsprekend 'n sterk militêre inslag toon.

1.3.4 Aanduiding van probleme

Dit is belangrik dat die annoteerder in die Inleiding verduidelik met watter probleme hy tydens die redigeer en/of annoteer van die teks te kampe gehad het, bv. die gebrek aan goeie bronne waarteen die gegewens in die teks gekontroleer kan word vanweë die onbetroubaareheid van die teks; of 'n onvolledige of gebrekkige teks; of 'n teks wat uiters vaag of dubbelsinnig is.

Net soos wat die aard, omvang en inhoud van die teks bepaal hoedat die annotering uiteindelik daar sal uitsien, so bepaal die aard, omvang en inhoud van die annotering weer watter verduidelikende aantekeninge daar vooraf óór die annotering, insluitende die annoteerproses, geskryf sal word. Net soos t.o.v. annotering is hier ook nie vaste reëls nie; en word derhalwe slegs 'n aantal basiese riglyne aangetoon.

2...../

2. Die agtergrondgeskiedenis

Die agtergrondgeskiedenis is niks anders nie as gewone geskiedskrywing wat die geannoteerde teks voorafgaan. Dit kan ook beskou word as 'n soort dekkingsgeskiedenis, want dit dek die gebeure of die stuk geskiedenis waaroor dit in die teks self gaan. Dit dien gevolglik as inleiding tot beide die teks en die annotering.

Die agtergrondgeskiedenis moet die geannoteerde teks in historiese perspektief plaas, en is die historiese inleiding tot die geannoteerde teks. Hoewel nie belangriker as die geannoteerde teks nie, is die agtergrondgeskiedenis in sy eie reg heel belangrik. Dit is weliswaar onderskeibaar van die annoteringsvoetnote, maar maak tog 'n integrale deel van annotering uit.

Die lengte van die agtergrondgeskiedenis word bepaal deur die aard, omvang en inhoud van die teks. Hoe onbekender die geskiedenis wat die teks ten grondslag lê, hoe omvattender sal die agtergrondgeskiedenis moet wees. Die aard en omvang van die teks se historiese verwysingsraamwerk, bepaal dus die lengte van die agtergrondgeskiedenis.

Die agtergrondgeskiedenis en geannoteerde teks moet afsonderlik of onafhanklik van mekaar gelees kan word, maar saam moet hulle 'n sintese vorm. Daar sal wel 'n mate van oorvleueling plaasvind tussen die agtergrondgeskiedenis en die annotering, want wat in die agtergrondgeskiedenis staan, sal weer in die annotering moet voorkom. Waar die agtergrondgeskiedenis uiteraard 'n stukkie deurdagte en hoofsaaklik oorsigsgeskiedenis sal wees, sal die annotering self broksgewys detailgeskiedenis wees.

Die agtergrondgeskiedenis is die eerste stap tot die geannoteerde teks, en verstrek die breë historiese agtergrond waarteen die geannoteerde teks gelees en verstaan moet word.

Die...../

Die vraag is of elke geannoteerde teks van 'n agtergrondgeskiedenis voorsien moet word. In sommige gevalle mag dit nie nodig wees nie. Die teks mag self so volledig en selfverklarend wees, dat 'n agtergrondgeskiedenis oorbodig word.⁴ Dit sou ook soms moontlik wees om d.m.v. die annoteringsvoetnote self die agtergrondgeskiedenis te skets. In so 'n geval sal die teks waarskynlik self relatief volledig wees en/of 'n logiese en korrekte kronologiese verloop hê. Bylaes wat deur die annoteerder tot die teks gevoeg word, sou ook as 'n tipe agtergrondgeskiedenis beskou kan word.⁵

Die agtergrondgeskiedenis kan desnoods ook die vorm van 'n biografiese skets of sketse aanneem. Dit sal die geval wees waar die persoon of persone só sentraal in die teks staan en alles oorheers, dat agtergrondkennis en gegewens i.v.m. dié persoon(e) as't ware agtergrondgeskiedenis tot die hele teks bied.⁶

Die agtergrondgeskiedenis hoef dus nie noodwendig 'n spesifieke vorm aan te neem nie. Die aard, omvang en inhoud van die teks, asook die wyse, aard, omvang en inhoud van annotering, sal uiteindelik bepaal hoe dat die agtergrondgeskiedenis daar sal uitsien.

Die agtergrondgeskiedenis moet in besonder dié dele van die teks aanvul wat onvolledig is. Dit moet hiate en gapings oorbrug en 'n geheelbeeld daarstel. Indien die

teks...../

-
4. Vgl. bv. die ongeannoteerde artikels van Kanzo Uchimura in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 5, Okt. 1978, pp. 65-106.
 5. Vgl. bv. die twee bylaes oor die rol van onderskeidelik die Eerste en Tweede Ierse Brigade tydens die Anglo-Boereoorlog, soos bygevoeg tot J.L. McCracken se "Irish Nationalists and South Africa, 1877-1902" in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 5, Okt. 1978, pp. 157-184.
 6. Vgl. bv. die biografiese sketse van Milner en Goold-Adams in Main, op. cit., pp. 108-116.

teks met die verhaal skielik sou begin en net so skielik afbreek, sal die agtergrondgeskiedenis noodwendig die geskiedenis vooraf asook die afloop daarvan kortliks moet beskryf. Hoe goed die agtergrondgeskiedenis ook al is, dit kan nooit annotering self vervang nie.

3. Die geannoteerde teks

Die hele studie i.v.m. historiografiese annotering sentreer basies om die geannoteerde teks; d.w.s. die redigering van die teks en die annotering daarvan. Wat in die voorafgaande hoofstukke breedvoerig uiteengesit is, kan mee volstaan word. Dit moet egter beklemtoon word dat die annotasies altyd onderaan die betrokke bladsy van die teks self getik of gedruk behoort te word, en dat by 'n gepubliseerde geannoteerde teks, die annotasies in 'n kleiner lettertype gedruk behoort te word. Om by annotering die voetnote aan die einde van die teks te plaas, is om annoteringsproses en -resultate in sy wese aan te tas, en is vir enige leser hoogs irriterend en uiters frustrerend.

4. Bylaes

Bylaes by geannoteerde tekste moet 'n integrale deel van annotering uitmaak. Dit moet van toepassing wees op die geannoteerde teks en bydra om 'n verdere dimensie daaraan te verleen. Dit moet ook van so 'n aard wees dat dit nie as deel van die agtergrondgeskiedenis ingesluit of verwerk kon gewees het nie.

Bylaes kan verskillende vorme aanneem. Dit kan 'n besondere aspek van die teks nader toelig; dit kan die vorm van tabelle of grafieke aanneem; 'n tydtafel wees van die periode wat deur die teks gedek word; naamlyste of kaarte; statistiek verstrek; of dokumentêre gegewens wat direk met die teks verband hou, bv. briewe.

Hoewel kaarte gewoonlik as 'n afsonderlike aspek van die geannoteerde teks beskou word, moet dit ook as 'n tipe

bylaag...../

bylaag in die breë sin van die woord geag word. Dit is van die uiterste belang dat die leser in toepaslike gevalle homself moet kan oriënteer t.o.v. die plek waar gebeure in die geannoteerde teks hul afspeel. Indien 'n reis beskryf word, is dit wenslik dat die roete wat gevolg is, op 'n kaart aangedui word. Ook die aandui van plekname, veral plase, kan deur 'n toepaslike kaart gedoen word.

5. Illustrasies

Afgesien van kaarte, behoort ander illustrasies, bv. foto's, tekeninge of sketse, indien enigsins moontlik en toepaslik, ook in gepubliseerde geannoteerde tekste afgedruk te word. Verkieslik moet dit so na as moontlik geplaas word by die plek in die teks waar dit van toepassing is.

Aangesien dit 'n onderwerp is waaroor daar selde indien ooit tevore reeds aan aandag geskenk is, word vervolgens in meer besonderhede op die rol wat verwysings na illustrasies in annotering speel of behoort te speel, ingegaan. Dit gaan m.a.w. nie om die annotering van illustrasies soos bv. foto's, sketse, tekeninge of kaarte nie, maar die rol van illustrasies in annotering, as deel van die annoteringsproses.

Die annoteerder moet nie net feite i.v.m. 'n persoon, plek of gebeurtenis verskaf nie, maar behoort waar moontlik ook illustrasies toe te voeg sodat die leser 'n beter visuele beeld van die betrokke persoon, plek of gebeurtenis kan vorm. T.o.v. persone kan bv. 'n foto van die betrokke persoon by die geannoteerde teks afgedruk word of kan in die annotasie oor die betrokke persoon 'n verwysing na 'n bron of bronne waarin daar 'n foto oor die persoon is, gegee word. Dit geld ook vir plekke en gebeurtenisse. Tekeninge, sketse en kaarte kan op dieselfde wyse ter illustrasie dien. Kaarte is belangrike visuele hulpmiddels by die beskrywings van bv. veldslae, gevegte en roetes.

In...../

In die geskiedenis-as-wetenskap in die algemeen is foto's en rolprente, soos ook illustrasies in die algemeen, van groot waarde; beide as bronne en as aanvullende materiaal vir geskiedskrywing. Aangesien annotering deel vorm van die geskiedenis-as-wetenskap, spreek dit vanself dat illustrasies ook t.o.v. annotering 'n rol te vervul het.

Hoewel die verwysing na illustrasies altyd sekondêr van aard sal bly, en illustrasies nooit belangriker as die geskrewe annotering geag mag word nie, is verwysings na illustrasies 'n belangrike hulpmiddel in annotering.

Dit help die leser en ook die annoteerder om 'n beter visuele beeld te kry van die verlede en die karakters wat daarin 'n rol gespeel het. Gevolglik werk dit ook beslis mee om die geannoteerde teks op te helder, toe te lig, en meer lewendig en interessant te maak. 'n Foto van 'n betrokke persoon, plek of gebeurtenis wat saam met die geannoteerde teks afgedruk word, stel dié leser wat wil weet hoe 'n betrokke persoon of plek gelyk het, in staat om 'n konkrete visuele beeld van die persoon of plek te bekom.

Blote verwysings na waar 'n foto of foto's bekom kan word, moet by die ter sake voetnoot ingesluit word, verkieslik aan die einde van die voetnoot; m.a.w. nadat die geskrewe annotering afgehandel is en die bronaanduiding verstrekkend is, bv.

64. Jacobus Hercules (Koos) de la Rey (22.10.1847-15.9.1914), Transvaalse Volksraadslid, Boeregeneraal en later senator van die Unie van Suid-Afrika. Hy het Sien Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel I, pp. 223-227. Wat betref 'n foto van De la Rey, sien Aucamp, G. (red.), Suid-Afrikaanse Heldegalerie, p. 144.

Dit...../

Dit is dikwels voldoende om slegs na een foto te verwys. Dié betrokke foto behoort egter die beste een te wees wat bestaan, en moet verkieslik in 'n bron wees wat redelik maklik bekom kan word. Die foto moet ook uit die era waaroor die teks handel, kom; m.a.w. dit moet kontemporêr wees. T.o.v. plekke en gebeure mag dit wel gebeur dat 'n foto wat heelwat later geneem is, steeds relevant en toepasbaar sal wees.

Die ideaal is dat 'n aantal toepaslike illustrasies saam met die geannoteerde teks gepubliseer behoort te word. Hierdie illustrasies moet egter so gekies word, dat hulle 'n integrale deel van die geannoteerde teks self sal uitmaak. Die illustrasies moet vir hul toepaslikheid gekeur word. 'n Gepubliseerde geannoteerde teks is nl. nie 'n foto-album nie, en derhalwe moet die illustrasiemateriaal nooit die geskrewe geannoteerde teks in die skadu stel nie.⁷

Die illustrasies moet strategies geplaas word, verkieslik so naby as moontlik aan die ter sake voetnoot of deel van die teks. Die illustrasies moet ook van 'n hoë tegniese gehalte wees.

Elke illustrasie moet van 'n kort beskrywende onderskrif voorsien word, sowel as 'n aanduiding van die bron waarvan dit afgedruk is. Dit is wenslik dat daar by die voetnoot waar die betrokke persoon, plek of gebeurtenis geannoteer is, 'n verwysing na die afgedrukte illustrasie

sal...../

7. Hoewel dit tegnies uitstekend versorg is en uiterlik of visueel 'n baie interessante publikasie is, is Private Tucker's Boer War Diary enersyds in te veel besonderhede geannoteer, indien die oordrewe aantekeninge annotasies genoem kan word, en stel die foto's e.a. illustrasies die geannoteerde teks in die skadu.

sal wees. Op hierdie wyse word die annotasies en illustrasies, en by implikasie ook die teks en die illustrasies, nouer aanmekaar verbind.

Die rol wat illustrasies by annotering beklee, is tot dusver erg verwaarloos. In vroeëre gepubliseerde outobiografiese bronne kom daar oor die algemeen baie min, indien enige, illustrasies voor. By die geannoteerde tekste wat bv. in die Christiaan de Wet-Annale verskyn en in die bronnepublikasies van die R.G.N., word gewoonlik wel illustrasies ingevoeg. Verwysings binne die annotasies na waar illustrasies opgespoor kan word, is egter meesal onvoldoende.

6. Die Bronnelys

Dit is belangrik dat alle bronne wat by die annotering van die teks, die skryf van die agtergrondgeskiedenis en die opstel van die bylaes geraadpleeg is, volledig aangedui sal word. Die bronnelys moet duidelik, sistematies en korrek wees; logies uiteengesit en tegnies goed versorg.

Indien heelwat bronne geraadpleeg is en feitlik dieselfde bronne vir beide die annotering en die agtergrondgeskiedenis gebruik is, behoort slegs een gekonsolideerde bronnelys ná die geannoteerde teks verstrek te word. Indien slegs 'n paar bronne by die skryf van die agtergrondgeskiedenis gebruik is, terwyl heelwat vir annoteringsdoeleindes gebruik is, kan dit oorweeg word om twee afsonderlike bronnelyste te hê, die één na afloop van die agtergrondgeskiedenis, die ander een na afloop van die geannoteerde teks. Die aard en omvang van die agtergrondgeskiedenis en die annotering, asook die tipes en aantal bronne onderskeidelik geraadpleeg, moet hier as riglyn dien.

Die benaming bronnelys is verkiesliker as bibliografie, aangesien eersgenoemde laasgenoemde insluit en dus meer omvattend van aard is. 'n Bronnelys bevat alle soorte

bronne...../

bronne, terwyl bibliografie streng gesproke slegs na boeke verwys. Dit is ook wenslik om duidelik tussen primêre en sekondêre bronne in die bronnelys te onderskei.

7. Die Register of Indeks

Elke geannoteerde teks behoort van 'n register of indeks voorsien te word. Dit moet bestaan uit 'n pleknaam- en/of gebeurlikheidsregister, hetsy afsonderlik vir elke faset, of 'n gekonsolideerde register. Die register kan beperk word tot die geannoteerde teks, of kan inleiding, agtergrondgeskiedenis, teks, annotasies en bylaes insluit.

'n Omvattende, gekonsolideerde register vir die inleiding, agtergrondgeskiedenis, teks, annotasies en bylaes is die verkieslikste. Verwysings wat 'n voetnoot aandui, word met 'n n na die bladsynommer aangedui. Die register behoort nie slegs beperk te wees tot bv. persone nie, maar behoort alle persone, plekke, gebeure en sake te omvat.

Die register tot L.S. Amery se werk oor die Anglo-Boereoorlog, The Times History of the War in South Africa, 1899-1902, dien as voorbeeld van 'n ideale register.⁸

Hierdie register is so volledig as wat kan kom en bevat ook die nodige kruisverwysings tussen die onderskeie name en sake. 'n Register moet 'n mens in staat stel om sonder enige belemmernis 'n persoon, plek, gebeurtenis of saak te kan opspoor. 'n Register is immers die sleutel tot die geannoteerde teks.

Om waarlik van nut te wees as 'n bron vir naslaandoeleindes, is dit dus van die allergrootste belang dat 'n gepubliseerde geannoteerde teks oor 'n register sal beskik. Die register moet volledig, beskrywend, korrek en tegnies goed versorg wees.

Hoofstuk...../

8. Die register is opgeneem in Amery, L.S., (red.), The Times History of the War in South Africa, 1899-1902, vol. VII, pp. 57-209.

HOOFSTUK IV : PROBLEME EN ASPEKTE M.B.T. ANNOTERING

1. Die probleem van subjektiwiteit

Soveel tekste, soveel annoteerders, en beslis nog soveel tegnieke en variasies daarvan. Nietemin is daar basiese riglyne wat in 'n mindere of meerdere mate vir alle annoteerders behoort te geld.

Meningsverskille is onvermydelik. Veral probleme rondom subjektiwiteit t.o.v. annotering lok verskillende standpunte uit omdat dit die grondliggende probleem van die wat, die waarom en hoe van annotering raak. Wesenlik betrek dit ook die vraag : Wat presies behels annotering?

Indien dieselfde teks vir twee of meer persone aangebied sou word om afsonderlik te annoteer, sal daar na alle waarskynlikheid basiese ooreenkomste tussen die onderskeie annoterings van dieselfde teks wees. Waar hulle wel van mekaar verskil, kan dit deels aan persoonlike "styl" maar ook aan 'n subjektiewe element by die annoteerder self toegeskryf word. Die volgende subjektiewe elemente tree na vore:

- (a) Wat een persoon belangrik t.o.v. die horisontale annotering ag om te annoteer, word deur 'n ander persoon as onbelangrik beskou. Die vraag is ook of die annoteerder die toevallige of die doelbewuste leser as sy uitgangspunt neem. Die "subjektiewe" verskil lê by wat as belangrik of onbelangrik beskou word.
- (b) Dit wat innerlik geannoteer word, d.w.s. die vertikale annotering, kan ook uiteenlopend benader word. Een annoteerder is van oordeel dat 'n betrokke persoon of saak in heelwat besonderhede geannoteer moet word, terwyl 'n ander daarvan oortuig is dat dit nie nodig is nie. Die gerigtheid op die toevallige of doelbewuste leser speel hier weer eens 'n belangrike rol. Die "hoeveelheid" van inligting wat oorgedra moet word, is hier op die spel.

(c)...../

(c) In 'n mate kan daar ook subjektiewe verskille t.o.v. die tegniese vorm en styl van die onderskeie voetnote wees. In 'n sekere sin is dit geen beletsel nie, want geen twee persone skryf iets noodwendig op dieselfde manier nie, selfs al sou die inhoud dieselfde wees. Belangrik is egter die feit dat hierdie subjektiewe verskil in vorm en styl uitgeken, maar ook erken moet word. As voorskrif moet egter in ag geneem word dat daar wel 'n algemeen-aanvaarde wetenskaplike styl is waarin verwysings gegiet word en wat deur die annoteerder eerbiedig moet word. O.m. is die sg. "telegramstyl" in voetnote verkiesliker as 'n gewone styl wat dreig om voetnote lank en lomp onder aan die bladsy te maak.

Annoteerders verskil dus van mekaar t.o.v. wat en hoe geannoteer moet word, en ook t.o.v. die hoeveelheid besonderhede waarin geannoteer moet word. In die praktyk raadpleeg verskillende annoteerders ook verskillende bronne, hoewel sekere bronne weer t.o.v. bepaalde sake as standaard bronne beskou kan word. Die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek is bv. 'n standaard bron vir die annotering van persone in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Terwyl 'n bepaalde annoteerder L.S. Amery se The Times History of the War in South Africa, 1899-1902, as dié basiese bron vir die annotering van die meeste aspekte of fasette van die Anglo-Boereoorlog aanwend, sal 'n ander annoteerder weer bv. F. Maurice se History of the War in South Africa, 1899-1902, as dié standaard werk oor die oorlog beskou. Ook die nog onvoltooide reeks Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 deur J.H. Breytenbach word al hoe meer as 'n alternatiewe standaardwerk aanvaar.

Oor die beginsels van annotering kan daar geen uiteenlopende standpunte wees nie. Daar is slegs een korrekte

metode...../

metode van annotering. Oor die tegniek kan daar wel meningsverskille bestaan. Dit wil egter nie sê dat een tipe of vorm van annotering noodwendig "reg" en die ander "verkeerd" is nie, of respektiewelik "volledig" of "onvolledig" is nie. 'n Mens het eenvoudig met 'n integrale element van subjektiwiteit in geskiedskrywing te doen wat ook in annotering onvermydelik is.

Die feit dat annoteerders egter aan die ander kant wel saamstem dat ten minste sekere persone, plekke en gebeure geannoteer behoort te word, is egter 'n aanduiding dat daar ook 'n element van objektiwiteit in annotering teenwoordig is.

In 'n sekere sin sal 'n mens die onvermydelike en selfs noodwendige element van subjektiwiteit in die geskiedskrywing as die "meganisme" van die geskiedenis-as-wetenskap en dus ook van annotering kon beskou. Indien geskiedskrywing objektief in die absolute of ware sin van die woord kon wees, sou 'n bepaalde stuk geskiedenis éénmaal geskryf kon word, en sou dit dan deur almal as korrek en waar aanvaar word. Dit sou beteken dat die finale woord oor die betrokke stuk verlede gesprek en geskryf kon word. Die praktyk van geskiedskrywing het egter bewys dat dit nie moontlik is of verwesenlik kan word nie. Geen teks is dus ooit "klaar" geannoteer nie. Meningsverskille, klemverskuiwinge en stylwisselinge sal daar altyd wees.

Tussen subjektiwiteit en subjektivisme moet egter 'n duidelike onderskeid getref word. Subjektiwiteit is die gesteldheid van of neiging om subjektief te wees, om m.a.w. jou eie gevoelens en gewaarwordinge tot grondslag van al jou beskouinge te neem, en 'n saak dus uitsluitlik vanuit jou persoonlike standpunt te beskou. Subjektiwiteit is iets algemeen-mensliks en sal hom in die beoefening van die geesteswetenskappe altyd laat

geld...../

geld. Van belang is dat dit in balans gehou moet word. Daarenteen is subjektivisme die verabsoluttering van die subjektiewe element, en dit lei tot opsetlike bevooroordeelde geskiedskrywing.¹

Die annoteerder mag egter nie na willekeur annoteer nie. Sekere dinge behoort geannoteer te word en wel op 'n bepaalde wyse. Daarom is dit belangrik dat alle voornemende annoteerders vooraf 'n studie van die beginsels, metode en tegniek van annotering moet maak, en as dit kan deur middel van die ope gesprek en gedagtewisseling 'n algemeen-aanvaarde grondslag uitwerk waardeur historiografiese annotering kon geskied. Hierdie verhandeling is dan ook 'n beskeie poging om so 'n grondslag te probeer vind.

Daar sou geredeneer kon word dat algemene kennis nie geannoteer hoef te word nie. Maar wat is algemene kennis? T.o.v. hierdie en talle ander aangeleenthede rakende annotering moet die annoteerder sy eie diskresie, gesonde oordeel en "common sense" gebruik - en dit alles is subjektief van aard.

Die annoteerder se karakter, sy kennis en insig, en sy houding t.o.v. die teks as sodanig, asook die aard en inhoud van die teks is wesenlik belangrik. Is die annoteerder 'n persoon wat na die waarheid strewe? Stel hy werklik in annotering belang? Besik hy oor genoeg kennis en insig in die agtergrondgeskiedenis van die teks en die inhoud daarvan om dit werklik te kan annoteer? Hierdie en ander vrae kan lig werp op die aard en omvang van die subjektiwiteit wat uiteindelik in die annotering mag voorkom.

Die...../

1. Vgl. Dreyer, P.S., Inleiding tot die Filosofie van Geskiedenis, pp. 84-96.

Die annoteerder mag miskien bevooroordeel staan teenoor dit wat hy annoteer; teenoor die betrokke gebeure as sodanig, of teenoor 'n persoon of persone wat in die teks figureer. Sulke vooroordeel sal uiteindelik beslis daartoe lei dat die annotering op een of ander wyse bevooroordeel is, en dat die leser 'n skewe of verkeerde siening van sake gaan bekom; iets wat nóg die annoteerder nóg die teks tot eer sal strek.

Subjektivisme kan daartoe lei dat die annoteerder die teks op so 'n wyse redigeer, dat sekere dele van die teks op sigself reeds 'n ander betekenis kry, of dat dit dan "makliker" annoteer. Sekere persone of gebeure kan gerieflikheidshalwe nie geannoteer word nie, om sodoende omstrede sake te vermy. Annotering kan ook vir propaganda-doeleindes misbruik word om 'n persoon waarna in die teks verwys word, te bevoordeel of te benadeel; op te hemel of onder te ploeg.

Die persoonlike betrokkenheid al dan nie van die annoteerder by die teks en by die inhoud daarvan, gaan ook bepaal in watter mate die annotering objektief gaan wees. Dit is bv. redelik maklik vir 'n Afrikaner om onbevooroordeel te staan teenoor die Amerikaanse Burgeroorlog (1861-1865) en dus teenoor alle annoteerbare tekste wat uit dié oorlog neergeslaan het. Dit is egter moeiliker vir 'n Afrikaner om geheel en al onbevooroordeel te staan teenoor die Anglo-Boereoorlog. Ideologiese, persoonlike, gemeenskaps-kulturele en ekonomiese betrokkenheid by 'n saak moet noodwendig die annoteerder na een of ander kant toe beïnvloed.

Hoe groter die tydsafstand tussen die annoteerder en die inhoud van dit wat hy annoteer, hoe moeiliker mag dit wees om bronne oor die onderwerp te vind, maar hoe makliker is dit om onbevooroordeel teenoor gebeure en persone te staan. Hoewel dit in die gewone geskiedskrywing verkeerd sou wees indien die historikus geheel

en...../

en al koud en onbetrokke teenoor die stof sou staan, want daardeur sal sy geskiedskrywing noodwendig 'n sekere kilheid, leweloosheid en kliniese onbetrokkenheid vertoon, is die annoteerder meer daartoe in staat of selfs geregverdig om in sy annotasie 'n onbetrokkenheid te vertoon, omdat die teks self moet spreek en hy hoogstens objektief kommentaar moet lewer of inligting moet verstrek om onduidelikhede uit die weg te ruim. Wel moet hy enige subjektivisme in die teks uitwys.

Die probleem van subjektiwiteit in annotering moet nie as 'n botsing tussen subjektiwiteit en objektiwiteit gesien word nie. Dit is steeds belangrik dat die annoteerder so ver as moontlik onpartydig en onbevooroordeeld sal staan teenoor dit wat geannoteer word. Beide kante van 'n saak moet geannoteer word en beide die horisontale en vertikale dimensies van annotering moet so gebalanseerd en korrek moontlik geannoteer word.

Subjektiwiteit kom in alle prosesse en fasette van annotering voor, bv. in 'n mens se sienings oor wat annotering is, wat geannoteer moet word en hoe geannoteer moet word. Geen teks is ooit klaar geannoteer nie. Iemand anders kan nog altyd van die annotering verskil en dit daarom verbeter of aanvul. Deur 'n studie te maak van annotering, te let op die probleme en tot beter kennis van en begrip vir annotering te kom, kan meeste van die onverskoonbare subjektiwiteit egter in 'n groot mate uitgeskakel en beperk word, en kan vooroordeel of subjektivisme teengewerk word.

Geen objektiewe patroon, resep of tegniek kan vir annotering neergelê word nie - hoogstens riglyne. Selfs indien vaste voorskrifte uitgespel sou word, sou almal dit in ieder geval nie navolg nie.

Subjektiwiteit in annotering is uiteraard beperk tot die tegniek of die praktiese annoteerproses, en raak nie die

beginsels...../

beginsels van annotering as sodanig nie omdat dit deur 'n algemeen aanvaarde objektiewe metode onderskraag word.

2. Die plek van annotering in die geskiedenis-as-wetenskap

Daar is telkens in hierdie studie direk of by implikasie aangevoer dat annotering wel 'n vorm van geskiedskrywing is, en dat annotering beslis deel van die geskiedenis-as-wetenskap uitmaak. Die vraag is of die stelling so eenvoudig is. In hierdie onderafdeling gaan gepoog word om vas te stel of annotering wel 'n plek het in die geskiedenis-as-wetenskap, en indien wel, wat presies die aard en omvang daarvan is. In 'n sekere sin word daar dus teruggegryp na die vraag wat annotering presies is.²

In 'n sekere sin kan annotering as 'n tipe "mindere" geskiedskrywing beskou word, of selfs hoegenaamd nie as geskiedskrywing gereken word nie. Daar sou selfs beweer kon word dat annotering te onwaardig, eenvoudig of maklik is om as geskiedskrywing in die ware sin van die woord te kan voldoen, en dus nie werklik 'n plek binne die brêë raamwerk van die geskiedenis-as-wetenskap het nie; of indien dit wel 'n plek het, dat dit hoogstens 'n sekondêre posisie kan inneem.

Daar sal diegene wees wat aanvoer dat annotering nie geskiedskrywing in die ware sin van die woord is nie, omdat dit te fragmentaries van aard is en boonop ook nog ondergeskik aan die teks bly. Die teks self is boonop ook nie deur die annoteerder "geskep" nie.

Annotering voldoen egter wel aan die eise wat aan wetenskaplike geskiedskrywing gestel word.³ Net soos wat

die...../

-
2. Wat betref die vraag wat annotering is, vgl. Hoofstuk I.
 3. Annotering word vervolgens getoets aan die eise wat aan 'n wetenskap gestel word, en in besonder aan die eise van die geskiedenis-as-wetenskap, n.a.v. Dreyer, op. cit., pp. 120-126, 134-137.

die geskiedenis-as-wetenskap 'n bepaalde rasionele struktuur het, so ook annotering. Ware historiografiese annotering het 'n kenmerkende struktuur wat rasioneel bevredigend is, wat aan rasonale eise voldoen, wat kennis nastrewe en meedeel en historiese insig bring.

Die kennis wat d.m.v. historiografiese annotering meegedeel word, is beslis gefundeerde kennis. Dit word nl. gegrond op navorsing en op sy wyse rekonstrueer en interpreteer die annoteerder ook 'n betrokke stuk verlede. By annotering gaan dit juis o.m. om die uitwys van foute in 'n bron oor die verlede en die regstel daarvan.

Waar objektiewe geldigheid in 'n bepaalde sin t.o.v. die geskiedenis-as-wetenskap geld, geld dit in dieselfde sin t.o.v. annotering.

Soos algemene historiese kennis, is ook die kennis wat annotering meebring mededeelbaar. Dit vind sy uiterlike neerslag in 'n stuk skryfwerk en dit is vir enigiemand beskikbaar om te lees en te bestudeer.

Annotering beskik ook oor 'n bepaalde metode wat aan al die eise van die historiese metode moet voldoen.

Soos die geskiedenis-as-wetenskap in die algemeen, is historiografiese annotering op die verlede gerig en sentreer dit hoofsaaklik om die leefwêreld, lotgevalle en aktiwiteite van mense.

N.a.v. Huizenga se definisie van geskiedenis, nl. dat geskiedenis dié geestelike vorm is waarin 'n kultuur vir homself rekenskap gee van sy verlede,⁴ kan met reg beweerd word dat ook d.m.v. annotering daar rekenskap gegee word van die verlede, hoewel op 'n ietwat ander wyse en

in...../

4. Huizenga, J., Verzamelde Werken, vol. VII, pp. 101-103.

in 'n ander vorm as tradisionele geskiedskrywing. Annotering vergemaklik die dialoog tussen die hede en die verlede, lg. soos in die teks vergestalt, en bewerkstellig nouer kontak tussen 'n spesifieke kultuurgemeenskap en daardie kultuurgemeenskap se verlede.

In die benaming historiografiese of wetenskaplike historiese annotering word daar reeds geïmpliseer dat annotering deel van die geskiedenis-as-wetenskap is. Alles wat histories van aard is, val nl. binne die raamwerk van die geskiedenis-as-wetenskap in die wydste sin van die woord.

Die volgende aspekte moet derhalwe in aanmerking geneem word as dit gaan om die historiese wetenskaplikheid van annotering al dan nie:

- (a) Die aard, wese en uiterlike vorm van annotering is anders as dié van gewone geskiedskrywing. Gevolglik moet ander maatstawwe geld by die beoordeling van annotering. Daaruit volg dat annotering 'n vorm van ware geskiedskrywing is, maar weliswaar 'n ander en unieke soort geskiedskrywing.
- (b) Die inhoud van die meeste annoteringsvoetnote, in die besonder dié voetnote waarin bv. persone, plekke en gebeure geannoteer word, is niks anders as 'n wetenskaplike geskiedskrywing in die kleinste sin. Elk van hierdie annotasies moet op sigself voldoen aan die eise van die historiese metode en die eise wat aan wetenskaplike geskiedskrywing gestel word. D.w.s. elke ware annoteringsvoetnoot, in die engere sin van die woord, is 'n sisteem van rasonale, gefundeerde en onbevooroordeelde kennis, wat duidelik in skrif vasgelê is.
- (c) Alvorens die annoteerder kan begin annoteer, moet hy eers die teks goed deurwerk, en dit in die meeste gevalle ook eers redigeer en selfs tot 'n annoteerbare vorm herstel. Waar hy naas annoteerder ook

redigeerder...../

redigeerder is, en in 'n sekere sin dus ook 'n bydrae lewer tot die vorm van die teks, kan hy in 'n baie wye sin ook as 'n soort mede-outeur van die teks beskou word.

- (d) Daar sou beweer kon word dat die skrywer van die oorspronklike teks altyd, en ook in beginsel, belangriker is as die annoteerder, onafhanklik van hoe goed of hoe swak die teks is, en ook onafhanklik van hoe goed of hoe swak die annotering is. Vandaar dat 'n mens by annotering praat van 'n geannoteerde teks (in daardie volgorde), waar die annoteer die teks kwalifiseer. In hierdie sin is die teks dus primêr en die annotering altyd sekondêr.

Die feit dat 'n mens van 'n geannoteerde teks praat en dat die annoteer die teks kwalifiseer, is egter terselfdertyd 'n aanduiding dat 'n geannoteerde teks meer is as 'n ongeannoteerde teks in gevalle waar die ongeannoteerde teks boonop nog annoteerbaar en annoteerwaardig is, en dat annotering dus wel histories betekenisvol is.

Sonder die tussenbeidekoms van die annoteerder, sal 'n oorspronklike teks heel moontlik nooit gepubliseer word nie, en dus nie historiese betekenis verkry nie. Die oorspronklike skrywer en die annoteerder word dus eintlik "mede-skrywers" van die "nuwe" geannoteerde teks, waar lg. altyd meer is as bloot die optelsom van teks en annotering.

Volgens tydsorde moet die oorspronklike opsteller van die teks, wat gewoonlik sonder sy medewete en in die meeste gevalle eers na sy dood "skrywer" en "historikus" word, se naam altyd eerste genoem word, en moet 'n geannoteerde teks onder sy naam gepubliseer word.

Annotering...../

Annotering is egter nie ondergeskik aan die teks nie. Wanneer die teks eenmaal geannoteer is, hang teks en annotering ten nouste met mekaar saam; is hulle onderskeibaar maar nooit skeibaar nie; die een nie bo die ander nie, maar langs mekaar, naas mekaar, en aanvullend tot mekaar. Sonder annotering is 'n anno-teerbare en annoteerwaardige teks onvolledig, nie in historiese perspektief geplaas nie, en moontlik ook vaag, onduidelik en vatbaar vir verkeerde interpretasie, en kan vol foute en/of dubbelsinnighede wees. Nie dat annotering alle probleme kan of sal oplos nie, of die teks volkome "volledig" sal maak nie, maar dit sal beslis die teks se waarde verhoog en verryk. Ook in dié sin is annotering deel van 'n "nuwe" stuk geskiedenis, lewer dit ook self 'n bydrae tot die geskiedskrywing.

- (e) Annotering kan nooit los van die teks gesien of beoordeel word nie. Die teks kan in 'n sekere sin nog los van die annotering bestaan en as sodanig gelees word - al sou dit vir die leser moontlik baie vaaghede en probleme inhou. In dié sin staan die teks eerste, die annotering tweede. Maar dit is bloot 'n rangorde, en maak die een nie noodwendig belangriker as die ander nie. Teks plus annotering is nl. veronderstel om in-kombinasie-met-mekaar 'n sinvolle nuwe geheel te vorm. Dus moet teks en annotering ook sáám gelees en beoordeel of geëvalueer word. Saam vorm hulle 'n nuwe stuk geskiedskrywing.
- (f) Aangesien historiografiese annotering dit ook ten doel het om 'n teks in historiese perspektief te plaas, kan dit nie anders, as die annotering wel in dié doel slaag, dat die annotering self ook deel van die geskiedenis-as-wetenskap sal uitmaak nie. Terwyl die teks in 'n sekere sin onbewustelike geskiedskrywing is, is die annotering self doelbewuste geskiedskrywing.

Daar...../

Daar kan dus tot geen ander gevolgtrekking gekom word nie dat annotering beslis geskiedskrywing is, hoewel na vorm en inhoud 'n unieke, besondere en anderse geskiedskrywing. Die terrein waarop die annoteerder beweeg is dieselfde as waarop die gewone historikus beweeg. Daar is slegs één groot historiese akker, en die annoteerder dra ook sý deel by om dit te bewerk.

Soos die historikus in die algemeen, is ook die annoteerder (of dan : die annoteerder-historikus⁵) 'n historiese meningsvormer. Soos wat die historiese beeld van die mense van die tyd waarin hy leef die annoteerder kan beïnvloed, en hierdie geskiedenisbeeld kan neerslag vind in sy werk, so ook kan hy as historikus sy tyd en die mense van sy tyd se geskiedenisbeeld beïnvloed of help vorm.

Soos die historikus in die algemeen, skryf die annoteerder geskiedenis en "maak" hy dus ook in dié sin geskiedenis, deur 'n stuk verlede op skrif vas te lê of deur minstens 'n stuk geskrewe verlede in historiese perspektief te plaas. Die annoteerder sit reeds met 'n stuk vasgelegde geskiedenis voor hom. Deur dit te annoteer gee hy egter 'n verdere dimensie daaraan.

In 'n sekere sin is annotering meer tegnies van aard as gewone geskiedskrywing. Dit sou egter onsinnig wees om te probeer vasstel watter een van annotering of gewone geskiedskrywing die moeilikste of ingewikkeldste is. Dit is in elk geval ook 'n onregverdigte vergelyking.

Die...../

5. Die annoteerder van historiese tekste is in die eerste plek 'n historikus, en daarna 'n annoteerder. Annoteerder kwalifiseer bloot historikus. Daarom moet van 'n annoteerder-historikus gepraat word, en nie van 'n historiese annoteerder nie; tensy die betrokke annoteerder om een of ander rede histories belangrik is. Dat die annoteerder in die eerste plek 'n historikus is, volg logies uit die argument dat annotasie geskiedskrywing is.

Die agtergrondgeskiedenis, wat in die meeste gevalle 'n geannoteerde teks behoort te vergesel, is niks anders as suiwer gewone of tradisionele geskiedskrywing nie. Aangesien die agtergrondgeskiedenis uiteindelik ook deel uitmaak van die annotering in die wydste sin van die woord, omdat dit die geannoteerde teks op sy beurt weer as geheel in historiese perspektief plaas, is dit nogmaals 'n aanduiding van die histories-wetenskaplike aard van annotering.

Ten slotte kan daar dus tot geen ander gevolgtrekking gekom word dat annotering sonder enige twyfel deel van die geskiedenis-as-wetenskap is, en dus ook as geskiedskrywing in die ware sin van die woord gereken kan word. Binne die raamwerk van die geskiedenis-as-wetenskap het dit dan ook, volgens die unieke aard daarvan, 'n belangrike en wesenlike taak en plek.

3. Die huidige stand van annotering

Die doel van hierdie onderafdeling is om kortliks 'n oorsig van die huidige stand van annotering in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing te verstrek. Daar sal in die besonder na tekste m.b.t. die Anglo-Boereoorlog verwys word, hoewel dit nie op volledigheid aanspraak maak nie. Die gedagte is eerder om aan die leser 'n breë blik te gee van die stand van annotering in Suid-Afrika; die tipe bronne wat al geannoteer is, deur wie die annotering gedoen is, insluitende van wie die inisiatief daarvoor uitgegaan het.

3.1 Die Van Riebeeck-Vereniging

Die eerste teks wat op inisiatief van Suid-Afrikaners in geannoteerde vorm die lig gesien het, was waarskynlik die Dagboek van Adam Tas, 1705-1706. Hierdie dagboek het in 1914 verskyn, nadat John X. Merriman - die bekende Kaapse politikus - die Raad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad aangespoor het om dit uit te gee. Die redaksie is toevertrou aan

prof...../

prof. Leo Fouché en hy het die dagboek op uitstekende wyse geredigeer en geannoteer.⁶

Die geredigeerde en geannoteerde Dagboek van Adam Tas is goed ontvang en het die Raad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek aangemoedig om in 1917 'n tweede werk uit te gee, nl. 'n vertaling uit Frans van baron Van Pallandt se opmerkings oor die Kaap tydens die Bataafse bewind. Hierdie publikasie is met dieselfde sukses as die Dagboek bekroon.⁷

Die sukses wat met genoemde twee publikasies behaal is, het by Merriman en A.C.G. Lloyd, hoofbibliotekaris van die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad, die gedagte laat ontstaan om 'n vereniging te stig wat waardevolle historiese bronnemateriaal sou publiseer. Die gevolg was die stigting van die Van Riebeeck-Vereniging vir die publikasie van Suid-Afrikaanse historiese Dokumente in 1918, met John X. Merriman as die eerste voorsitter. Die Vereniging is gestig na die voorbeeld van die Hakluyt Society in Engeland en die Van Linschoten-Vereniging in Nederland.⁸

Die doel van die Van Riebeeck-Vereniging was, en is steeds, om seldsame en waardevolle boeke, pamflette en dokumente wat te make het met die geskiedenis van Suid-Afrika te druk, of te herdruk, ter verspreiding onder die lede van die Vereniging en vir verkoop aan die publiek.⁹ Hoewel die meeste van die Vereniging

se...../

-
6. Sien "Die Tweede Reeks" in Tas, A., Dagboek van Adam Tas, 1705-1706. Hierdie dagboek is 56 jaar nadat dit vir die eerste keer gepubliseer is, heruitgegee, hierdie keer deur die Van Riebeeck-Vereniging.
 7. Sien "Die Tweede Reeks" in Tas, A., Dagboek van Adam Tas, 1705-1706.
 8. Ibid.
 9. Sien die "Grondwet van die Vereniging" soos telkens agter in die publikasies van die Vereniging gedruk.

se publikasies tot dusver oor die geskiedenis van die Kaap handel of geskrifte van Kaapse politieke en ander figure betrek, is die Vereniging nie uitsluitlik op Kaapse geskiedenis toegespits nie.

Daar het dan ook al publikasies verskyn wat oor ander aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis handel, bv. die dagboek van F. Owen, 'n sendeling by Dingaan;¹⁰ die dagboek van Hendrik Witbooi;¹¹ dokumente wat te make het met die sinking van die Grosvenor;¹² en dokumente wat met Andrew Smith en Natal te make het.¹³

Die Van Riebeeck-Vereniging se eerste publikasie het in 1918 verskyn, nl. Reports of Chavannes and his Council, and of Van Imhoff, on the Cape. Met die uitsondering van 1922 en 1925 verskyn daar jaarliks 'n publikasie, sodat daar tot 1982 reeds 62 publikasies die lig gesien het.

Die eerste tekste wat deur die Van Riebeeck-Vereniging

uitgegee...../

-
10. The Diary of the Rev. F. Owen, Missionary with Dingaan in 1837-1838. Together with extracts from the writings of the interpreters in Zulu, Messrs. Hulley and Kirkman. Geredigeer deur G.E. Cory. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 7, 1926.
 11. Die Dagboek van Hendrik Witbooi, Kaptein van die Witbooi-Hottentotte, 1884-1905. Geredigeer en geannoteer deur P. Bruchhausen en lede van die Suidwes-Afrika Wetenskaplike Vereniging, Windhoek, en van 'n voorwoord voorsien deur G. Voigts. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 9, 1929.
 12. A Source Book on the Wreck of the Grosvenor East India=man. Saamgestel, geredigeer en geannoteer deur P.R. Kirby. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 34, 1953.
 13. Andrew Smith and Natal : documents relating to the early history of that province. Saamgestel, geredigeer en geannoteer deur P.R. Kirby. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 36, 1955.

uitgegee is, is meerendeels slegs geredigeer en van 'n inleiding of voorwoord voorsien en baie oppervlakkig geannoteer. Vergelyk byvoorbeeld:

- (1) Mentzel, O.F., Life at the Cape in the Mid-Eighteenth Century; being the biography of Rudolf Siegfried Allemann, Captain of the Military Forces and Commander of the Castle in the service of the Dutch East India Company at the Cape of Good Hope. Uit die Duits vertaal deur M. Greenlees en geannoteer deur M. Greenlees en K.M. Jeffreys. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 2, 1919.
- (2) De Mist, J.A., The Memorandum of Commissary J.A. de Mist containing Recommendations for the Form and Administration of the Government at the Cape of Good Hope, 1802. In Engels vertaal deur K.M. Jeffreys en van 'n voorwoord voorsien deur S.F.N. Gie. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 3, 1920.
- (3) Lichtenstein, H., Travels in Southern Africa in the Years 1803, 1804, 1805 and 1806, vols. I en II. Uit Duits vertaal, geredigeer en geannoteer deur A. Plumptre. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nrs. 10 en 11, 1928 en 1930.

Die eerste publikasie wat in redelike besonderhede geannoteer is, is die reisjoernale van Olof Bergh en Isaq Schrÿver.¹⁴ Hierna is die tekste feitlik sonder uitsondering in goed-geredigeerde en volledig-geannoteerde vorm gepubliseer, byvoorbeeld:

(1)...../

14. Journals of the Expeditions of the Honourable Ensign Olof Bergh (1682 and 1683) and the Ensign Isaq Schrÿver (1689). In Engels vertaal, geredigeer en geannoteer deur E.E. Mossop. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 12, 1931.

- (1) The Early Cape Hottentots described in the Writings of Olfert Dapper (1668), Willem Ten Rhyne (1686) and Johannes Gulielmus de Grevenbroek (1695). In Engels vertaal deur I. Schapera en B. Farrington en geredigeer en geannoteer deur I. Schapera. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 14, 1933.
- (2) Die Duminy-Dagboeke. Geredigeer en geannoteer deur J.L.M. Franken. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 19, 1938.
- (3) Dobie, J.S., South African Journal, 1862-6. Geredigeer en geannoteer deur A.F. Hattersley. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 26, 1945.
- (4) Die Dagboek van H.A.L. Hamelberg, 1855-1871. Geredigeer en geannoteer deur F.J. du T. Spies. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 33, 1952.
- (5) Selections from the Correspondence of J.X. Merriman, 1870-1890, 1890-1898, 1899-1904, 1905-1924. Geredigeer en geannoteer deur P. Lewsen. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nrs. 41, 44, 47 en 50, 1960, 1963, 1966 en 1969.
- (6) Paravicini di Capelli, W.B.E., Reize in de Binnen-Landen van Zuid-Africa. Geredigeer en geannoteer deur W.J. de Kock. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 46, 1965.

Vanaf 1918 tot 1969 het 50 werke verskyn wat nou die Eerste Reeks genoem word. Aangesien die oplaag van die eerste dele klein was en die meeste daarvan uitverkoop is, sodat hulle baie skaars en duur geword het en dit vir baie persone onmoontlik geword het om

'n...../

'n volledige stel te besit, is besluit om 'n nuwe reeks, bekend as die Tweede Reeks, te begin.¹⁵

Heel gepas was die eerste deel van die Tweede Reeks 'n bygewerkte uitgawe van die publikasie wat die vernaamste aanleiding tot die stigting van die Van Riebeeck-Vereniging was, nl. Leo Fouché se geredigeerde en geannoteerde uitgawe van die Dagboek van Adam Tas, 1705-1706.¹⁶ Sedertdien is nog twaalf ander tekste as deel van die Tweede Reeks gepubliseer, insluitende:

- (1) Valentyn, F., Beschrywinge van de Kaap der Goede Hoop met de Zaaken daar toe behorende, dele I en II. In Engels vertaal deur R. Raven-Hart; deel I deur P. Serton, W.J. de Kock, R. Raven-Hart en E.H. Raidt geredigeer en geannoteer, deel II deur E.H. Raidt geredigeer en geannoteer. Van Riebeeck-Vereniging, Tweede Reeks, nrs. 2 en 4, Kaapstad, 1971 en 1973.
- (2) Livingstone, D., South African Papers, 1849-1853. Geredigeer en geannoteer deur I. Schapera. Van Riebeeck-Vereniging, Tweede Reeks, nr. 5, 1974.
- (3) Ross, E., Diary of the Siege of Mafeking, October 1899 to May 1900. Geredigeer en geannoteer deur B.P. Willan. Van Riebeeck-Vereniging, Tweede Reeks, nr. 11, 1980.

Die geredigeerde en geannoteerde bronnepublikasies van die Van Riebeeck-Vereniging dek 'n wye verskeidenheid onderwerpe en sluit in dagboeke, herinneringe, joernale, kronieke, reisbeskrywings en briewe. Die Vereniging lewer 'n groot bydrae tot die verbreding van

kennis...../

15. "Die Tweede Reeks" in Tas, op.cit.

16. Ibid.

kennis en insig i.v.m. veral die Kaapse geskiedenis. Vele geskifte wat andersins vir alle praktiese en akademiese redes, veral relatief tot die gewone geskiedenis-liefhebber, verlore sou gewees het, word deur die Vereniging op 'n ophelderende wyse 'n "nuwe" lewe gegee.

In meer as een opsig het die Van Riebeeck-Vereniging en die onderskeie medewerkers, baanbrekerswerk op die gebied van annotering in Suid-Afrika verrig. Aanvanklik is die tekste baie oppervlakkig indien enigsins geannoteer, maar met verloop van tyd is in al meer besonderhede geannoteer. Vandag is daar in al die publikasies van die Vereniging 'n vasgelegde patroon van goeie wetenskaplike annotering.

Die redigering en historiografiese annotering is nie slegs prysenswaardig nie, maar die kaarte, bylaes en registers wat lank reeds in die meeste uitgawes voorkom, is tegnies goed versorg. Trouens, elke bronne-publikasie getuig na vorm en inhoud van toegewydheid aan die historiese wetenskap, en dit strek die Vereniging asook alle medewerkers tot eer.

3.2 Die Christiaan de Wet-Annale

In die Christiaan de Wet-Annale, onder die redakteurskap van M.C.E. van Schoor, word daar sedert 1972, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein, geannoteerde tekste gepubliseer.

Die ontstaan van die gedagte om 'n publikasiereeks in die vorm van historiese-wetenskaplike studies, gegewens, artikels, bronne en dagboeke te wy aan sake rondom die lewe van genl. C.R. de Wet, kan na 1954 teruggevoer word, en spesifiek na 7 Oktober van daardie jaar, nl.

die...../

die herdenking van genl. De Wet se honderdste geboortedag en onthulling by dié geleentheid van 'n ruitersstandbeeld van De Wet in Bloemfontein. Die beheer en administrasie van die restant van die Generaal C.R. de Wet-standbeeldfonds is uiteindelik aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns oorgedra, en hieruit het voortgevloei die daarstelling van 'n publikasie wat studies en bronne oor en rondom die lewe van genl. De Wet bevat.¹⁷

Die trustakte van die C.R. de Wet-gedenkfonds bepaal nl. dat daar gekonsentreer moet word op die publiseer van artikels en monografieë wat handel oor die tyd en lewe van genl. De Wet en aanverwante geskiedenis, en ook op die publisering van oorspronklike bronne en dagboeke wat met die Anglo-Boereoorlog en die Rebel-
lie van 1914-1915 verband hou.¹⁸ Uit die aard van die saak leen die publikasiereeks hom dus o.m. tot die publiseer van geannoteerde tekste.

Tot op datum het die volgende geannoteerde tekste in die Christiaan de Wet-Annale verskyn:

- (1) In Christiaan de Wet-Annale nr. 1 het verskyn die "Dagboek van Hugo H. van Niekerk," geredigeer en geannoteer deur M.C.E. van Schoor.
- (2) In Christiaan de Wet-Annale nr. 2 het verskyn die "Dagboek van Oskar Hintrager - saam met Christiaan de Wet, Mei tot September 1900," geredigeer en geannoteer deur J.J. Oberholster.
- (3) In Christiaan de Wet-Annale nr. 3 het verskyn die "'Dagboek' van Rocco de Villiers," versorg en geannoteer deur M.C.E. van Schoor en die "Dépêches

van...../

17. Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 1, Okt. 1972, p. 3.
18. Ibid., pp. 3-4.

van die Russiese attaches, kol. Stakhovitch en lt.kol. Gurko," uit die Russies vertaal deur E. Williams-Foxcroft en geannoteer deur M.C.E. van Schoor.

- (4) In Christiaan de Wet-Annale nr. 4 het verskyn die "Dagboek van C.J. Asselbergs," versorg en geannoteer deur W.L. von R. en I.M.E. Scholtz; "Letters : Lord Milner to Hamilton John Goold-Adams, 1901-1905," versamel en geredigeer deur E.M. Main en geannoteer en van biografiese sketse voorsien deur A. Wessels; en "Irish Nationalists and South Africa, 1877-1902," geannoteer en van bylaes voorsien deur A. Wessels.

Hoewel nog 'n relatief jong publikasiereeks, toon die Christiaan de Wet-Annale reeds 'n ryke verskeidenheid aan geannoteerde tekste, en uit die aard van die publikasiereeks is daar geen rede waarom dit nie nog 'n lang en sinvolle bestaan sal hê nie. Die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke se dokumentêre versameling beskik oor ruim twintig na dertig dagboeke wat met die Anglo-Boereoorlog verband hou, en die huidige redakteur van die Annale is reeds in besit van ses manuskripte wat in die proses van annotering en publikasie is.

3.3 Bronnepublikasies van die R.G.N. se Instituut vir Geskiedenisnavorsing

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (R.G.N.) se Instituut vir Geskiedenisnavorsing, Afdeling Bronnepublikasies, lewer 'n baie belangrike bydrae t.o.v. die versameling, redigering, annotering en publisering van annoteerbare en annoteerwaardige stukke, tot dusver hoofsaaklik m.b.t. die Anglo-Boereoorlog. Die volgende geannoteerde tekste het reeds in die vorm van 'n reeks bronnepublikasies die lig gesien:

(1)...../

- (1) Bredell, H.C., Dagboek van H.C. Bredell (1900-1904). Inleiding, teksversorging en geskiedkundige aantekeninge deur A.G. Oberholster. Bronnepublikasie nr. 1, 1972.
- (2) Du Toit, P.J., Diary of a National Scout : P.J. du Toit, 1900-1902. Inleiding, redigering en geskiedkundige aantekeninge deur J.P. Brits. Bronnepublikasie nr. 2, 1974.
- (3) Trichard, S.P.E., Geschiedenis werken en streven van S.P.E. Trichardt luitenant kolonel der vroegere Staats-Artillerie Z.A.R. door hemzelve beschreven. Geredigeer en geannoteer deur O.J.O. Ferreira. Bronnepublikasie nr. 3, 1975.
- (4) Oosterhagen, H.S., Oorlogsdagboekie van H.S. Oosterhagen, Januarie - Junie 1902. Inleiding, teksversorging en aantekeninge deur C.C. Eloff. Bronnepublikasie nr. 4, 1976.
- (5) Burger, S.J., Oorlogsjoernaal van S.J. Burger, 1899-1902. Geredigeer en geannoteer deur T. van Rensburg. Bronnepublikasie nr. 5, 1977.
- (6) Ruijssenaers, L.C., Krygsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers, 1899-1902. Geredigeer en geannoteer deur O.J.O. Ferreira. Bronnepublikasie nr. 6, 1977.
- (7) Celliers, J.F.E., Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers, 1899-1902. Inleiding, teksversorging en geskiedkundige aantekeninge deur A.G. Oberholster. Bronnepublikasie nr. 7, 1978.
- (8) Armstrong, H.E.C., Camp Diary of Henrietta E.C. Armstrong. Experiences of a Boer nurse in the Irene Concentration Camp 6 April - 11 October 1901. Geredigeer en geannoteer deur T. van Rensburg. Bronnepublikasie nr. 8, 1980.

(9)...../

- (9) Le Riche, P.J., Memoirs of General Ben Bouwer.
 Gerêdigeer en van historiese aantekeninge en 'n
 inleiding voorsien deur O.J.O. Ferreira.
 Bronnepublikasie nr. 9, 1980.

Die redigering en annotering van hierdie bronne is van 'n hoogstaande gehalte, en soos met die geval van die Christiaan de Wet-Annale hou ook hierdie publikasie-reeks baie moontlikhede vir die toekoms in.

3.4 Geannoteerde tekste in tydskrifte

In Militaria, 'n militêre tydskrif wat deur die Suid-Afrikaanse Weermag se Direktoraat Dokumentasiediens uitgegee word, wat vroeër veral op die militêr-historiese aspekte die klem laat val het, is al 'n aantal geannoteerde stukke gepubliseer.

Die geannoteerde tekste - almal in die vorm van artikels - is op een uitsondering na almal verslae van neutrale buitelandse waarnemers tydens die Anglo-Boereoorlog, bv. dié van die Franse offisiere kapt. Demange en lt. Raoul-Duval, geannoteer deur C. de Jongh, in Militaria, vol. VI, nr. 1, 1976, pp. 52-56; die Nederlanders lt. C.J. Asselbergs en lt. Nix, geannoteer deur C. de Jongh, in Militaria, vol. V, nr. 2, 1975, pp. 44-53; en die Russiese offisier lt.-kol. Gurko, geredigeer en geannoteer deur C. de Jongh en E. Foxcroft in Militaria, vol. V, nr. 4, 1975, pp. 49-59. Dan is daar ook nog die kort herinneringsgeskrif van die Franse edelman Robert de Kersauson de Pennendreff, geannoteer deur C. de Jongh, in Militaria, vol. VI, nr. 4, 1976, pp. 15-23.

Die verslae is almal redelik kort en bondig. Dit is nie in veel besonderhede geannoteer nie, maar dit was ook nie werklik nodig nie, aangesien die inhoud redelik selfverklarend is. Afgesien van die feit dat die blote publisering van die verslae self reeds

'n belangrike bydrae gelewer het tot die lys bronne= publikasies oor die Anglo-Boereoorlog, het die feit dat die meeste van die verslae in geannoteerde vorm die lig gesien het, die waarde daarvan verder ver= hoog.

Die enigste geannoteerde teks wat tot op datum in Krygshistoriese Tydskrif verskyn het, is "General Botha's own Report on the Battle of Colenso" wat in vol. I, nr. 7 van die betrokke tydskrif verskyn het. Die aard, inhoud en omvang van dié teks is sodanig dat dit nie nodig was om dit in veel besonderhede te annoteer nie.

In Historia het ook al geannoteerde tekste verskyn, bv. "Die Rebellie Herinneringe van P.G.W. Roets," geannoteer deur N.A. Coetzee (Vol. 9, nr. 2, Junie 1964, pp. 117-125) asook in Historiese Studies, bv. "Die Herinneringe van Kommandant J. Carel Winterbach (1850-1907), geannoteer deur B.V. Lombaard (Vol. 5, nr. 3, September 1944, pp. 127-152) en "Vyf ongepubliseerde Briewe van Hendrik Witbooi," geannoteer deur W.J. de Kock (Vol. 6, nr. 4, Desember 1945, pp. 195-212).

3.5 Ander gepubliseerde geannoteerde tekste

'n Aantal geannoteerde tekste is op inisiatief van privaat persone of instansies of van staatsweë af gepubliseer. Die Daghregister gehouden by den Oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck, dele I-III is in die jare 1952-1957 deur A.A. Balkema vir die Van Riebeeck-Vereniging uitgegee. Hier is 'n voorbeeld van hoedat taalkundige en historikus kan saamwerk om 'n waardevolle teks in geredigeerde en geannoteerde vorm die lig te laat sien. Die teksversorging en skrywe van taalkundige aantekeninge is deur D.B. Bosman en die geskiedkundige aantekeninge deur H.B. Thom waargeneem.

Voorbeelde...../

Voorbeelde van geannoteerde dokumentêre bronne wat van staatsweë af gepubliseer is, is die Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap, wat die Resolusies van die Politieke Raad vanaf 1651 in geannoteerde vorm bevat. Die eerste vier volumes is bv. afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak deur A.J. Boëseken, terwyl G.C. de Wet die redigering van Volume 5 en verder waargeneem het. Vgl. ook die South African Archival Records, Natal : Records of the Executive Council, deur B.A. le Cordeur en die Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Oranje-Vrystaat : Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, deur D.C. Joubert persklaar gemaak.

'n Aantal geannoteerde tekste het ook al op inisiatief van individue in geannoteerde vorm verskyn, byvoorbeeld:

- (1) The Boer War Diary of Sol T. Plaatje, an African at Mafeking. Geredigeer en geannoteer deur J.L. Camaroff. In sy gepubliseerde vorm beslaan die dagboek sowat 133 bladsye, en daar is 390 annoteringsvoetnote. Ongelukkig word die voetnote afsonderlik agter in gedruk, en word die bronne wat by die onderskeie voetnote gebruik is, nie by die voetnote self aangedui nie. Die dagboek self, wat heel toevallig opgespoor is, is egter uniek en baie waardevol. Plaatje was as Swartman in 'n goeie posisie om kommentaar te lewer oor die Anglo-Boereoorlog en hy beskryf die rol van die Swartman in en sy siening van die oorlog. Die annoteerder se taak was besonder moeilik gewees, in dié sin dat die leefwêreld wat beskryf word en die oë en idioom waardeur dit beskryf word, dié van die Swartman is. Die annoteerder het hom egter goed van sy taak gekwyt. 'n Goeie agtergrondgeskiedenis word ook verstrek.

(2)...../

(2) Harford, H., Zulu War Journal of Col. Henry Harford.

Geredigeer en geannoteer deur D. Child. Hierdie joernaal is op heel unieke wyse "geannoteer." Geen voetnote of tradisionele voetnootannotasies is gebruik nie, maar die annotasies is waar toepaslik kursief tussen vierkantige hakies in die teks ingevoeg. Hierdie vorm van annotering is nie aan te beveel nie, want dit laat nie voetnote tot hul reg kom nie, is onwetenskaplik en laat nie toe dat bronverwysings gemaak kan word nie.

(3) Hancock, W.K. en Van der Poel, J. (reds.), Selections from the Smuts Papers, vols. I - VII. 'n Geselekteerde aantal dokumente, briewe, toesprake, ens. van genl. J.C. Smuts is in 'n geredigeerde vorm gepubliseer. Die stukke is d.m.v. kort inleidings en verduidelikings in historiese perspektief geplaas. Annotering is tot 'n minimum beperk, maar kom waar toepaslik wel voor.3.6 Slotopmerkings

Tans is dit hoofsaaklik die Van Riebeeck-Vereniging, die Christiaan de Wet-Annale, o.l.v. M.C.E. van Schoor en die R.G.N. se Instituut vir Geskiedenisnavorsing, Afdeling Bronnepublikasies, wat op die terrein van geannoteerde tekste die geleentheid bied vir publikasie en dus die leiding neem en toon aangee t.o.v. annotering. Enkele ander geannoteerde tekste sien van tyd tot tyd op inisiatief van individue en in tydskrifte in gepubliseerde vorm die lig.

Die geannoteerde tekste kom hoofsaaklik uit twee eras, nl. die ou Kaapse era (Van Riebeeck-Vereniging) en die Anglo-Boereoorlog (Christiaan de Wet-Annale en die R.G.N.).

'n Groot gebied lê egter nog braak, en op dié terreine

waarop...../

waarop daar tans wel gekonsentreer word, is daar nog veel te verrig. Wat die Anglo-Boereoorlog betref wys Stemmet¹⁹ daarop dat tot 1972 sowat 106 outobio-grafiese bronne oor die oorlog in druk verskyn het, maar dit blyk dat geeneen van hierdie bronne in die ware sin van die woord geannoteer is nie. Sommige is wel verwerk, ander geredigeer. Hier en daar is 'n voorwoord tot die teks geskryf en soms een en ander oor die skrywer.

Aangesien daar tot 'n mindere of meerdere mate in die meeste van hierdie werke foute, vaaghede en/of dubbelsinnighede bestaan, is dit nodig dat indien hierdie werke opnuut gepubliseer word, wat uiters wenslik is, dit in 'n geannoteerde vorm sal geskied. Dit is immers te betreur dat M.E.R. se verwerking van haar broer se oorlogsdagboek met die titel Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse Burger te Velde, 1900-1901 wat oorspronklik in 1947 verskyn het, in 1976 bloot as 'n faksimilee-uitgawe herdruk is en nie omvangryk geannoteer is nie.²⁰

Die volgende dien as enkele ander voorbeelde van werke wat te make het met die Anglo-Boereoorlog en wat omvangryke annotering verdien:

- (1) De Wet, C.R., De Strijd tussen Boer en Brit. Hierdie oorlogsherinneringe van genl. De Wet het oorspronklik kort na die oorlog verskyn, eers in Nederlands en toe ook in ander tale. In 1959 het dit ook in 'n ongeannoteerde vorm in Afrikaans verskyn. Hoewel die boek redelik vloeiend is, is daar tog 'n hele aantal sake wat nader toegelig en/of reggestel moet word.

(2)...../

19. Stemmet, F.J., Gepubliseerde outobiografiese Bronne oor die Anglo-Boereoorlog, pp. ii-viii, 417.

20. Vgl. resensie van M.C.E. van Schoor in Die Volksblad, 28.10.1976.

- (2) Pieterse, H.J.C., Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan. Hierdie oorlogsherinneringe van genl. Malan is deur Pieterse verwerk en is oorspronklik in 1941 gepubliseer. Hoewel dit baie vloeiend en volledig is, behoort dit in geannoteerde vorm herdruk te word.
- (3) De Kersauson de Pennendreff, R., Ek en die Vierkleur. Die verwerkte en vertaalde oorlogsdagboek van hierdie Franse edelman is aan die begin van die sestigerjare gepubliseer. Die styl en inhoud getuig daarvan dat die ervarene en geleerde en opgevoede man was, wat fyn kon waarneem en geweet het wat histories belangrik is. Annotering kan die werk se waarde verder verhoog.
- (4) De Wet, A., Van Doornik, H. en Du Plessis, G.C., Im Kampf um Südafrika, vol. IV : Die Buren in der Kapkolonie im Kriege mit England. Hierdie boek is oorspronklik in Nederlands geskryf, maar is deur A. Schowalter in Duits vertaal en is kort na die oorlog gepubliseer. Om dit vir meer mense toeganklik te maak, behoort dit in Afrikaans vertaal en geannoteer te word.

Bogendeemde werke is almal deur Boere, Rebelle of pro-Boere opgestel. Daar is egter ook heelwat werke wat deur Engelse geskryf is en wat dus die oorlog vanuit Britse oogpunt belig, maar wat ongeannoteerd gepubliseer is. Indien hulle vandag heruitgegee sou word, behoort hulle geannoteer te word. As voorbeelde dien:

- (1) Churchill, W.S., Ian Hamilton's March. Hierdie boek, geskryf deur die latere bekende Britse staatsman, het in 1900 verskyn. Dit handel nie oor Churchill se ervarings tydens sy gevangeneming en ontsnapping aan die begin van

die...../

die oorlog nie, maar dek eerder die Britse opmars na Johannesburg en Pretoria ná die val van Bloemfontein. Dit bevat ook sowat 75 bladsye se uittreksels uit die dagboek van lt. H. Frankland van die Royal Dublin Fusiliers, 'n dagboek wat hy gehou het tydens sy aanhouding as krygsgevangene in Pretoria.

- (2) Dennison, C.G., A Fight to the Finish. Dit is die oorlogsherinneringe van die aanvoerder van die Dennison's Scouts, 'n Kaapse Koloniale eenheid tydens die Anglo-Boereoorlog.
- (3) The Intelligence Officer (Colonel Lionel James), On the Heels of De Wet. Hierdie boek het in 1903 verskyn en gee 'n goeie beeld van die probleme wat die Britte ondervind het tydens genl. De Wet se inval in die Kaapkolonie, Februarie 1901.

Daar is nog heelwat outobiografiese e.a. bronne oor die Anglo-Boereoorlog wat nie gepubliseer is nie, en wat annoteringswaardig is. Afgesien van die twintig na dertig ongepubliseerde dagboeke wat in die besit van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein is, is daar meer as vyftig ongepubliseerde outobiografiese bronne wat in besit is van die Transvaalse Argief in Pretoria²¹ en wag om geannoteer en gepubliseer te word. Dit mag ook wees dat daar beide in Suid-Afrika en oorsee (hoofsaaklik Brittanje) ook nog oorspronklike bronne is wat iewers onontdek en vergete lê.

Wat geld vir annoteerbare en annoteerwaardige tekste uit die Anglo-Boereoorlog, geld mutatis mutandis vir

tekste...../

21. Stemmet, op. cit., p. 417, voetnoot 1.

tekste oor enige ander faset van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Weinig annoteerwaardige tekste wat oor die Rebelle van 1914 handel, is al geannoteer. Vele politieke e.a. briewe wag nog op redigering.²² So is daar ook dagboeke en herinneringe van persone wat aan die Eerste en Tweede Wêreldoorlog deelgeneem het.

Ongelukkig word die waarde van herinneringe as 'n historiese bron nie altyd besef nie; of beskou die skrywers daarvan hul bydrae of rol in die verlede as te onbeduidend om van enige blywende historiese waarde te wees. Daar is ook nie altyd die nodige aanmoediging dat hulle dit moet aanteken of uitskryf nie.

Daar is nog talle tekste van allerlei aard wat geannoteer kan word. Mense behoort meer bewus gemaak te word om op die uitkyk te wees vir annoteerbare en annoteerwaardige tekste, en dit aan instansies en annoteerders beskikbaar te stel vir annotering, indien dit nie self geannoteer kan word nie.

Tot dusver het daar 'n hele aantal goeie wetenskaplike geannoteerde tekste die lig gesien. Ongelukkig is die gebrek aan fondse in 'n groot mate 'n remmende faktor. Hoewel moeilik te bepaal, is dit onwaarskynlik dat die leserskring van geannoteerde tekste ooit baie groot is. Hier het o.a. ouers, onderwysers, historici almal 'n groot rol te speel. 'n Liefde vir die lees van geannoteerde tekste moet gekweek word. Dit is natuurlik iets wat ten nouste saamhang met mense se belangstelling in die verlede en

geskiedenis...../

22. 'n Voorbeeld van politieke briewe wat reeds versamel, geredigeer, geannoteer en gepubliseer is, is Marais, A.H. (red.), Politieke Briewe, deel II : 1911-1912.

geskiedenis. Geen volk kan bekostig dat sy verlede vergeet word nie, en daarom kan hy ook nie bekostig dat sy annoteerwaardige verlede ongeannoteerd gelaat of verlore gaan nie.

4. Samevatting

Annotering is 'n besondere soort geskiedskrywing. Dat dit wel in die ware sin van die woord geskiedskrywing is, kan nie betwyfel word nie, en dit maak dus wel deel van die geskiedenis-as-wetenskap uit. Annotering is 'n veel-eisende, tydrowende maar ook uitdagingsvolle vorm van geskiedskrywing.

As geesteswetenskap kan die geskiedenis nie, soos bv. wiskunde as matematiese wetenskap, dinge bewys nie. Die waarhede waarmee daar in die geskiedenis-as-wetenskap gewerk word, is andersoortig en veelkantig. As hierdie studie egter iets "bewys" het, dan is dit dat dit uiters moeilik is om aan te toon en te verduidelik hoe, wat en waarom geannoteer behoort te word. Al hierdie vrae hang saam met 'n mens se opvattinge oor die waarde, sin en betekenis van die verlede en die geskiedenis-as-wetenskap.

Uiteindelik kan geen vaste reëls neergelê word nie. Basiese beginsels mag uitgewys, die metode uitgestippel en 'n aantal tegniese aspekte beklemtoon word, maar steeds sal die aard, inhoud en omvang van die spesifieke teks wat geannoteer word, die finale deurslag gee. Slegs deur prakties te annoteer, leer die annoteerder egter die slaggate en probleme wat by annotasie voorkom, ken.

BRONNELYSI. GERAADPLEEGDE WERKE

- Barzun, J. en Graff, H.F., The Modern Researcher. New York, 1977.
- Carr, E.H., What is History? The George Macaulay Trevelyn Lectures delivered in the University of Cambridge, January - March 1961. Londen, 1962.
- Croce, B., Theory and History of Historiography. Londen, 1921.
- Combrinck, J.A., "Aardrykskunde (Geografie) as aangrensende Wetenskap tot die Geskiedenis" in Militaria, vol. X, nr. 3, pp. 40-41.
- Davenport, T.R.H., South Africa : a modern history. Londen, 1977.
- Dreyer, P.S., Inleiding tot die Filosofie van Geskiedenis. Kaapstad en Pretoria, 1974.
- Huizenga, J., Verzamelde Werken, vol. VII. Haarlem, 1950.
- Langlois, C. en Seignobos, C., Introduction to the Study of History. Londen, 1925.
- Ploeger, J., "Die Ontwikkeling van die Begrip Geskiedenis en die Studie van Militêre Geskiedenis" in Krygs= historiese Tydskrif, vol. I, nr. 2, Junie 1968, pp. 13-15.
- Romein, J.M., In de Hof der Historie : kleine encyclopedie der theoretische geschiedenis. Amsterdam, 1963.
- Standard Encyclopaedia of Southern Africa (S.E.S.A.), vol. 7. Kaapstad, 1972.
- Stemmet, F.J., Gepubliseerde Outobiografiese Bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1972.
- Stoker, H.G., Beginnels en Metodes in die Wetenskap. Potchefstroom, 1961.
- Van der Merwe, H.J.J.M., Die Korrekte Woord : Afrikaanse taalkwessies. Pretoria, 1973.
- Die Volksblad, 28.10.1976.
- Von Ranke, L., The Theory and Practice of History. Geredigeer en van 'n inleiding voorsien deur G.G. Iggers en K. von Moltke. Indianapolis en New York, s.j.

II. LYS VAN WERKE WAARNA DAAR IN DIE TEKS AS
VOORBEELDE VERWYS WORD

- Adams, B., The Narrative of Private Buck Adams, 7th Dragoon Guards, 1843-1848. Geredigeer, geannoteer en van 'n inleiding, kaart en register voorsien deur A. Gordon-Brown. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 22, Kaapstad, 1941.
- Adamson, J.H. en Folland, H.F., Sir Harry Vane : his life and times, 1613-1662. Londen, 1973.
- Amery, L.S. (red.), The Times History of the War in South Africa, 1899-1902, vols. I - VII. Londen, 1900-1909.
- Armstrong, H.E.C., Camp Diary of Henrietta E.C. Armstrong. Experiences of a Boer nurse in the Irene Concentration Camp. 6 April - 11 October 1901. Geredigeer en geannoteer deur T. van Rensburg. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Bronnepublikasie nr. 8, Pretoria, 1980.
- Baines, T., Journal of Residence in Africa, 1842-1853, vols. I en II. Geredigeer en geannoteer deur R.F. Kennedy. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nrs. 42 en 45, Kaapstad, 1961 en 1964.
- Bergh, O. en Schrÿver, I., Journals of the Expeditions of the Honourable Ensign Olof Bergh (1682 and 1683) and Isaq Schrÿver (1689). In Engels vertaal, geredigeer en geannoteer deur E.E. Mossop. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 12, Kaapstad, 1931.
- Bredell, H.C., Dagboek van H.C. Bredell (1900-1904). Inleiding, teksversorging en geskiedkundige aantekeninge deur A.G. Oberholster. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Bronnepublikasie nr. 1, Pretoria, 1972.
- Burger, S.J., Oorlogsjoernaal van S.J. Burger. Geredigeer en geannoteer deur T. van Rensburg. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Bronnepublikasie nr. 5, Pretoria, 1977.
- Celliers, J.F.E., Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers, 1899-1902. Inleiding, teksversorging en geskiedkundige aantekeninge deur A.G. Oberholster. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Bronnepublikasie nr. 7, Pretoria, 1978.
- Childers, E., In the Ranks of the C.I.V. : a narrative and diary of personal experiences with the C.I.V. battery (honourable artillery company) in South Africa. Londen, 1900.

Dapper...../

- Dapper, O., Ten Rhyne, W. en De Grevenbroek, J.G., The Early Cape Hottentots described in the Writings of Olfert Dapper, Willem Ten Rhyne (1686) and Johannes Gulielmus de Grevenbroek (1695). In Engels vertaal deur I. Schapera en B. Farrington en geredigeer en geannoteer deur I. Schapera. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 14, Kaapstad, 1933.
- Davitt, M., The Boer Fight for Freedom. New York, 1902.
- De Camões, L., The Lusiads of Luiz Camões. In Engels vertaal en van 'n inleiding en aantekeninge voorsien deur L. Bacon. New York, 1950.
- De Chavonnes, M.P. en Van Imhoff, G.W., The Reports of Chavonnes and his Council, and Van Imhoff, on the Cape, with incidental correspondence. Met 'n inleiding deur J.X. Merriman en getranskribeer deur M. Ralling. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 1, Kaapstad, 1918.
- De Jong, C., "A French Volunteer in the Ranks of the Boers" in Militaria, vol. VI, nr. 4, 1976, pp. 15-23.
- De Jong, C., "Reports of Neutral Military Observers during the Anglo-Boer War (Captain Demange and Lieutenant Raoul-Duval, French Military Attache's with the Boers)" in Militaria, vol. VI, nr. 1, 1976, pp. 52-56.
- De Jongh, C., "Verslae van Neutrale Militêre Waarnemers tydens die Anglo-Boereoorlog (Lt. C.J. Asselbergs en lt. M. Nix)" in Militaria, vol. V, nr. 2, 1975, pp. 44-53.
- De Jong, C. en Foxcroft, E., "Reports of Neutral Military Observers during the Anglo-Boer War (The Despatches of Lieutenant-Colonel Gurko of the General Staff sent from the Theatre of War Operations in South Africa with the Boer Forces)" in Militaria, vol. V, nr. 4, 1975, pp. 49-59.
- De Mist, J.A., The Memorandum of Commissary J.A. de Mist containing Recommendations for the Form and Administration of the Government at the Cape of Good Hope, 1802. In Engels vertaal deur K.M. Jeffreys en van 'n voorwoord voorsien deur S.F.N. Gie. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 3, Kaapstad, 1920.
- De Villiers, R., "'Dagboek' van Rocco de Villiers," versorg en geannoteer deur M.C.E. van Schoor in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 3, Okt. 1975, pp. 3-103.

Dobie...../

- Dobie, J.S., South African Journal, 1862-6. Geredigeer en geannoteer deur A.F. Hattersley. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 26, Kaapstad, 1945.
- Die Duminy-Dagboeke. Geredigeer en geannoteer deur J.L.M. Franken. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 19, Kaapstad, 1938.
- Du Toit, P.J., Diary of a National Scout : P.J. du Toit, 1900-1902. Inleiding, redigering en geskiedkundige aantekeninge deur J.P. Brits. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Bronnepublikasie nr. 2, Pretoria, 1974.
- Farwell, B., The Great Boer War. Londen, 1977.
- Goethe, J.W., Goethe's Faust, dele I en II. In Engels vertaal en geredigeer deur A.G. Latham. Londen, s.j.
- Goldswain, J., The Chronicle of Jeremiah Goldswain, Albany Settler of 1820, vols. I en II. Geredigeer en geannoteer deur C. Gill. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nrs. 27 en 29, Kaapstad, 1946 en 1949.
- Hamelberg, H.A.L., Die Dagboek van H.A.L. Hamelberg, 1855-1871. Geredigeer en geannoteer deur F.J. du T. Spies. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 33, Kaapstad, 1952.
- Hancock, W.K. en Van der Poel, J. (reds.), Selections from the Smuts Papers, vols. I - VII. Cambridge, 1966-1973.
- Harford, H., Zulu War Journal of Col. Henry Harford. Geredigeer deur D. Child. Pietermaritzburg, 1978.
- Hintrager, O., "Dagboek van Oskar Hintrager - saam met Christiaan de Wet, Mei tot September 1900", geredigeer en geannoteer deur J.J. Oberholster in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 2, Okt. 1973, pp. 3-146.
- Isaacs, N., Travels and Adventures in Eastern Africa, vols. I en II. Geredigeer en geannoteer deur L. Herrman. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nrs. 16 en 17, Kaapstad, 1935 en 1936.
- Kestell, J.D. en Van Velden, D.E., De Vredesonderhandel=ingen tusschen de Regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche Republieken en de Vertegenwoordigers der Britsche Regeering, welke uitliepen op den Vrede, op 31 Mei 1902 te Vereeniging gesloten. Pretoria en Amsterdam, 1909.

Kirby...../

- Kirby, P.R., A Source Book on the Wreck of the Grosvenor East Indiaman. Saamgestel, geredigeer en geannoteer deur P.R. Kirby. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 34, Kaapstad, 1953.
- Le Riche, P.J., Memoirs of General Ben Bouwer. Geredigeer en van historiese aantekeninge en 'n inleiding voorsien deur O.J.O. Ferreira. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Bronnepublikasie nr. 9, Pretoria, 1980.
- Lichtenstein, H., Travels in Southern Africa in the Years 1803, 1804, 1805 and 1806, vols. I en II. Uit Duits vertaal, geredigeer en geannoteer deur A. Plumptre. Van Riebeeck-Vereniging, nrs. 10 en 11, Kaapstad, 1928 en 1930.
- Livingstone, D., South African Papers, 1849-1853. Geredigeer en geannoteer deur I. Schapera. Van Riebeeck-Vereniging, Tweede Reeks, nr. 5, Kaapstad, 1974.
- Main, E.M., "Letters : Lord Milner to Hamilton John Goold-Adams, 1901-1905," geannoteer en van biografiese sketse voorsien deur A. Wessels in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 5, Okt. 1978, pp. 107-156.
- Marais, A.H. (red.), Politieke Briewe, 1909-1912, dele I en II. Instituut vir Eietydse Geskiedenis, U.O.V.S., Bloemfontein, 1971 en 1973.
- McCracken, J.L., "Irish Nationalists and South Africa, 1877-1902," geannoteer en van bylaes voorsien deur A. Wessels in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 5, Okt. 1978, pp. 157-184.
- Mentzel, O.F., A Geographical-topographical description of the Cape of Good Hope. Uit Duits vertaal deur G.V. Marais en J. Hoge en geredigeer en geannoteer deur H.J. Mandelbrote. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 25, Kaapstad, 1944.
- Mentzel, O.F., Life at the Cape in the Mid-Eighteenth Century; being the biography of Rudolf Siegfried Allemann, Captain of the Military Forces and Commander of the Castle in the service of the Dutch East India Company at the Cape of Good Hope. Uit die Duits vertaal deur M. Greenlees en geannoteer deur M. Greenlees en K.M. Jeffreys. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 2, Kaapstad, 1919.
- Merriman, J.X., Selections from the Correspondence of J.X. Merriman, 1870-1890, 1890-1898, 1899-1904, 1905-1924. Geredigeer en geannoteer deur P. Lewson. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nrs. 41, 44, 47 en 50, Kaapstad, 1960, 1963, 1966 en 1969.

- Oosterhagen, H.S., Oorlogsdagboekie van H.S. Oosterhagen, Januarie - Junie 1902. Inleiding, teksversorging en aantekeninge deur C.C. Eloff. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Bronnepublikasie nr. 4, Pretoria, 1976.
- Owen, F., The Diary of Rev. F. Owen, Missionary with Dingaan in 1837-1838. Together with extracts from the writings of the interpreters in Zulu, Messrs. Hulley and Kirkman. Geredigeer deur G.E. Cory. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 7, Kaapstad, 1926.
- Paravicini de Capelli, W.B.E., Reize in de Binnen-Landen van Zuid-Africa. Geredigeer en geannoteer deur W.J. de Kock. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 46, Kaapstad, 1965.
- Penning, L., De Oorlog in Zuid-Afrika : de strijd tussen Engeland en de verbonden Boeren-Republieken Transvaal en Oranje-Vrijstaat, in zijn verloop geschetst, vols. I - III. Rotterdam, 1899- ?
- Plaatje, S.T., The Boer War Diary of Sol T. Plaatje, an African at Mafeking. Geredigeer en geannoteer deur J.L. Camaroff. Johannesburg, 1973.
- Roets, P.G.W., "Die Rebelle. Herinneringe van P.G.W. Roets," geannoteer deur N.A. Coetzee in Historia, vol. 9, nr. 2, Junie 1964, pp. 117-125.
- Ross, E., Diary of the Siege of Mafeking, October 1899 to May 1900. Geredigeer en geannoteer deur B.P. Willan. Van Riebeeck-Vereniging, Tweede Reeks, nr. 11, Kaapstad, 1980.
- Rothmann, F.L., Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse Burger te Velde, 1900-1901. Met 'n inleiding en aantekeninge deur M.E.R. Kaapstad, 1976.
- Ruijssenaers, L.C., Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers, 1899-1902. Geredigeer en geannoteer deur O.J.O. Ferreira. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Bronnepublikasie nr. 6, Pretoria, 1977.
- Shakespeare, W., Macbeth. Geredigeer deur J.H. Walter. Londen, 1969.
- Smith, A., Andrew Smith and Natal : documents relating to the early history of that province. Saamgestel, geredigeer en geannoteer deur P.R. Kirby. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 36, Kaapstad, 1955.

Smith...../

Smith, A., The Diary of Dr. Andrew Smith, director of the 'Expedition for exploring Central Africa,' 1834-6, vols. I en II. Geredigeer, geannoteer en van 'n inleiding, kaart en register voorsien deur P.R. Kirby. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nrs. 20 en 21, Kaapstad, 1939 en 1940.

South African Archival Records, Natal: Records of the Natal Executive Council, deel I, e.v.

Stanford, W., The Reminiscences of Sir Walter Stanford, vols. I en II. Geredigeer en geannoteer deur J.W. Macquarrie. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nrs. 39 en 43, Kaapstad, 1958 en 1962.

Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap: Resolusies van die Politieke Raad, deel I, e.v.

Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Oranje-Vrystaat: Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat (volledig met alle bylae daarby), deel I, e.v.

Tas, A., The Diary of Adam Tas, 1705-1706. Geredigeer deur L. Fouché, hersien deur A.J. Boëseken en in Engels vertaal deur J. Smuts. Van Riebeeck-Vereniging, Tweede Reeks, nr. 1, Kaapstad, 1970.

Thompson, G., Travels and Adventures in Southern Africa, dele I - III. Geredigeer en geannoteer deur V.S. Forbes. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nrs. 48 en 49, Kaapstad, 1967 en 1968.

Trichard, S.P.E., Geschiedenis werken en streven van S.P.E. Trichard luitenant kolonel der vroegere Staats-Artillerie Z.A.R. door hemzelve beschreven. Geredigeer en geannoteer deur O.J.O. Ferreira. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Bronne= publikasie nr. 3, Pretoria, 1975.

Tucker, F.G., Private Tucker's Boer War Diary. The Transvaal War of 1899, 1900, 1901 and 1902 with the Natal Field Force. Saamgestel en ontwerp deur P. Todd en D. Fordham. Londen, 1980.

Uchimura, K., "The Anglo-Boer War, 1899-1902, seen through the eyes of the famous Japanese author, Kanzo Uchimura," in Engels vertaal deur T. Inoue in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 5, Okt. 1978, pp. 65-106.

Uitenhage de Mist, J.P.A., Diary of the Journey to the Cape of Good Hope and the Interior of Africa in 1802 and 1803. Amsterdam en Kaapstad, 1954.

Valentyn...../

- Valentyn, F., Beskrywing van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende, dele I en II. In Engels vertaal deur R. Raven-Hart; deel I deur P. Serton, W.J. de Kock, R. Raven-Hart en E.H. Raidt geredigee en geannoteer; deel II deur E.H. Raidt geredigee en geannoteer. Van Riebeeck-Vereniging, Tweede Reeks, nrs. 2 en 4, Kaapstad, 1971 en 1973.
- Van der Merwe, H.J.J.M., Scheepsjournaal en de Daghregister (Fragmente uit 17de-eeuse Nederlandse skeepsjoernale, 'n verkorte weergawe van Jan van Riebeeck se Daghregister volgens die Kaapse teks, die Dagboek van Francois de Cuiper, 1725, en uittreksels uit Lewies Trigardt se Dagboek.) Tekste byeengebring, versorg en van aantekeninge en 'n glossarium voorsien deur H.J.J.M. van der Merwe. Pretoria, 1964.
- Van Niekerk, H.H., "Dagboek van Hugo H. van Niekerk," geredigee en geannoteer deur M.C.E. van Schoor in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 1, Okt. 1972, pp. 5-207.
- Van Riebeeck, J.A., Daghregister gehouden by den Oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck, dele I - III. Teksvorsing en taalkundige aantekeninge deur D.B. Bosman, geskiedkundige aantekeninge deur H.B. Thom. Kaapstad, 1952-1957.
- Van Schoor, M.C.E., "Dépêches van die Russiese attaches, kol. Stakhovitch en lt. kol. Gurko," uit Russies vertaal deur E. William-Foxcroft en geannoteer deur M.C.E. van Schoor in Van Schoor, M.C.E. (red.), Christiaan de Wet-Annale, nr. 3, Okt. 1975, pp. 123-201.
- Van Schoor, M.C.E., Spotprente uit die Anglo-Boereoorlog. Kaapstad, 1981.
- Winterbach, J.C., "Die Herinneringe van Kommandant J. Carel Winterbach (1850-1907)," geannoteer deur B.V. Lombaard in Historiese Studies, vol. 5, nr. 3, September 1944, pp. 127-152.
- Witbooi, H., Die Dagboek van Hendrik Witbooi, Kaptein van die Witbooi-Hottentotte, 1884-1905. Geredigee en geannoteer deur P. Bruchhausen en lede van die Suidwes-Afrika Wetenskaplike Vereniging, Windhoek, en van 'n voorwoord voorsien deur G. Voights. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste Reeks, nr. 9, Kaapstad, 1929.
- Witbooi, H., "Vyf ongepubliseerde Briewe van Hendrik Witbooi," geannoteer deur W.J. de Kock in Historiese Studies, vol. 6, nr. 4, Desember 1945, pp. 195-212.
- Wright, H.M. (red.), Sir James Rose Innes : Selected Correspondence (1884-1902). Van Riebeeck-Vereniging, Nuwe Reeks, nr. 3, Kaapstad, 1972.

OPSOMMING

In die lig van die feit dat talle geannoteerde tekste reeds gepubliseer is, maar die annoteringsproses selde indien ooit enige aandag geniet, word met hierdie verhandeling historiografiese annotering deur 'n metodologiese ondersoek onder die vergrootglas geplaas.

Ten einde die teorie en praktyk van annotering nader toe te lig, het die volgende vrae as uitgangspunt gedien:

Wat is annotering? Wat is die taak van annotering? Wat is die waarde van annotering? Wat word geannoteer? Wie kan annoteer? Wat is die beginsels, metode en tegniek van annotering? Watter plek neem historiografiese annotering binne die geskiedenis-as-wetenskap in? Wat is die stand van annotering t.o.v. die Suid-Afrikaanse historiografie?

'n Groot aantal geannoteerde en gepubliseerde tekste is bestudeer en in verband gebring met literatuur oor die teoretiese en metodologiese aspekte van wetenskaplike geskiedskrywing.

Dit het geblyk dat annotering as werksprosedure 'n proses is waardeur 'n gegewe teks van kritiese, skriftelike, aanvullende, verklarende, verduidelikende en ophelderende aantekeninge of opmerkings voorsien word, sodat dit in beter perspektief geplaas word en dus vir 'n groter aantal persone duidelik en betekenisvol leesbaar sal wees.

Die primêre taak van annotering is om gegewens in die teks te kontroleer. Die sekondêre taak is om die teks in sy geheel in beter perspektief te plaas en dit histories te anker.

'n Verskeidenheid bronne kan geannoteer word. Alles wat annoteerbaar is, is egter nie annoteerwaardig nie. Die annoteerder moet oor 'n basiese kennis van die geskiedenis-as-wetenskap en historiese metode beskik, en moet met sy

annotering...../

annotering eerlik en verantwoordelik wees. Vir beide die doelbewuste en toevallige leser word geannoteer.

Die beginsels van annotering is vas en algemeen-geldend onder alle omstandighede. Ook die metode van annotering is vas. Die tegniek van annotering is die praktiese annoteringsproses en mag wissel volgens die aard en omvang van die teks onder annotering. Dit is moeilik om vaste reëls vir annotering neer te lê. Die aard, omvang en inhoud van die teks is uiteindelik bepalend. Die beginsels, metode en tegniek van annotering blyk onderskeibaar te wees, maar is nooit skeibaar nie.

Soos in geskiedskrywing in die algemeen, is by annotering ook 'n element van subjektiwiteit aanwesig. Geen twee persone annoteer gevolglik dieselfde teks op dieselfde wyse nie. Dit kan nie as 'n fout gereken word nie, behalwe as die annoteerder hom aan subjektivisme skuldig maak.

Korrekte historiografiese annotering voldoen in wese aan die eise van wetenskaplike geskiedskrywing. Annotering is na vorm en inhoud 'n unieke, besonderse maar ook anderse soort geskiedskrywing. Die terrein waarop die annoteerder beweeg is dieselfde as dié van die gewone historikus.
